# RIGLYNE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N INTERVENSIEPROGRAM GERIG OP DIE JEUGOORTREDER IN DIE GEVANGENIS

deur

**CINDY CELLIERS**

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Maatskaplike werk (rigting Welsynsprogrambestuur) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Pectora roborant cultus recti

**STUDIELEIER: PROF. J. CRONJé**

Stellenbosch

Maart 2002

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

Jeugoortreders het sekere karaktereienskappe wat hul van wetsgehoorsame jeugdiges onderskei. Hierdie karaktertrekke, tesame met die gevangeniskultuur waarbinne hul gesosialiseer word, veroorsaak disfunksionele ontwikkeling wat weer na residivisme kan lei. Om volgens 'n ekologiese perspektief intervensie met hierdie kliëntsisteem te benader, is dit eerstens noodsaaklik dat die maatskaplike werker die profiel van die jeugmisdadiger ken. Tweedens is dit nodig dat die werker die impak van die gevangenisomgewing op die jeugdige verstaan. Derdens is dit belangrik dat die werker weet hoe hierdie faktore op die hulpverleningsproses kan impakteer en ook bewus moet wees van verskeie metodes om die jeugdige in die gevangenis se maatskaplike funksionering te beïnvloed.

Hierdie studie bevat kenmerke van al drie die erkende navorsingsdoelstellings, naamlik verkenning, beskrywing en verklaring. Die ondersoek het ten doel om 'n wetenskaplik gefundeerde raamwerk daar te stel vir die ontwikkeling van 'n intervensiestrategie ten opsigte van jeugmisdadigers in die gevangenis, ten einde funksionele maatskaplike funksionering mee te bring en sodoende residivisme te verminder. Die profiel van die jeugmisdadiger en die impak van die omgewing op sy ontwikkeling is deur middel van onderhoude bepaal en beskryf in terme van die invloed wat dit op die intervensieproses kan hê. Respondente in die navorsing het uit elf vrygelate jeugmisdadigers bestaan.

Gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak wat onder andere gefokus het op die verskeie fases in die groepwerkproses en ontwikkeling van kennis oor die betrokke kliëntsisteem. Hierdie navorsingsverslag sal deur maatskaplike werkers benut kan word vir effektiewe hulpverlening aan jeugdiges in die gevangenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# SUMMARY

Juvenile offenders have certain characteristics, which separate them from the law abiding young people. These characteristics, together with the subcultures inside prison in which they become socialized, can cause dysfunctional development, which in turn can lead to recidivism. To approach this client system and plan intervention according to the ecological perspective, the social worker needs to be equipped with a certain knowledge base. Firstly, knowledge is necessary about the profile of the juvenile offender. Secondly, the social worker has to understand the impact that a prison environment can have on the juvenile. Thirdly, it is also important that the worker knows how these factors can influence the intervention process and also be aware of different methods to strengthen the social functioning of the juvenile in prison.

This study endeavours to create a scientifically based framework for the development of a strategy for intervention with the juvenile offender, in order to bring about appropriate social functioning and by doing this, reduce recidivism. The research includes aspects of all three the recognized types of research, namely: exploratory, descriptive and explanatory. The profile of the juvenile offender, as well as ways in which the prison environment impacts on his development was determined by means of interviews and described in terms of the effect it might have on the intervention process. The respondents consisted of 11 ex juvenile offenders.

Conclusions and recommendations were made which focussed, amongst others, on the various phases in the group work process and the development of knowledge regarding the juvenile offender. This research report can be utilized by social workers for effective intervention with juvenile offenders in prison.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


## DANKBETUIGINGS

**My opregte dank en waardering word hiermee betuig aan die volgende persone en instansies:**

Aan my hemelse Vader wat vir my die krag en leiding gegee het om die projek te voltooi.

Professor J. Cronjé vir sy studieleiding.

Aan die Universiteit van Stellenbosch vir finansiële ondersteuning.

NICRO vir hul toestemming om die studie by hulle te onderneem.

Jennifer Msutwana vir haar hulp met die voer van onderhoude.

Ria Crafford vir die taalversorging.

Aan my ouers vir hul belangstelling, ondersteuning en motivering.

My man Marius vir die tegniese versorging van die navorsingsverslag asook sy opofferings en geduld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**

## HOOFSTUK EEN

## INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE 1

1.2 VOORAFSTUDIE 2

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE 5

1.4 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD 5

1.5 NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE 6

1.6 DATAVERWERKINGSPROSEDURE 9

1.7 AANBIEDING VAN DIE ONDERSOEK 9

## HOOFSTUK TWEE

## PROFIEL VAN DIE JEUGOORTREDER VANUIT 'N EKOLOGIESE PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING 11

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



2.2 HISTORIESE OORSIG VAN NAVORSING OOR DIE JEUGOORTREDER 12

2.3 DIE EKOLOGIESE BENADERING BINNE DIE GEVANGENIS 13

2.4 ONTWIKKELING VAN DIE JEUGDIGE 15

2.4.1 Die ouderdomskategorieë van die jeugdige 16

2.4.2 Ontwikkelings take van die adolessent 17

2.5 KARAKTERTREKKE VAN DIE JEUGMISDADIGER 18

2.5.1 Selfkonsep 19

2.5.2 Spesifieke vermoëns van die jeugmisdadiger 20
2.5.2.1 Magspel 20
2.5.2.2 Geslote of eenrigtingkommunikasie 21
2.5.2.3 Energie 21
2.5.2.4 Valse trots 21
2.5.2.5 Ontheffing 22

2.5.3 Spesifieke onvermoëns van die jeugmisdadiger 22
2.5.3.1 Gebrekkige verantwoordelikheid 22
2.5.3.2 Afwesigheid van empatie en rolaanvaarding 23
2.5.3.3 Onontwikkelde kognitiewe onvermoëns 23

2.5.4 Tekort aan selfhandhawingsvaardighede 25

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



2.6 SAMEVATTING 25

**HOOFSTUK DRIE**

**DIE JEUGMISDADIGER SE AANPASSING BINNE DIE GEVANGENIS**

3.1 INLEIDING 27

3.2 DIE FISIESE GEVANGENISOMGEWING 28

3.2.1 Realiteite in die praktyk 29

3.2.2 Die fisiese omgewing 30

3.2.3 Die impak van die fisiese omgewing 31
3.2.3.1 Die verliesimplikasie 32
3.2.3.2 Verlies aan 'n gesin 32
3.2.3.3 Verlange huis toe 33

3.3 DIE SOSIOKULTURELE GEVANGENISOMGEWING 35

3.3.1 Subkultuur 35

3.3.2 Geweld en aggressie 36

3.3.3 Middelmisbruik 36

3.3.4 Die impak van die sosiokulturele omgewing 36
3.3.4.1 Die gevangenissubkultuur 37

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



3.3.4.2 Sosiale strukture binne die gevangenis 38

(a) "Toughs" 39

(b) Lokvinke 39

(c) Stil tipe 40

(d) "Bushboys" 40

(e) Sondebokke 40

3.3.4.3 Geweld en aggressie binne die gevangenis 41

3.3.4.4 Middelmisbruik in die gevangenis 43

3.3.4.5 Stres 44

3.4 DIE JEUGDIGE SE REAKSIE OP INSTITUSIONALISERING 44

3.4.1 Aanpassing in die gevangenis 45

3.4.1.1 Konformeerders 45

3.4.1.2 Innoveerders 45

3.4.1.3 Rituleerders 46

3.4.1.4 Terugtrekkers 46

3.4.1.5 Rebelle 46

3.5 DIE IMPAK VAN DIE GEVANGENISOMGEWING OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE JEUGDIGE EN IMPLIKASIES VIR HERINTEGRERING IN DIE GEMEENSKAP 47

3.6 SAMEVATTING 50

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## HOOFSTUK VIER

## MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE AAN JEUGMISDADIGERS BINNE DIE GEVANGENIS

4.1 INLEIDING 51

4.2 DOEL VAN MAATSKAPLIKE WERK DIENSLEWERING BINNE DIE GEVANGENIS 52

4.3 NICRO SE "TOUGH ENOUGH" PROGRAM 52

4.4 IMPLIKASIES VIR MAATSKAPLIKE WERK HULPVERLENING 54

4.4.1 Selfkonsep 55

4.4.2 Magspel 56

4.4.3 Geslote of eenrigtingkommunikasie 56

4.4.4 Energie 57

4.4.5 Valse trots 58

4.4.6 Ontheffing 58

4.4.7 Verantwoordelikheid 59

4.4.8 Empatie en rolaanvaarding 59

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



4.4.9 Kognitiewe vermoëns 60

4.4.10 Selfhandhawing 61

4.4.11 Aanpassing 63

4.5 GROEPWERK BINNE DIE GEVANGENIS 64

4.5.1 Werk met groepe binne sosiaal beheerde situasies 65
4.5.1.1 Voorgroep 65
4.5.1.2 Groepformasie 66
4.5.1.3 Strewe na doelbereiking 67
4.5.1.4 Evaluering 69

4.5.2 Werk met groepe vir rehabilitasie 70
4.5.2.1 Voorgroep 70
4.5.2.2 Groepformasie 71
4.5.2.3 Strewe na doelbereiking 72
4.5.2.4 Evaluering 73

4.5.3 Groepwerk met onderdrukte groepe 74
4.5.3.1 Voorgroep 74
4.5.3.2 Groepformasie 76
4.5.3.3 Strewe na doelbereiking 77
4.5.3.4 Evaluering 78

4.5.4 Groepwerk vir identiteitsontwikkeling 78
4.5.4.1 Voorgroep 78
4.5.4.2 Groepformasie 79
4.5.4.3 Strewe na doelbereiking 80

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



4.5.4.4 Evaluering 81

4.6 SAMEVATTING 81

**HOOFSTUK VYF**

**'N ANALISERING VAN DIE JEUGMISDADIGER IN DIE GEVANGENIS**

5.1 INLEIDING 83

5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK 83

5.2.1 Steekproefneming en inligtinginsameling 84

5.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK 84

5.3.1 Identifiserende besonderhede 85

5.3.1.1 Ouderdomsverspreiding 85

5.3.2 Die profiel van die jeugmisdadiger 87

5.3.2.1 Vroeë adolessensie 87

5.3.2.2 Laat adolessensie en vroeë volwasse ontwikkelingsfase 88

5.3.2.3 Selfkonsep 95

5.3.2.4 Behoefte aan besluitneming 99

5.3.2.5 Vermoëns en onvermoëns 103

5.3.2.6 Selfhandhawing 106

5.3.3 Die impak van die omgewing 108

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



5.3.3.1 Huisvesting voor en na gevangenissetting en die rol van die familie 108
5.3.3.2 Verlange huis toe 113
5.3.3.3 Aanpassing in die gevangenis 115
5.3.3.4 Sosiale strukture 119
5.3.3.5 Geweld en aggressie 124
5.3.3.6 Middelmisbruik 126
5.3.3.7 Gevolge van gevangenisstraf 127

5.4 SAMEVATTING 129

**HOOFSTUK SES**

**GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

6.1 INLEIDING 131

6.2 GEVOLGTREKKINGS 131

6.2.1 Identifiserende besonderhede 131

6.2.2 Die persoon 132
6.2.2.1 Ontwikkeling 132
6.2.2.2 Karaktereienskappe 132

6.2.3 Impak van die gevangenisomgewing 134
6.2.3.1 Verwydering uit tuiste 134
6.2.3.2 Aanpassing in die gevangenis 135
6.2.3.3 Impak van die sosiokulturele omgewing 135
(a) Middelmisbruik 135

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(b) Geweld en aggressie 136

6.2.4 Gevolge van gevangenisstraf 136

6.3 AANBEVELINGS 136

6.3.1 Tydsberekening 136

6.3.2 Assessering 137

6.3.3 Keuse van groepwerkmetode 138

6.3.4 Voorgroepfase 138

6.3.5 Kontakfase 139

6.3.6 Kontrakfase 139

6.3.7 Intervensiefase 140

6.3.8 Volgehoue evaluering 140

6.3.9 Termineringsfase 141

6.3.10 Familiebetrokkenheid 141

6.3.11 Indiensopleiding van professionele persone 141

6.3.12 Benutting van die navorsingsverslag 142

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



6.3.13 Verdere navorsing 142

**BIBLIOGRAFIE**

BYLAE 1: ASSESSERINGSVORM (NICRO)

BYLAE 2: ONDERHOUD SKEDULE

**LYS VAN TABELLE**

Tabel 5.1 Beskrywing van veroudinge met persone van die teenoorgestelde geslag

Tabel 5.2 Deel van gevoelens in die gevangenis

Tabel 5.3 Selfsiening en siening deur ander

Tabel 5.4 Onlangse optredes

Tabel 5.5 Houding wanneer besluite vir hom gemaak word

Tabel 5.6 Vermoëns en onvermoëns

Tabel 5.7 Vaardigheid om verhoudings te inisiëer binne die gevangenis

Tabel 5.8 Rol van die familie in die respondent se lewe

Tabel 5.9 Verhoudings aangemoedig deur maatskaplike werkers

Tabel 5.10 Verlange huis toe

Tabel 5.11 Simptome ervaar tydens gevangenissetting

Tabel 5.12 Ervaring van teenstrydige kragte wat inwerk op die jeugmisdadiger

Tabel 5.13 Sosiale strukture binne die gevangenis

Tabel 5.14 Redes vir middelmisbruik

Tabel 5.15 Verbeterde aanpassing

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**LYS VAN FIGURE**

Figuur 5.1 Huidige ouderdomsverspreiding van die respondente-
Figuur 5.2 Ouderdomsverspreiding in aanvang van gevangenissetting
Figuur 5.3 Optredes in verskillende rolle
Figuur 5.4 Hoeveelheid veroudinge met persone van die teenoorgestelde geslag
Figuur 5.5 Vertroue van ander persone
Figuur 5.6 Deel van gevoelens
Figuur 5.7 Bereidwilligheid van ander om persoonlike probleme te deel
Figuur 5.8 Reaksie van respondent wanneer ander persoonlike probleme deel
Figuur 5.9 Houding oor self
Figuur 5.10 Wyses waarop druk hanteer word
Figuur 5.11 Behoefte aan besluitneming
Figuur 5.12 Frustrasie as gevolg van die verliesimplikasie
Figuur 5.13 Effek van verliesimplikasie op hulpverlening
Figuur 5.14 Selfhandhawing
Figuur 5.15 Huisvesting voor en na gevangenissetting
Figuur 5.16 Tevredenheid met familie ondersteuning
Figuur 5.17 Aanmoediging van familiekontak tydens gevangenissetting
Figuur 5.18 Graad van verwydering
Figuur 5.19 Verlange huis toe
Figuur 5.20 Aanpassingskategorieë
Figuur 5.21 Bende betrokkenheid
Figuur 5.22 Belangrikheid om aan 'n groep te behoort
Figuur 5.23 Vereistes vir lidmaadskap aan 'n groep en mate van seggenskap
Figuur 5.24 Bevraagtekening van leier se optredes
Figuur 5.25 Invloed van sosiale strukture op maatskaplike werk hulpverlening
Figuur 5.26 Rede vir die hoeveelheid aggressie binne die gevangenis
Figuur 5.27 Middelmisbruik onder die respondente

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 5.28 Gevolge van gevangenisstraf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK EEN

# INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

## 1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Talle jongmense beweeg deur die strafregstelsel in Suid-Afrika. Sedert die afskaffing van lyfstraf in 1995, was daar 'n toename van 30% in gevangenisstraf as 'n vonnis vir jeugdiges. Die Suid-Afrikaanse Regering se verbintenis tot gemeenskapsgebaseerde strawwe, soos die verwysing van jeugoortreders na afwendingsprogramme, word nie uitgevoer nie (Shapiro in Muntingh & Shapiro, 1997:15). 'n Toename in die hoeveelheid gevalle wat verwys word na die nasionale instituut vir misdaadvoorkoming en die herintegrasie van oortreders (NICRO) se afwendingsprogramme moet gemeld word, maar is steeds nie na verwagting nie. Die hoeveelheid gevalle wat landswyd verwys word is steeds onder 5% van die veroordeeldes (Shapiro in Muntingh & Shapiro, 1997:15).

Die stygende probleem van kinders wat betrokke raak by misdaad is vandag een van die ernstigste kwessies op die agenda vir openbare beleid. Op 31 Januarie 1995 was daar 'n totaal van 675 gevonnisde kinders onder die ouderdom van 18, en 8 619 gevonnisde jeugdiges tussen die ouderdom van 18 en 21 (White Paper for Social Welfare, 1997:87). Die statistiek is kommerwekkend weens die noue verband tussen jeugoortredings en residivismesyfers. Daar is heelwat aanduidings dat jeugoortreders in groot mate residiviste word, of andersom, dat residivisme in groot mate na jeugoortredings teruggevoer kan word (Cronjé, Van der Walt, Retief, & Naudé, 1982:16). Hierdie bevindinge word ondersteun deur 'n meer resente studie gedoen deur die Amerikaanse Regering, wat ook bevind het dat ouderdom 'n beduidende rol speel in heroortredingstatistiek. Hul ondervinding was dat die jeugmisdadiger beide meer en binne 'n korter tydperk na vrylating uit die gevangenis heroortree, in teenstelling met die volwasse misdadiger (http:/www.dc.state.fl.us/pub/recidivism/exec.html).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



NICRO het 'n evaluerende ondersoek gedoen in 1998, waarin een van die primêre doelstellings was om die residivismekoers te bepaal van jeugoortreders wat tot afwendingsprogramme eerder as gevangenisstraf gevonnis is. Daar is bevind dat 'n baie klein persentasie (slegs 6.7%) van die jeugoortreders heroortree het binne twaalf maande na afloop van die program (Muntingh, 1998:11; 40). Wanneer hierdie bevinding vergelyk word met residivismestatistiek van die Kriminele Rekord Sentrum van die Suid-Afrikaanse Polisiedienste (SAPD) is 'n duidelike verskil waarneembaar. Volgens die polisie sal meer as die helfte van die oortreders tans in die gevangenis, weer misdaad pleeg na vrylating (Prinsloo, 1996:25).

Navorsing toon dus 'n noue verband tussen residivisme en ouderdom. Daar is ook bewyse van laer heroortredingsyfers indien jeugdiges betrek word by afwendingsprogramme eerder as gevangenisstraf. Gegrond op hierdie bevindinge is die navorser van mening dat 'n oorsaaklike faktor vir jeugresidivisme moontlik by die impak van gevangenisstraf gesoek kan word. Hierdie stelling word ondersteun deur Shapiro (in Muntingh & Shapiro, 1997:14) wat meld dat die strafregstelsel die meeste jongmense nie op so 'n wyse vir hul dade verantwoordelik hou dat hulle toegelaat word om verskoning te vra, die skade te herstel en planne te maak om heroortreding te voorkom nie. Wat wel gebeur, is dat hulle deur hulle ervaring meer gehard word en meer bereid is om hul misdadige gedrag te herhaal.

## 1.2 VOORAFSTUDIE

Volgens NICRO is een van die grootste uitdagings wat aan mense gestel word wanneer hul die wet oortree het, om weereens konstruktiewe, bydraende burgers te word (NICRO pamflet). Die navorser is van mening dat in die geval van 'n jeugdige wat tyd spandeer het in 'n sel in die gevangenis, hierdie uitdaging selfs moeiliker word. Die gevolg daarvan is 'n terugkeer na 'n lewe van misdaad. Dit is die gevangenisomgewing waarbinne die jeugdige gesosialiseer word wat, na die navorser se mening, herintegrering bemoeilik weens die implikasies wat dit vir die ontwikkeling van die jeugdige inhou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die jeugjare maak 'n kritiese deel uit van elke individu se ontwikkeling. Hierdie lewensfase word veral deur identiteitsvorming gekenmerk. Craig (1996:430) beskryf adolessensie en vroeë volwassenheid as 'n kritieke oorgangsperiode waarin die kind ontwikkel in 'n volwassene. In hierdie tyd kyk die jeugdige terug na sy gedrag van die verlede, inkorporeer dit met die realiteite van die hede en projekteer dit na die toekoms en die persoon wat hy sal word. Die gedrag van die verlede was egter disfunksioneel en die realiteite van die hede vir 'n jeugdige in die gevangenis is alles behalwe positief. In 'n onafhanklike verslag geskryf deur "*The Children's Rights Research and Advocacy Project*" (1992:3) word die onaangename toestande beskryf waarin die jeugdiges aangehou word. Toestande gekenmerk deur die afwesigheid van menslikheid en deernis lei na die afbreek van die jeugdige se menswaardigheid in alle opsigte – fisies, geestelik en emosioneel.

Aandag moet ook gegee word aan die omvang en nagevolge van die die impak wat die gevangeniskultuur het op die jeugdige se sosialisering. Die jeugdige word met sy opname in die gevangenis vir die tydperk van sy straf fisies van sy gesin, betekenisvolle ander en bekende omgewing afgesonder. Kontak word beperk tot die toegelate aantal besoeke, telefoonoproepe en briewe. Gevolglik word die rol wat die gesin en omgewing vervul, met betrekking tot die ontwikkeling van die jeugdige, vervang deur die gevangeniskultuur en subkulture, met die gevolg dat disfunksionele ontwikkeling kan plaasvind.

Ferrara (1992:15) bring aan die lig dat jeugmisdadigers oor sekere karaktereienskappe beskik wat hul van wertgehoorsame jeugdiges onderskei. Hierdie karaktereienskappe speel 'n deurslaggewende rol in die wyse waarop die jeugdige aanpas in die gevangenisomgewing en het ook 'n invloed op die gevangene se toeganklikheid en reaksie op intervensie. Die omgewing het egter ook 'n impak op die vorming van bepaalde karaktereienskapppe (Newberger, 2000:1). Hierdie karaktereienskappe is geïdenteifiseer in 'n Amerikaanse studie, gevolglik sal die navorser in hierdie ondersoek ook poog om die aangeduide eienskappe te bevestig, al dan nie, in terme van die Suid-Afrikaanse jeugmisdadiger.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Maatskaplike werkers vorm 'n integrale deel van die multidissiplinêre span wat binne breed gedefinieerde doelstellings na die gevangene moet omsien (Neser, 1989; Howes, 1996:33). Maatskaplike werk speel ook per definisie 'n belangrike rol in die rehabilitasie van jeugoortreeders. Mazibuko (1996:153) meen dat maatskaplike werk 'n verskeidenheid funksies vervul wat die volgende insluit: die bevordering van lewensgehalte, sosiale ontwikkeling, bemagtiging, rehabilitasie, voorkoming van probleme en die bevordering van geleenthede. Lombard (1996:163) beskou maatskaplike werk as 'n breë term wat ekonomiese, maatskaplike, politieke, fisiese, psigiese, emosionele, geestelike, rekreasie en gesondheidsaspekte van die mens aan mekaar verbind om hom tot selfaktualisering aan te moedig. Die navorser meen dat gewone generiese opleiding in maatskaplike werk onvoldoende is om in hierdie spesialiteitsveld die beste moontlike resultate te verkry. Ten einde suksesvolle hulpverlening binne die gevangenis toe te pas is dit nodig dat maatskaplike werkers die individu in sy omgewing verstaan. Om residivisme te voorkom, moet intervensiemetodes binne die gevangenis gebaseer word - wel met in agnememing van die persoon-in-omgewing, maar daar moet erken word dat dit juis die gevangenis is waarbinne die gedrag aangeleer word wat herintegrering bemoeilik en dus residivisme bevorder. Die omgewingsdeel van hierdie perspektief moet dus gesien word as die wanfunksionerende gevangenis, en nie die geïdealiserde buitewêreld nie.

Met inagneming van die veiligheidsomstandighede en –implikasies asook ander organisatoriese maatreëls verbonde aan gevangenisse wat beperkend is vir hulpverlening, is die navorser gemotiveer deur 'n sterk geloof in maatskaplike werk as professie om met hierdie navorsing die hulpverlening aan, ontslagvoorbereiding van en nasorgprogramme vir jeugmisdadigers opnuut in perspektief te plaas. Daar sal in hierdie studie gefokus word op die impak wat die gevangenisomgewing het op die ontwikkeling van die jeugdige. Wanaanpassing in hierdie kritiese ontwikkelingsfase sal impakteer op verdere ontwikkeling en die hantering van ontwikkelingstake (Craig, 1996). 'n Wanaangepaste jeugdige kan lei tot 'n wanaangepaste volwassene oor die lang termyn, of dien as oorsaak van residivisme oor die kort termyn. Vervolgens het hierdie ondersoek drie fokuspunte,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



naamlik: die persoon – hoe lyk die jeugdige, sy ontwikkeling en spesifieke karaktertrekke; die gevangenis – die fisiese sowel as sosiokulturele omgewing van die gevangenis en die impak van die omgewing op die persoon; en maatskaplike werk intervensie – huidige programme, hoe die persoon en omgewing 'n impak kan hê op die proses en wat die literatuur voorstel. Ten einde dit te bereik, word die ekologiese benadering as vertrekpunt gebruik. Die ekologiese benadering lê klem op die persoon-in-omgewing interaksie. Ten einde die passing te verbeter tussen die persoon en sy omgewing, is dit nodig om beide die persoon en sy omgewing te verstaan (Germain & Gitterman, 1996).

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie *is om riglyne daar te stel vir die ontwikkeling van 'n intervensieprogram gerig op die jeugoortreder binne die gevangenis.*

Ten einde die beoogde doel van die studie te bereik, is die volgende doelwitte geïdentifiseer:

- om 'n profiel van die jeugoortreder daar te stel ten einde begrip te verhoog oor die betrokke kliëntsisteem.
- om ondersoek in te stel na beide die fisiese en sosiokulturele omgewing van die gevangenis ten einde sleutelkenmerke te identifiseer wat impakteer op die jeugmisdadiger se ontwikkeling.
- om bestaande intervensiestrategieë te bespreek en literatuur te evalueer aan die hand van die jeugmisdadiger se profiel.

## 1.4 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD

Ten einde die doelwitte van die ondersoek te bereik, word 'n aantal grense en beperkinge op die studie geplaas. Die area van navorsing is die jeugmisdadigers in Suid-Afrika wat tans en in die verlede 'n gevangenissetting uitgedien het. Die teikengroep is manlike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



jeugmisdadigers wat binne die afgelope ses maande vrygelaat is vanuit Pollsmoor Bevelsarea na die uitdiening van 'n gevangenissetting en wat tans betrek is by NICRO se nasorgprogram. Die diensveld waarop hierdie navorsing betrekking het, kan geklassifiseer word as groepwerk binne die gevangenis aan jeugoortreders.

NICRO is betrokke by Pollsmoor Bevelsarea in die lewering van groepwerk binne die gevangenis, asook by nasorgprogramme vir vrygelate jeugoortreders. Om hierdie rede is daar besluit om op dienslewering by Pollsmoor Bevelsarea te fokus. Gevangenisse word grootliks vanuit die onmiddellike omgewing van gevangenes voorsien, met die gevolg dat hulle geografies goed versprei is en die ewekansigheid van die studie dus nie belemmer sal word nie. Alhoewel die bevindinge van hierdie studie nie verteenwoordigend van alle jeugoortreders in Suid-Afrika kan wees nie, vanweë faktore soos kulturele en geloofsverskille by jeugmisdadigers, kan hierdie studie benut word deur maatskaplike werkers wat betrokke is by die lewering van groepwerk binne die Suid-Afrikaanse gevangenisse.

## 1.5 NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

Hierdie navorsing is gedoen om meer kennis oor die jeugoortreder en die impak van die gevangenis op die jeugdige se ontwikkeling te bekom en om die hantering daarvan deur middel van groepwerk binne die gevangenis te ondersoek. Wanneer daar in die geheel gelet word op die navorsing is dit moeilik om dit aan slegs 'n enkele navorsingsdoelstelling uit die moontlikheid van die drie algemeen erkende doelstellings, naamlik verkennende, beskrywende of verklarende navorsing, te koppel (Arkava & Lane, 1983). Grinnell en Williams (1990:140) sien 'n besondere kousale verband tussen hierdie doelstellings, en meen hulle vorm stappe in 'n opeenvolgende proses. Die ondersoek bevat derhalwe kenmerke van al drie hierdie doelstellings.

Die verkennende aspek van die navorsing het ten doel om nuwe insigte oor die impak van die gevangenisomgewing op die jeugdige se ontwikkeling na vore te bring (Mouton, 2001). Weens onvoldoende literatuur oor die onderwerp, het die navorser nie oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



voldoende objektiewe inligting beskik oor die aard van die probleem nie. 'n Objektiewe beskrywing van die probleem was nodig voordat voorstelle vir die oplossing van die probleem gemaak kon word (Babbie, 1998:90). In die navorsingsproses is daar ook gepoog om die implikasies wat gevangenisstraf vir die ontwikkeling van die jeugdige inhou, akkuraat en noukeurig te beskryf en dit is in lyn met die doelstellings van beskrywende navorsing (Babbie, 1998:92; Vaktaalkommitee vir maatskaplike werk, 1995). Die verband wat bestaan tussen die impak van gevangenisstraf op die ontwikkeling van die jeugdige en heroortreding het as aanvanklike motivering vir die studie gedien en word deurgaans uitgewys. Laasgenoemde vorm die verklarende deel van die studie (Arkawa & Lane, 1983; Vaktaalkommitee vir maatskaplike werk, 1995). In lyn met die doelstelling van die ondersoek, is ook toepassing as doel ter sprake, aangesien die navorser riglyne daarstel vir die oplossing van die probleem (Vaktaalkommitee vir maatskaplike werk, 1995).

Beide 'n literatuur- en empiriese ondersoek is met betrekking tot hierdie studie gedoen. Primêre en sekondêre literatuurbronne is met behulp van vakreferentedienste, rekenaarsoektogte en outeur- en titelkatalogusse by verskeie biblioteke geïdentifiseer. Buitelandse vakliteratuur, maar ook resente Suid-Afrikaanse vakliteratuur is benut. Die literatuurstudie het die navorser se kennis van en insig in die gekose studieveld uitgebrei en ook gedien as die grondslag vir die empiriese navorsing. Persoonlike kontak het ook deel gevorm van die primêre navorsing en het inligting met betrekking tot NICRO se huidige intervensiestrategieë meegebring.

Die ondersoek is geografies tot die werksarea van NICRO Mitchellsplein beperk, aangesien hierdie organisasie die hele Wes-Kaap bedien. Daar is gefokus op jong manlike oortreders (onder die ouderdom van 21) wat binne die vorige ses maande vrygelaat is uit die gevangenis. Daar is op hierdie bevolking besluit weens hul eerstehandse ervaring van die lewe in die gevangenis, asook die feit dat hulle die uitdaging van herintegrering in die breër gemeenskap ervaar het. Daar is gefokus op jong manlike oortreders omdat dit die demografiese groep is wat die grootste risiko loop om misdaad te pleeg in Suid-Afrika (Gray, 1999:375), en beide vinniger en op 'n jonger

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ouderdom as vroue heroortree (Prinsloo, 1996:26). Hierdie vrygelate manlike jeugoortreders is dus die universum van die studie. Vir die doel van hierdie studie kan die resultate en bevindinge dus vanaf die universum na die populasie veralgemeen word (Williams, Tutty & Grinnell, 1995).

Vanweë die wye geografiese verspreiding en gepaardgaande koste en tyd wat nodig sou wees om alle vrygelate jeugoortreders aan die ondersoek te onderwerp is daar van nie-waarskynlikheidseleksie gebruik gemaak om die universum te bepaal,. 'n Doelbewuste steekproef van elf vrygelate jeugdiges is gedoen. 'n Doelbewuste steekproef is ooreenkomstig Arkawa en Lane (1983:15) gekies, aangesien die navorser oor toepaslike kennis van die universum beskik en weet dat die universum aan die eienskappe wat getoets word, voldoen.

Die gekose ondersoekmetode vir hierdie studie was persoonlike onderhoude (soos beskryf deur Babbie, 1998:290). Hierdie metode bied verskeie voordele. Dit verseker 'n hoër respons as vraelyste, dit laat toe vir meer in-diepte vrae, en waarneming is moontlik. Die onderhoude het verloop aan die hand van 'n onderhoudskedule wat beide oop en geslote vrae ingesluit het. Die skedule is aan 'n voorondersoek onderwerp ten einde probleme vroegtydig te identifiseer met die oog op die uitskakeling daarvan tydens amptelike onderhoudvoering. Die navorser het aanvanklik onderhoude met twee jeugdiges gevoer. Hierdie jeugdiges is nie by die amptelike ondersoek betrek nie.

Deelname aan die studie was vrywillig. Ten einde te voldoen aan die etiese vereistes van die professie is 'n toestemmingsbrief deur die respondente onderteken. Voor die onderhoud is die doel van die navorsing duidelik gemaak en op geen stadium is die indruk geskep dat deelname (of die weiering daarvan) sou impakteer op hul inskakeling by die nasorgporgram nie. Annonimiteit is ook verseker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 1.6 DATAVERWERKINGSPROSEDURE

Data is by wyse van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe prosesse ingewin. Kwantitatiewe prosesse is aangewend vir die meting van statiese faktore, aangesien die statiese faktore bestaan uit telbare informasie (die basiese beskrywende besonderhede). Ten einde die dinamiese faktore te bestudeer is 'n kwalitatiewe studie onderneem, aangesien inligting nie noodwendig telbaar was nie en bestaan het uit menings en houdings. Weens elke individu se unieke ervarings en ook beskrywing van die ervarings is besluit op die kwalitatiewe benadering as die mees toepaslike benadering. 'n Kwalitatiewe benadering het ook die potensiaal om huidige insigte in die kompleksiteit van die jeugoortreder se ervarings aan te vul.

Die data is verwerk deur die benadering te volg soos beskryf deur Rubin en Rubin (1995:226-227). Nadat die onderhoude afgehandel is, is 'n gedetailleerde vertolking van wat tydens onderhoude gesê is, onderneem. Sentrale temas en konsepte is uitgelig, en volledige verduidelikings is aan die hand van die literatuur weergegee. Die doel was om temas en konsepte op so 'n wyse te integreer in 'n teorie wat bestaan uit 'n akkurate, gedetailleerde, en tog subtiele, interpretering van die ondersoek (Mouton, 2001:198-199).

Die bogenoemde proses is ondersteun deur dataverwerkingsprosedure en interpretering soos beskryf deur De Vos (1998:203-223). Frekwensie-ontledings is gedoen en figure en tabelle is waar nodig gebruik om voorstellings na aanleiding van die teks te maak.

## 1.7 AANBIEDING VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek bestaan uit ses hoofstukke. **Hoofstuk een** is die inleiding en bestaan uit die rasionaal vir die studie, asook 'n agtergrondbeskrywing. **Hoofstuk twee** fokus op die profiel van die jeugdige gevangene. **Hoofstuk drie** handel oor die gevangenisomgewing en hoe die omgewing die jeugdige se ontwikkeling kan beïnvloed. **Hoofstuk vier** beskryf huidige maatskaplike werk intervensieprogramme asook hoe die profiel van die jeugdige tesame met die impak van die omgewing hulpverlening kan beïnvloed. 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ontleding van die empiriese studie soos onderneem deur die navorser, vorm **hoofstuk vyf**. Die doel is om te bepaal of die jeugdiges die profiel toon en of die omgewing wel ontwikkeling negatief beïnvloed. **Hoofstuk ses** is die slothoofstuk van die ondersoek. In hierdie hoofstuk word daar gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word op grond van die bevindinge van die navorsing. Riglyne word ook verskaf word aan maatskaplike werkers ten opsigte van 'n intervensieprogram.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK TWEE

# PROFIEL VAN DIE JEUGOORTREDER VOLGENS 'N EKOLOGIESE PERSPEKTIEF

## 2.1 INLEIDING

Die Witskrif vir Welsyn beklemtoon die noodsaaklikheid van ontwikkelingsperspektief. Hierdie perspektief impliseer dat maatskaplike werkers intervensie volgens die ekologiese benadering moet benader. Ten einde hierdie fokus te behou moet maatskaplike werkers wat met hierdie kliëntsisteem werk oor sekere areas van kennis beskik (Compton & Galaway, 1994:7). Eerstens, is kennis nodig van die persoon, soos individuele gedrag, patrone van aanpassing en alles wat 'n impak het hierop. Tweedens is kennis van die omgewing – die gemeenskap, die instellings en die hulpbronne – noodsaaklik. Derdens moet die maatskaplike werker oor kennis beskik van wat Germain (soos verwys na deur Compton & Galaway, 1994:7) transaksionele konsepte noem, ten einde die maatskaplike werker te help om die transaksies tussen die persoon en die omgewing te verduidelik en te verstaan.

Vervolgens sal die jeugoortreder in hierdie hoofstuk bespreek word om begrip van die persoon te verhoog. Die bespreking sal hoofsaaklik fokus op ouderdom en ontwikkelingsfases en unieke karaktereienskappe wat die jeugmisdadiger onderskei van die wetsgehoorsame jeugdige. Die omgewing, en aanpassing van die jeugdige in die omgewing, sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

Alvorens die jeugdige teoreties bespreek word, is dit nodig om eers vlugtig aandag te skenk aan die historiese aanloop van navorsing oor die jeugoortreder, ten einde te verstaan uit watter oogpunte hierdie sosiale kwessie al bestudeer is en hoe dit ontwikkel het tot die komplekse verskynsel soos wat dit vandag bestudeer word. Daarna sal die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



toepassing van die ekologiese benadering, soos ontwikkel deur Germain en Gitterman (1979), binne die gevangenisomgewing, kortliks bespreek word.

## 2.2 HISTORIESE OORSIG VAN NAVORSING OOR DIE JEUGOORTREDER

In die sosiale wetenskappe het die jeugoortreder nog altyd aandag geniet, veral in die kriminologie. Die navorsing gedoen in hierdie veld het deur verskeie fases beweeg (Howes, 1992:107). Hierdie fases loop parellel aan die ontwikkeling van maatskaplike werk, met spesifieke verwysing na die ekologiese benadering, en sal deurgaans uitgewys word.

Aanvanklik het navorsing gefokus op die jeugmisdaadverskynsel self, en het dit gepoog om te bepaal watter eienskappe die jeugoortreder van die wetsgehoorsame jeugdige onderskei (Howes, 1992:107). In die 1920's het navorsing in maatskaplike werk hoofsaaklik gesentreer rondom die bestudering van gemeenskappe (Germain, 1979:54), byvoorbeeld die gemeenskap van wetsgehoorsame jeugdiges versus die gemeenskap van jeugoortreders.

In die volgende fase het navorsing gepoog om veroorsakingsteorieë vir jeugmisdaad te formuleer (Howes, 1992:107). Die teorieë het die oorsake van jeugmisdaad in die gesin en sosaliseringsprosesse gesoek, asook in die sosiale en kulturele omgewing en samelewingstoestande. Alhoewel dit nie noodwendig verkeerd was nie, was die uitvloeisel van hierdie navorsing dat die jeugdige beskou is as 'n slagoffer van sy omstandighede, en dus nie vir sy gedrag verantwoordelik gehou kan word nie. Dit is amper die ou teenstelling tussen Lombroso met sy aktivistiese teorie ("die gebore misdadiger") en Manouvrier met sy milieuteorie ("elke gemeenskap het sy misdadigers wat hy verdien") (in Cronjé et al., 1982:18). Gevolglik was die siening dat die jeugoortreder behandeling moes kry. Die oortreder het geen keuse in die verband gehad nie, aangesien behandeling as tot sy voordeel gesien is. Dit was 'n ontnugtering om te ontdek dat behandeling nie daarin slaag om die jeugoortreder te rehabiliteer nie (Hylton, Austin & Krisberg in Howes, 1992:107). In maatskaplike werk as professie het die rol

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



van die omgewing in 'n mens se funksionering ook ontwikkel en in die 1950's is die persoon-omgewing fokus aanvaar (Germain, 1979:54).

Intussen het die siening van die jeugmisdadiger as passiewe slagoffer plek gemaak vir die siening dat die jeugdige 'n individu is wat keuses maak. McGuire en Priestley (in Howes 1992:107) stel dit so: "...individuals are never entirely at the mercy of the forces that shape their attitudes and values and behavior. In virtually every situation there are choices to be made, and the fact that they are habitually made in a particular way, does not mean that they must be made in that way." Die implikasie van hierdie siening is dat die jeugdige ten volle verantwoordelik gehou word vir sy gedrag, én dat die gedrag moet verander (Howes 1992:107). In die 1960's het die primêre fokus in maatskaplike werk verskuif na die transaksies tussen die persoon en die omgewing (Germain, 1979:54), en in die 1980's is die "Life Model" ontwikkel deur Germain en Gitterman.

Die navorser stem saam dat die jeugdige 'n individu is wat keuses maak, en nie 'n passiewe slagoffer is van omstandighede nie. Navorser is egter wel van mening dat die verhouding wat die individu met die omgewing het kompleks is, en dat die rol van die omgewing nie onderskat moet word in hierdie verband nie. Die persoon is voortdurend in interaksie met sy omgewing, en wedersydse beïnvloeding vind deurgaans plaas. Met die klem op die omgewing is die navorser van mening dat die maatskaplike werkers egter te min aandag skenk aan die psigologiese aspekte van die persoon. Daar bestaan 'n leemte in die literatuur vir maatskaplike werk wat betref die jeugoortreder as unieke kliëntsisteem. 'n Moontlike rede hiervoor is omdat die psigologiese aspekte van die mens as deel van die sielkundige domein geklassifiseer word. Om egter volgens die ekologiese benadering te werk is kennis aangaande die persoon noodsaaklik. Die redes hiervoor sal volgende bespreek word.

## 2.3 DIE EKOLOGIESE BENADERING BINNE DIE GEVANGENIS

Die ekologiese benadering, soos ontwikkel deur Germain en Gitterman (1979), fokus op die persoon en omgewing interaksies. Hierdie benadering het ten doel om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



maatskaplike werker se fokus op die persoon-in-omgewing te rig (Sheafor, Horejsi & Horejsi, 2000:91). Die benadering beklemtoon die wederkeurige interaksie tussen die persoon en sy omgewing en dat die fokus van intervensie moet wees om die passing tussen hierdie twee te versterk (Germain & Gitterman, 1996). Ten einde dit te bewerkstellig is dit noodsaaklik om die persoon, die omgewing en die huidige passing te assesseer.

Die ekologiese denkwyse verhoed dat maatskaplike werkers die oorsaak van probleme of swak maatkaplike funksionering net in die eksterne omgewing, of net in psigologiese prosesse/die persoon soek, en herinner die werker dat mense die omgewing vorm, en daardeur gevorm word (Sheafor, Horejsi & Horejsi, 2000:91). Germain en Gitterman (soos na verwys in Sheafor et al., 2000:92) verduidelik dat vanuit 'n ekologiese perspektief maatskaplike werkers moet poog om die passing tussen die persoon en die omgewing te verbeter deur die persoon, die omgewing of beide te verander. Dit geld ook vir maatskaplike werkers werksaam binne die gevangenis. Hier is die onmiddellike omgewing egter nie die gemeenskap waarvandaan die jeugdige afkomstig is nie (alhoewel dit nie heeltemal uitgeskakel moet word nie), maar die gevangenis self, en die probleem wat aangespreek moet word is die jeugdige se onwettige gedrag.

Ten einde 'n verandering in omgewing suksesvol te hanteer, moet mens aanpasbaar wees (Sheafor et al., 1994:55). Die ekologiese benadering (Germain & Gitterman, 1996) bied 'n konseptuele raamwerk, of lens (soos wat Sheafor et al., 1994:54 daarna verwys) waarbinne of waardeur die maatskaplike werker beter kan verstaan hoe die kliëntsisteem aanpas by die veranderde omgewing ten einde te oorleef en te kompeteer vir die nodige hulpbronne. Toch (1992:12) meld dat dieselfde tipe gevangenes oorleef in dieselfde omgewings; gevangenes wat oorleef in een omgewing, breek af in 'n ander omgewing; omgewings wat stresvol is vir een gevangene het geen impak op die volgende nie. Elke persoon se reaksie op dieselfde omgewing kan dus verskil, en net so kan dieselfde persoon verskillend optree in verskillende omgewings. Ten einde die passing tussen die persoon en die omgewing te verbeter, is dit noodsaaklik om (soos reeds genoem) beide

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



die persoon en die omgewing te verstaan alvorens intervensiestrategieë beplan word. Ten einde die persoon te verstaan is 'n teoretiese grondslag nodig.

Vervolgens sal die normale ontwikkelingstadia van die jeugdige, asook die karaktertrekke van die jeugmisdadiger, bespreek word. Dit stel 'n raamwerk daar waarteen die normale of funksionele ontwikkeling van die jeugdige gemeet kan word, bied riglyne ten opsigte van wat die behoeftes is van die jeugdige op die betrokke stadium en kennis van hoe die jeugmisdadiger se denkwyse verskil van normale jeugdiges. Die gevangenisomgewing sal in die volgende afdeling aandag geniet.

## 2.4 ONTWIKKELING VAN DIE JEUGDIGE

Ontwikkeling verwys na verandering oor tyd in die struktuur, denke en gedrag van 'n persoon weens beide biologiese en omgewingsinvloede (Craig, 1996:5). Ontwikkkeling vind plaas in drie areas of domeine, naamlik: fisies, kognitief en psigososiaal (Craig, 1996:6) waarvan die laasgenoemde die belangrikste is vir die doel van hierdie studie. Die *fisiese domein* verwys na die fisiese kenmerke soos grootte, vorm en verandering in die breinstruktuur, asook sensoriese kapasiteit en motoriese vaardighede. Die *kognitiewe domein* bestaan uit alle geestesvaardighede en aktiwiteite en selfs die organisering van denke. Dit sluit in aktiwiteite soos persepsie, redenering, geheue, probleemoplossing, taal, oordeel en verbeelding. Die *psigososiale domein* verwys na persoonlikheidseienskappe en sosiale vaardighede. Ingesluit hier is die persoon se unieke gedragstyl en emosionele respons – die manier waarop hy reageer in sosiale omstandighede (Craig, 1996:6).

Die ontwikkeling van mense kan gerieflikheidshalwe in verskillende fases verdeel word, en elke fase het sekere kenmerke (Cronjé et al., 1982:32; Craig, 1996:5). Daar is egter soms teenstrydigheid tussen verskillende persone se afbakening van die ouderdomsfases. Die rede hiervoor is dat dit onmoontlik is om die mens in waterdigte komponente te klassifiseer, en gevolglik kom daar wel oorvleueling voor. Die verskillende fases sal in die volgende afdeling bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 2.4.1 Die ouderdomskategorieë van die jeugdige

Die konsep 'jeugtydperk' word vir die doeleindes van hierdie ondersoek as 'n omvattende term gebruik, wat die puberteitsfase, adolessensie, en vroeë volwassenheid insluit. As gevolg van individuele asook kulturele verskille, word die aanvangsouderdom van adolessensie wisselend tussen 11 en 13 bepaal; en die einde van adolessensie tussen 17 en 21 (Thom, 1992:393). Bender (2000:39) beskou adolessensie as die stadium waarin jongmense nie meer kinders is nie, maar nog nie volwasse genoeg is om soos volwassenes behandel te word nie. Volgens Bender (2000:39) begin adolessensie wanneer die jongmens puberteit of die tyd van geslagsrypheid binnegaan, op ongeveer 12-jarige ouderdom, en duur dit voort todat fisiese, geestes-, sosiale en emosionele volwassenheid bereik is, teen die ouderdom van ongeveer 19 of 20. Die individualiteit van die persoon moet altyd in gedagte gehou word. Alhoewel die ontwikkelingsfases van mekaar onderskei kan word vir gerieflikheidshalwe, kan dit nie totaal geskei word nie, weens die interafhanklikheid van die aspekte (Sonnekus & Neser, 1996:15). Die Departement van Korrektiewe Dienste beskou alle persone onder die ouderdom van 21 jaar as jeugdiges, en onder die ouderdom van 18 jaar as kinders. Hierdie twee groepe word elkeen gesien as 'n unieke kategorie, wie se behoeftes spesifiek aandag geniet (Bruyn, 1996:13). Vir die doeleindes van hierdie studie, sal al die oortreders onder die ouderdom van 21 geklassifiseer word as jeugdiges, en die ouderdomsindeling is as volg:

*Puberteit tot vroeë adolessensie: 11 of 13 tot 18 jaar*

*Laat adolessensie tot vroeë volwassenheid: 18 tot 21 jaar*

Aangesien die ouderdomsgrense wissel, is dit egter beter om die jeugdiges se ontwikkelingstadium op grond van ontwikkelingskenmerke te beskryf, eerder as bloot op grond van ouderdom (Thom, 1992:393). Jeugdiges word van so jonk as 14 jaar binne die gevangenisse aangetref, die meerderheid is egter tussen 16 jaar en 21 jaar en dus hoofsaaklik in die tydgleuf van laat adolessensie tot vroeë volwassenheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 2.4.2 Ontwikkelingstake van die adolessent

Erikson (in Craig 1996:59) het 'n model ontwikkel waarvolgens hy menslike ontwikkeling beskryf deur dit in agt fases op te deel, naamlik: oraal-sensories, spier-anaal, motories, latent, puberteit en adolessesie, vroeë volwassenheid, volwassenheid en laat volwassenheid. Van hierdie agt fases het die puberteit en adolessensie en die vroeë volwasse fases betrekking op die jeugtydperk. Erikson se mening was dat elke persoon konflikte of psigososiale krisisse ervaar tydens hierdie agt ontwikkelingsfases, en die hantering van een konflik impakteer op die aanpassing tydens die volgende fase.

Fase vyf van hierdie model sluit in puberteit en adolessensie, en strek oor die ouderdomme 12 tot 18 jaar. In hierdie fase is die taak of krises wat oorkom moet word *ego identiteit* vs *ego diffusie* (Craig, 1996:59). Hierdie fase behels die fisiese rypwording van die individu. Dit behels verder ook dat die jong persoon wat vir homself moet antwoord: "Wie is ek? Wat is my oortuigings, gevoelens en houdings?" Voor adolessensie leer kinders verskeie rolle, soos kind, vriend, atleet ensovoorts. Tydens adolessensie is dit belangrik om hierdie rolle te integreer in 'n enkele, konstante identiteit. Indien die persoon nie slaag daarin om hierdie rolle te integreer nie, of konflik ervaar tussen twee rolle, is die resultaat wat Erikson noem ego diffusie. Indien die sosiale toestand of omgewing interne stabiliteit en kontinuïteit bied, en goed gedefinieerde geslagsrolle modelleer en positiewe terugvoer ontvang word, sal die persoon se identiteit gevestig word. Indien die omgewing egter onduidelike terugvoer bied en verwagtinge nie goed gedefinieerd is nie, sal rolonsekerheid intree.

Laat adolessensie en vroeë volwassenheid maak die sesde fase van Erikson se model uit. Die sentrale ontwikkelingstaak in hierdie fase is *intimiteit* vs *isolasie*. Die intimiteit waarna Erikson hier verwys is meer as seksuele intimiteit, en sluit in warmte, vertroue en begrip. Dit is die vaardigheid wat 'n persoon ontwikkel om homself te deel met persone van beide geslagte, sonder die vrees om eie identiteit prys te gee. Sukses in hierdie taak kan slegs behaal word indien die vorige krisisse suksesvol oorkom is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dit is die navorser se mening dat die omgewing binne die gevangenis die suksesvolle hantering van hierdie konflikte of krisisse bemoeilik, en gevolglik impakteer dit op die vermoë van die jeugdige om verdere konflikte suksesvol te hanteer. Cronjé et al. (1982:42) bied steun vir hierdie stelling, deur te meld dat 'n probleemjeugdige die gevaar loop om 'n wanaangepaste individu te word.

Kliniese studies het getoon dat wanaanpassing selde vir die eerste keer tydens laat adolessensie voorkom, en dat wanaanpassing gewoonlik veral in vroeë adolessensie, en die fase voor dit, naamlik die kinderjare manifesteer (Cronjé et al., 1982:42). Gevolglik is die impak van gevangenisstraf die grootste op jeugdiges wat op 'n vroeë ouderdom (17 jaar en jonger) gevonnis is tot gevangenisstraf. Dit is dus veral belangrik vir die maatskaplike werker om in hierdie fase hupverlening toe te pas en die passing tussen die jeugdige en die omgewing te verstrek.

## 2.5 DIE KARAKTERTREKKE VAN DIE JEUGMISDADIGER

Soos genoem is kennis aangaande die persoon noodsaaklik vir 'n ekologiese fokus in intervensie. Die jeugmisdadiger verskil egter van die wetsgehoorsame jeugdige in verskeie aspekte. Volgens Ferrara (1992:15) het die jeugmisdadiger sekere karaktertrekke wat die jeugdige in staat stel om ander te misbruik en verantwoordelikheid te ontduik. Hierdie karaktertrekke kan verdeel word in vermoëns en onvermoëns. Eersgenoemde verwys na die karaktertrekke wat die jeugdige in staat stel om ander te misbruik, en onvermoëns verwys na tekorte in sosiale vaardighede of gedrag. Dit is belangrik vir die maatskaplike werker om bewus te wees van hierdie karaktertrekke ten einde die kliëntsisteem beter te verstaan, en vervolgens die individu beter te kan assesseer. Die jeugmisdadiger se karaktereienskappe sal ook 'n bepalende invloed hê op die wyse waarop hy aanpas by die omgewing en dit gevolglik impakteer op sy ontwikkeling. Die karaktertrekke sal ook impakteer op die hulpverleningsproses.

Die jeugmisdadiger se karaktertrekke sal vervolgens bespreek word. Daar sal eerstens verwys word na die selfkonsep om aan te sluit by die jeugdige se ontwikkeling soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



bespreek in die vorige afdeling. Hierdie bespreking sal tweedens fokus op die spesifieke vermoëns en onvermoëns waaroor afwykende jeugdiges beskik, soos beskryf deur Ferrara (1992).

### 2.5.1 Selfkonsep

Kruger (1994:91) definieer selfkonsep as 'n versameling aantygings teenoor jouself en houdings oor jouself. Dit is dinamies en mens is normaalweg bewus daarvan – of word bewus daarvan. Rogers (soos beskryf deur Möller, 1996:243) meen dat selfkonsep 'n konstruk is wat aandui hoe die persoon homself sien, oor homself voel en in terme waarvan hy homself en nuwe ervarings beoordeel. Dit is dus 'n unieke stel observasies, idees en houdings wat die individu oor homself het, en dit is die belangrikste bepaler van die individu se verhouding met sy wêreld.

Namate die kind ouer word, beweeg sy selfkonsep in 'n rigting van meer self direksie, en gedurende adolessensie raak die behoefte om verantwoordelikheid vir sy eie lewe te neem, en eie besluite te maak, baie sterk. Hierdie behoeftes raak so sterk dat dit hom in baie gevalle in 'n posisie sit waar hy rebelleer teen beheer deur die volwasse wêreld (Knowles, 1971:39). Dit is veral as gevolg van hierdie behoefte dat die verhouding wat die gevangene handhaaf met die bewaarders en ander gesagsfigure en volwassenes in die meeste gevalle negatief is.

Met verwysing na die selfkonsep van die jeugmisdadiger meld Arbuthnot, Gordon, & Jurkovic (1987:152) dat jeugmisdadigers oor die algemeen 'n negatiewe selfkonsep het, gekenmerk deur min agting en respek vir hulleself. Minor en Elrod (1994:502) het ook in hul navorsing bevind dat al vier groepe jeugmisdadigers wat hulle in hul studie betrek het, swak tot matige selfkonsepte geopenbaar het. Kratcoski en Kratcoski (1990:16) ondersteun dit ook. Verder blyk die selfkonsep van die jeugmisdadiger onseker te wees en is dit teenstrydig met die gedrag geopenbaar deur die jeugdige (vergelyk ook Rogers in Möller, 1996:244). Dit dra by tot die jeugmisdadiger se onduidelike beeld van die self en wie hy werklik is. Dit is belangrik om hiervan bewus te wees, aangesien Arbuthnot et

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



al. (1987:152) verder gaan deur te meld dat die jeugmisdadiger dit moeilik vind om eksterne druk, stres en frustrasie te hanteer, vanweë die tekort aan persoonlikheidsintegrasie of innerlike kragte. Spanning, dissonansie, ongemak en inkongruensie tussen die wyse waarop die jeugdige homself sien en hoe hy dink ander - soos sy ouers en gesagsfigure - hom sien, is 'n verdere kenmerk van die jeugmisdadiger se selfkonsep (Arbuthnot et al., 1987:152). Die gevangenis verswak hierdie reeds negatiewe selfkonsep verder, aangesien "The offender's identity as a criminal is cemented, rather than altered, in prison" soos Plug (1998:4) dit stel. Ungar (2000:168) meld dat hierdie vorm van ettiketering besondere negatiewe gevolge vir die ontwikkeling van die jeugdige kan inhou.

'n Positiewe selfkonsep by jeugmisdadigers is nie ongewoon nie, maar wanneer dit wel voorkom, hou dit volgens Arbuthnot et al. (1987:152) verband met valse trots en egobeskerming, wat beduidend is van 'n onrealistiese selfsiening wat geen reaksie toon op die terugvoer van betekenisvolle ander nie.

### 2.5.2 Spesifieke vermoëns van die jeugmisdadiger

Soos reeds genoem, is die vermoëns waaroor die jeugmisdadiger beskik daardie eienskappe van sy persoonlikheid wat hom in staat stel om ander mense te misbruik (Ferrara, 1992:15). Die skrywer identifiseer die volgende vermoëns wat die karaktertrekke uitmaak van die jeugmisdadiger se totale funksionering: magspel, geslote of eenrigting kommunikasie, energie, valse trots en ontheffing. Hierdie vermoëns sal elkeen afsonderlik bespreek word.

#### *2.5.2.1 Magspel*

Uit ervaring in die praktyk kom dit duidelik na vore dat 'n jeugdige binne die gevangenis meer as enige iets daarna streef om te domineer en te beheer. Hy sal enige iets doen om te verseker dat hy nie die verloorder in 'n gegewe situasie is nie. Ferrara (1992:16) meld in die verband dat die magspel baie belangrik is vir die jeugmisdadiger, en indien hy nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



die seggenskap kan hê in 'n sekere situasie nie, kompenseer hy deur ander mense in ander interaksies te domineer.

*2.5.2.2 Geslote of eenrigtingkommunikasie*

Volgens Ferrara (1992:16) kommunikeer die jeugmisdadiger nie openlik nie. Ook Van Staden en Greyling (1999:265) het gebrekkige kommunikasie by gevangenes in hul navorsing waargeneem. Om openlik te kommunikeer word onder gevangenes gesien as 'n teken van swakheid. Die skrywer meld verder dat die jeugdige se kommunikasie kenmerkend net in een rigting is. Dit beteken dat die jeugdige nie inneem wat ander sê nie, en hy benut ook nie aanbevelings gemaak deur ander nie.

*2.5.2.3 Energie*

Die jeugmisdadiger beskik, soos meeste adolessente, oor groot hoeveelhede energie. Volgens Ferrara (1992:16) word hierdie hoë vlakke van energie aangewend om die lewe meer interessant en opwindend te maak. Binne die gevangenis is stimulering in die meeste gevalle onvoldoende, en hierdie energie word dan gebruik vir verkeerde dade. Opwinding word vervolgens verkry deur die misleiding of uittarting van ander mense.

*2.5.2.4 Valse trots*

Ferrara (1992:16) meld dat jeugmisdadigers geweldig baie trots het, ten spyte van die feit dat hul niks gedoen het om dit te verdien nie. Die jeugmisdadiger heg oormatige waarde aan sy uniekheid, en glo vas dat ander nie soos hy is nie. Hierdie valse trots kom gewoonlik te voorskyn in die jeugdige se oortuiging dat die lewe onregverdig is, waar hierdie onregverdigheid daarna verwys of hy kry wat hy wil hê al dan nie, en die onmiddellike bevrediging van behoeftes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*2.5.2.5 Ontheffing*

Jeugmisdadigers het 'n gewete, hulle beskik net ook oor 'n spesiale vaardigheid om hul gewete te sus. Ferrara (1992:17) noem hierdie vaardigheid ontheffing. Ferrara (1992:17) gaan voort deur te verduidelik dat ontheffing 'n geestelike proses is, wat ideale of idees wat 'n struikelblok vir misdaad is, afbreek. Dit is hierdie proses wat die jeugdige in staat stel om positiewe leerervarings, verbintenisse en belangrike verhoudings wat die misdaad kan verhoed, te vergeet. Verder is dit ook hierdie vaardigheid wat die jeugmisdadiger in staat stel om die bedreiging van tronkstraf, en in die geval van 'n jeugdige wat reeds in die gevangenis is, die bedreiging van 'n verlengde vonnis, kan laat ignoreer.

Benewens die spesifieke vermoëns waaroor die jeugmisdadiger beskik, is daar ook spesifieke onvermoëns inherent aan die jeugoortreder se karakter. Hierdie spesifieke onvermoëns sal volgende bespreek word.

**2.5.3 Spesifieke onvermoëns van die jeugmisdadiger**

Ferrara (1992:15) identifiseer ook leemtes in die jeugmisdadiger se persoonlikheid. Hierdie leemtes of onvermoëns is gebrekkige verantwoordelikheid, afwesigheid van empatie en rolaanvaarding en onontwikkelde kognitiewe vermoëns. Dit sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

*2.5.3.1 Gebrekkige verantwoordelikheid*

Glasser (in Ferrara, 1992:17) definieer verantwoordelikheid as die bevrediging van jou eie behoeftes op so 'n wyse dat dit nie 'n ander se behoeftebevrediging verhoed nie. Die jeugmisdadiger weier om ander se behoeftebevrediging in ag te probeer neem en dus verantwoordelik op te tree, aangesien dit nie opwindend genoeg is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*2.5.3.2 Afwesigheid van empatie en rolaanvaarding*

Die jeugmisdadiger ignoreer die behoeftes van ander, en ignoreer ook die feit dat sy eie gedrag ander mense leed aandoen (Ferrara, 1992:17). Ferrara (1992:17) meld verder dat jeugmisdadigers 'n agterstand toon in die ontwikkeling van sekere bevoegdhede, soos dat hulle:

- die gemeenskap se verwagtinge misverstaan
- die bedoelinge van ander verkeerd interpreteer
- optree op wyses wat disrespekvol is teenoor ander

Die gebrek aan hierdie bevoegdhede (insluitend die tekort aan empatie) speel 'n belangrike rol in die voortsetting van die jeugmisdadiger se wangedrag (Ferrara, 1992:17). Hierdie optrede om ander uit te buit en seer te maak is die jeugmisdadiger se manier om sy behoeftes te bevredig.

*2.5.3.3 Onontwikkelde kognitiewe vermoëns*

Ferrara (1992:18) meld dat die jeugmisdadiger oor beperkte leervermoëns beskik. Hy voer aan dat sekere fundementele vereistes van die leerproses ontbreek, en dat hierdie probleem die oorsprong het in afwykings in die persoon se manier van dink. Die volgende probleme aangaande die wyse waarop die afwykende jeugdige redeneer word geïdentifiseer:

- *Onvermoë om te leer uit ervaring*

  Volgens Ferrara (1992:18) sien die jeugmisdadiger geen verband tussen vorige ervarings en die hede nie. Oplossings wat in die verlede suksesvol toegepas is, word nie herroep vir huidige ervarings nie. Indien hy wel ervarings uit die verlede herroep, kom emosionele pyn na vore en hy reageer hierop.

- *Onvermoë om te leer van ander*

  Baie van wat ons leer, leer ons deur ander waar te neem. Die jeugmisdadiger neig egter om nie op hierdie wyse te leer nie, aangesien hy ander se ervarings van die hand wys omdat hy reken dit geen persoonlike relevansie vir hom inhou nie. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



jeugmisdadiger se wyse van dink veroorsaak dat hy nie kan leer uit ander se foute nie. Hy dink wat met ander gebeur het kan onmoontlik nie met hom gebeur nie.

- *Swak probleemoplossingsvermoë*

Die jeugmisdadiger het soms realistiese idees oor hoe om 'n bepaalde probleem op te los, maar wanneer hy hom in so 'n situasie bevind neig hy om nie vooraf te beplan nie, en versuim hy ook om alternatiewe teenoor mekaar op te weeg. Om net in te spring en van die sogenaamde probeer-en-tref-metode gebruik te maak is vir die jeugmisdadiger belangriker as om vooraf te beplan. Ferrara (1992:18) meld verder in hierdie verband, dat dit die oorgebruik van die probeer-en-tref-metode is wat die kern is van die jeugmisdadiger se swak probleemoplossingsvermoë.

- *Fragmentasie*

Ferrara (1992:18) meld dat teenstrydighede in die jeugmisdadiger se gedrag 'n weerspieëling is van teenstrydighede in sy manier van dink. Die jeugdige se siening van die wêreld en sy selfkonsep is gefragmenteerd. Dit sal die jeugdige byvoorbeeld toelaat om te glo dat hy lojaal en eerlik is, maar dan sal hy teenstrydige gedrag openbaar deur ander mense uit te buit. Die jeugmisdadiger sal egter nie hierdie teenstrydighede raaksien nie.

Rogers (soos beskryf in Möller, 1996:250) maak ook melding in sy teorie ("self teorie") van hierdie teenstrydigheid tussen die selfkonsep en die werklikheid, en noem dit inkongruensie. Rogers meld verder dat aangesien ervarings die werklikheid is, die fout by die selfkonsep lê. Neem die volgende voorbeeld ter verduideliking: Die jeugmisdadiger binne die gevangenis ontwikkel vae siektesimptome elke keer as die bendelede iets onwettigs beplan. Sy werklike begeerte is om nie meer aan die bende te behoort nie, maar hy kan dit nie simboliseer nie, want dit is teenstrydig met sy siening van homself as 'n lojaale bendelid (selfkonsep). Gevolglik word die ervaring verdraaid gesimboliseer ("Ek is siek, en daarom kan ek nie saamgaan nie"), maar daar is nou inkongruensie tussen die selfkonsep en die werklike ervaring. Beide gunstige en ongunstige aspekte van die self kan verwerp word (Rogers in Möller, 1996:251).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 2.5.4 Tekort aan selfhandhawingsvaardighede

Van Staden en Greyling (1999:265) het in hul navorsing by die gevangenis waargeneem dat onvoldoende selfhandhawing bykans alom teenwoordig is by die betrokke kliëntsisteem. Hierdie waarneming word bevestig deur Argyle en Tower (in Van Staden & Greyling, 1999:265) wat bevind het dat swak kommunikeerders dikwels nie oor die vaardigheid van selfhandhawing en kontrole beskik nie, en dat hulle selde verhoudings inisieer. In die vorige afdeling het dit aan die lig gekom dat jeugmisdadigers wel oor swak kommunikasievaardighede beskik, en daar kan dus afgelei word dat onvoldoende selfhandhawing wel 'n karaktereienskap is van die jeugmisdadiger. Selfhandhawing is verder 'n integrale deel van interpersoonlike verhoudings en laasgenoemde word direk daardeur beïnvloed (Van Staden & Greyling, 1999:266).

Tydens die assesseringsfase van die hulpverleningsproses moet die maatskaplike werker bepaal in watter graad hierdie spesifieke vermoëns en onvermoëns teenwoordig is. Dit is belangrik om deurgaans bewus te bly van hierdie karaktereienskappe en hulpverlening daarvolgens te beplan ten einde die jeugdige se maatskaplike funksionering te verbeter. Newberger (2000:1) bevestig hierdie gedagte deur te meld dat karaktereienskappe verstaan en beïnvloed moet word sodat die jeugdige die geleentheid het om 'n respekteerbare persoon te word.

## 2.6 SAMEVATTING

Jeugmisdaad as verskynsel is besonder gekompliseerd weens die uniekheid daarvan. Die uniekheid van die verskynsel is daarin geleë dat die jeugmisdadiger nog nie 'n volwassene is nie en die vorming van sy persoonlikkheid dus nog nie voltooid is nie. Daar is dus 'n groter kans op rehabilitasie as by volwasse misdadigers.

In die hoofstuk het dit na vore gekom dat die jeugdige in 'n kritieke lewensfase is, maar sekere karaktereienskappe (uniek aan afwykende jeugdiges) verhoed funksionele ontwikkeling en selfaktualisering. Hierdie karaktereienskappe kan verdeel word in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



spesifieke vermoëns en onvermoëns waaroor die jeugmisdadiger beskik, al dan nie. Die vermoëns sluit in magspel, geslote of eenrigting kommunikasie, energie, valse trots en ontheffing. Die onvermoëns of leemtes in die jeugdige se persoonlikheid is gebrekkige verantwoordelikheid, die afwesigheid van empatie en rolaanvaarding en onontwikkelde kognitiewe vermoëns. Laasgenoemde behels 'n onvermoë om te leer uit ervarings, onvermoë om te leer van ander, swak probleemoplossingsvermoë en fragmentasie. Aangesien die persoonlikheid in die laaste fase van vorming is, is dit belangrik dat enige faktore wat kan impakteer op hierdie proses in ag geneem word ten einde die voltooiing van ontwikkelingstake suksesvol te laat geskied. Indien ontwikkelingstake nie suksesvol afgehandel word nie, kan die persoon ook nie toekomstige krisisse en/of konflikte suksesvol hanteer nie. Die gevolg is dat die jeugdige kan ontwikkel in 'n wanaangepaste individu.

Die ekologiese benadering bied vir die maatskaplike werker die konseptuele raamwerk vir sistemiese denke eerder as liniêre denke in die bevordering van maatskaplike funksionering. Volgens hierdie benadering word nie slegs die persoon of slegs die omgewing blameer vir swak maatskaplike funksionering nie, maar wedersydse beïnvloeding.

Rehabilitasie slaag in baie gevalle nie weens beperkende strukture en disfunksionele aanpassing en ontwikkeling binne die gevangenisopset. Daarom moet maatskaplike werkers oor voldoende kennis beskik van die psigologiese prosesse en ontwikkelingstake van die jeugdige ten einde die aanpassing te verbeter en maatskaplike funksionering te versterk. Maatskaplike werkers moet egter ook kennis hê van die omgewing en die transaksies tussen die persoon en die omgewing. Die gevangenisomgewing en die jeugdige se aanpassing sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK DRIE

# DIE JEUGDIGE SE AANPASSING BINNE DIE GEVANGENISOMGEWING

## 3.1 INLEIDING

Niemand is seker waarom gevangenisstraf nie in sy doel, naamlik rehabilitasie slaag nie (Toch, 1992:8). In 1993 was 2 359 189 oortreders met vorige vonnise geregistreer by die Kriminele Rekord Sentrum van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD). Hierdie oortreders maak 55,3% van die ongeveer 4 265 000 oortreders op rekord uit (Prinsloo, 1996:25) (vergelyk ook Toch, 1992:8). Omstandighede so ongunstig soos wat beskryf word binne die gevangenis moet tog dien as 'n afskrikmiddel om die wet te oortree, veral as jy reeds in die gevangenis was. Tog styg die misdaadsyfer (veral onder kinders), en meer as die helfte van die vrygelate gevangenes heroortree weer kort na hulle vrylating.

Een van die redes waarom mense dit onverstaanbaar vind dat gevangenisstraf in so baie gevalle ongeslaagd is, is omdat die impak wat die gevangenis op die persoon het, nie verstaan word nie, het Toch (1992:8) aangevoer. Die jeugdige word verwyder uit die gemeenskap, in die gevangenis ('n geïsoleerde omgewing met sy eie unieke funksionering) geplaas vir 'n vooraf bepaalde tydsduur en dan weer uitgeplaas na die gemeenskap. Die rede hiervoor is tweeledig, naamlik rehabilitasie vir die oortreder en beskerming van die gemeenskap.

Daar is vroeër gemeld dat beide die individu en sy omgewing verstaan moet word ten einde in staat te wees om die passing tussen die persoon en die omgewing te verbeter. Die bespreking het tot dusver gehandel oor die persoon - hoe die jeugdige lyk voor hy in die gevangenis opgeneem word. Daar is onder andere gelet op die jeugdige se ontwikkkeling en spesifiekke karaktertrekke van die jeugmisdadiger. Die tweede area van kennis waaroor maatskaplike werkers moet beskik ten einde volgens 'n ekologiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



benadering te werk te gaan is volgens Compton en Galaway (1994:7) die omgewing – die gemeenskap, die instelllings en die hulpbronne. Die fokus van hierdie hoofstuk sal vervolgens wees op die gevangenisomgewing waarbinne die jeugdige opgeneem word, asook sy aanpassing binne hierdie omgewing. Die transaksies tussen die persoon en die omgewing sal ook bespreek word aan die hand van hoe die omgewing die jeugdige se ontwikkeling en groei strem, asook sy bereiking van potensiaal (transaksionele konsepte). Daar moet gelet word dat kragtens die Wet op Korrektiewe Dienste, alle persone onder die ouderdom van 21 jaar as "jeugdiges" gedefinieer en behandel word, in teenstelling met die afsny-ouderdom van 18 jaar vir "kinders" in die Grondwet en ander wette (Witskrif oor die Beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die nuwe Suid-Afrika, 1994:14).

## 3.2 DIE FISIESE GEVANGENISOMGEWING

Anderson (1992:14) is 'n letterkundige aan die Universiteit van Suid-Afrika, en het 'n studie onderneem waarin hy literêre figure wat gevangenissettings uitgedien het se gedokumenteerde ervarings bestudeer het. In sy artikel word die gevangeniswêreld as 'n kleurlose wêreld bestempel, en meld hy dat dit dikwels beskryf word as 'n *lewe-in-dood.* Verder skryf hy "...dit is 'n wêreld waarin tyd stilstaan en waarin die onveranderlike roetine verantwoordelik is vir 'n sielsdodende en 'n geestesskendende verveling. Selle is kloustrofobies, wat lei tot 'n vrees vir waansin." Alhoewel dit 'n baie dramatiese beskrywing is, is die navorser van mening dat dit die ervaring van die gevangenisomgewing akkuraat beskryf. Klare (in Van Staden & Greyling, 1999:265) beskryf die lewe binne die gevangenis as volg: "Living in prison is in a small, closely defined world in which everything is exaggerated". Sosiale probleme soos interpersoonlikke konflik en viktimisering kom meer voor in hierdie omgewing as in die breër samelewing.

Aangesien gevangenisse ontwerp is om misdadige gedrag te verander, het die gemeenskap geen probleem daarmee om die oortreders in baie beperkte ruimtes, verwyderd van geliefdes en in onaangename toestande aan te hou nie. Gevangenisse is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



bedoel om ongemaklik en veral, onaantreklik te wees (Toch, 1992:7). Die uitgangspunte van die gevangenissisteem wat benut word, is waarna Hannah-Moffat (2000:511) verwys as 'n model van straf wat klem lê op die uitoefening van dissipline en soewereiniteit. Ten spyte hiervan is gevangenes ook mense, en die grondwet maak daarvoor voorsiening in die handves van menseregte, dat elke persoon basiese regte het (The Constitution, 1996:6). Weens ekonomiese beperkinge is dit egter moeilik om die ideale omgewing vir rehabilitasie daar te stel. Sekere van die kenmerke van die fisiese gevangenisomgewing wat negatief kan impakteer op die jeugdige se funksionele ontwikkeling sal vervolgens bespreek word. Dit sal opgevolg word met 'n bespreking van die sosiokulturele omgewing van die gevangenis wat 'n impak kan hê op die ontwikkeling van die jeugdige.

### 3.2.1 Realiteite in die praktyk

Korrektiewe stelsels wêreldwyd moet die volgende uitdagings die hoof bied (Witskrif oor die Beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die Nuwe Suid-Afrika, 1994:1):

- Oorbevolking van die bestaande infrastrukture, wat wissel van geringe oorbevolking, tot oorbevolking wat die ineenstorting van die hele stelsel tot gevolg kan hê. Die Suid-Afrikaanse gevangenisse is oorbevolk met 30%.
- Misdaadsyfers wat die hoogte inskiet en die aandrang van die publiek om strenger op te tree teenoor misdadigers, sonder om die effek van langer en meer vonnise op die reeds vol en onbemande tronke in ag te neem.
- Onrealistiese verwagtinge van die publiek ten opsigte van wat die korrektiewe funksie kan of behoort te vermag onder die omstandighede wat dikwels kontraproduktief is met die ideaal en visie van rehabilitasie en sekuriteit.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar teenstrydige kragte is wat die realiteite van korrektiewe stelsels wêreldwyd dikteer. Dit gee weer aanleiding tot 'n gaping tussen verwagtinge en hulpbronne, en sal vervolgens verduidelik word aan die hand van 'n beskrywing van die fisiese en sosiokulturele omgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 3.2.2 Die fisiese omgewing

Die fisiese omgewing van die gevangenis bestaan uit die struktuur, soos daar gestel deur die owerhede, waarbinne die jeugdigmisdadiger geplaas word om hom te verwyder uit die gemeenskap en te rehabiliteer. Dit is die tasbare omgewing van die gevangenis.

In 1994 was daar 'n akkommodasietekort van ongeveer 26 000 (Witskrif oor die Beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die Nuwe Suid-Afrika, 1994:1). Ten einde die tekort aan te spreek, is vyf nuwe gevangenisse opgerig, wat addisionele akkommodasie vir ongeveer 4 000 gevangenes bied (Bruyn, 1995:11). Die groot tekort aan akkommodasie, tesame met die stygende misdaadkoers en gepaardgaande besettingsyfer van gevangenisse, het oorvol gevangenisse en oorbevolkte selle tot gevolg. Alhoewel die jeugdiges van die volwassenes geskei word, is toestande steeds beknop. In Pollsmoor Gevangenis is daar al tot 60 jeugdiges gesien wat een sel moes deel (The Children's Rights Research and Advocacy Project, 1992:28; sien ook Rossouw, 1997:45).

Afgesien van die oorbevolking in die gevangenisse, is die fisiese opset ook nie altyd wenslik nie. Meublement binne die selle bestaan gewoontlik slegs uit beddens en sluitkassies. Die sluitkassies is in meeste gevalle onvoldoende vir die hoeveelheid mense in die sel (Rossouw, 1997:45). Ten einde ruimte te bespaar word daar van stapelbeddens gebruik gemaak, en daar is soms nie eers genoeg beddens vir almal nie (The Children's Rights Research and Advocacy Project, 1992:28). In die meeste kommunale selle word toilette en storte slegs deur 'n afskorting geskei en soms maak tot twintig persone van een toilet gebruik. Die selle is dikwels onwelriekend weens swak ventilasie en die nabyheid van toilette (The Children's Rights Research and Advocacy Project, 1992:28; Africa Watch Prison Project in Rossouw, 1997:45). Die sel se vloere, dak en mure is van grys sement en die beligting is swak.

Benewens die akkommodasietekort, is daar 'n mannekragtekort van bykans 7 000. Volgens beskikbare statistiek het Suid-Afrika waarskynlik een van die swakste personeel-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



tot-gevangene getalleverhoudings in die wêreld (Witskrif oor die Beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die Nuwe Suid-Afrika, 1994:1). Hierdie mannekragtekort impakteer negatief op die rehabilitasieprogramme wat aangebied kan word. Volgens Neser (1989:178) is 'n teoretiese grondreël dat ontslagvoorbereiding vir die jeugdige begin die oomblik wat hy opgeneem word in die gevangenis. In die praktyk begin werklike besorgdheid oor die jeugdige se ontslag eers in alle erns wanneer die laaste fase van sy vonnis vorm aanneem, en veral wanneer 'n vrylatingsdatum bekend gemaak is, hoofsaaklik weens hoë werksladings (Van Niekerk, 1991:125).

Die gevangenis is 'n *totale inrigting*, en soos in alle totale inrigtings speel alle fasette van daaglikse lewe af tussen dieselfde mure, tussen dieselfde persone en onder dieselfde lewensomstandighede (Howes, 1992:18). 'n Gevangenis het sy eie gebruike, geldstelsel, onderskeidende kleredrag, opvoedingsprogramme, gesondheids- en religieuse dienste, en soms, sy eie handel en nywerheid (Anderson, 1992:14).

'n Dagprogram word ook saamgestel. Hierdie dagprogram sluit in die tye waarop voorgeskrewe aktiwiteite onderneem word, en roetine word sterk gehandhaaf. Hierdie program word opgestel deur die hoof van die gevangenis in samewerking met die inrigtingskomitee (Van Niekerk, 1991:125).

### 3.2.3 Die impak van die fisiese omgewing

Die fisiese opset binne die gevangenis, met verwysing na veral oorbevolking, is 'n oorsaak van baie frustrasie vir beide die gevangenes en die personeel (Rossouw, 1997:45). Die impak van die omgewing op die jeugoortreder sal vervolgens bespreek word. In die bespreking sal daar verwys word na die verliesimplikasie, verlies aan 'n gesin en verlange huis toe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*3.2.3.1 Die verliesimplikasie*

Die jeugdige moet in laat adolessensie toenemend sy eie besluite neem ten einde sy gedrag te rig volgens dit wat hy in vorige lewensfases geleer het (Cronjé et al., 1982:42). Die hoeveelheid keuses wat daar egter vir die jeugdige binne die gevangenis bestaan is min, aangesien alle fasette van sy dag vir hom bepaal word. Howes (1992:18) noem hierdie tekort aan geleentheid vir eie besluitneming die verliesimplikasie. In haar navorsing oor die negatiewe implikasies van gevangenisstraf, het sy bevind dat die verliesimplikasie 'n aspek is wat bydra tot die oneffektiewe rehabilitasie-effek van gevangenisstraf. Die ander bydraende faktor waaraan sy die oneffektiewe rehabilitasie-effek toeskryf, is die gevangenissubkultuur wat in die volgende afdeling (sien 3.3.4.1) bespreek sal word.

Wanneer die oortreder die gevangenis betree, moet hy konformeer met die reëls van die instansie (Howes, 1992:18). Anderson (1992:14) beskryf 'n gevangenis as 'n mikrokosmos met sy eie onbeperkte verskeidenheid. Die gevangene word verplig om 'n sekere uniform te dra en sy dae word vir hom uitgelê. Die gevangenis funksioneer baie streng volgens roetine, en elke is dag baie soortgelyk aan die dag vantevore. Die gevangene verloor dus alle outonomie (Howes, 1992:18). Die gevangene verloor ook alle persoonlike kontrole oor sy lewe, aangesien alle keuses vir hom gemaak word (Asher, 1986 soos verwys na in Howes, 1992:18). Die sosiale rolle wat die jeugdige beklee het, byvoorbeeld die rol van vriend, kind, student en moontlik selfs ouer word ook meteens verloor (Howes, 1992:18). Sy eie identiteit word dus van hom gestroop, en sy menswaardigheid word aangetas (Howes, 1992:18).

*3.2.3.2 Verlies aan 'n gesin*

Met opname in die gevangenis word die jeugmisdadiger van die gemeenskap geskei. Hierdie skeiding impliseer ook 'n skeiding van sy gesin. McKendrick (1991:67) meen dat "The child has the best chance for happiness and optimum growth and development within the social environment of his own family". Alhoewel dit nie altyd prakties

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



uitvoerbaar is met jeugoortreders nie, word die belangrikheid dat die gesin in rehabilitasiepogings met jeugoortreders betrek word deur verskeie persone en organisasies beklemtoon (Russel & Sedlak, 1993:13; The Children's Rights Research and Advocacy project, 1992:21; The Correctional Service Act No 8 of 1959; Van Staden, 1998:225). Dit gebeur egter in baie gevalle dat die jeugdige se familie hom verwerp na sy opname in die gevangenis.

Gebrekkige ouer-kind-verhoudinge in vroeë adolessensie, tesame met ongunstige gesins- en omgewingsfaktore (waarvan beide teenwoordig is binne die gevangenis), kan aanleiding gee tot wanaanpassing en afwykende gedrag in die jeugdige (Cronjé et al., 1982:40). Mens sou kon reddeneer – en nie verkeerlik nie - dat die jeugdiges in die gevangenis alreeds hierdie kenmerke toon, en dat dit dus nie noodwendig 'n gevolg is van gevangenisstraf nie. Die gevangenis se doel is egter rehabilitasie, en gevolglik is die navorser van mening dat hierdie wananpassing en afwykende gedrag aangespreek, eerder as aangehelp moet word binne hierdie instelling.

*3.2.3.3 Verlange huis toe*

Verlange huis toe (*homesickness*) vind plaas wanneer mense hul tuiste mis nadat hul op 'n ander plek gevestig het (Ireland & Archer, 2000:97). In ouer besprekings van verlange huis toe, definieer Fisher, Murry en Frazer (1985, soos verwys na in Ireland & Archer, 2000:97) dit as die gevoel wat plaasvind wanneer 'n persoon rou oor of 'n intense begeerte toon na sy ou omgewing en depressief is oor sy verwydering daarvan. Dit kan dus beskou word as 'n verwyderingsreaksie, soortgelyk aan rou (Archer, 1999 in Ireland & Archer, 2000:97). Daar is twee faktore wat ter sprake kom by studies oor verlange huis toe, naamlik: dat die persoon nie hou van die nuwe omgewing nie; en tweedens huisvas is, wat dus klem lê op verwyderingstres (Fisher; Fisher & Hood in Ireland & Archer, 2000:98), of omgewingdruk (Fisher & Hood, verwys na in Ireland & Archer, 2000:98).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Daar is negatiewe psigososiale gevolge vir 'n persoon wat verlange huis toe ervaar (Ireland & Archer, 2000:98), waarvan depressie, hartseer, angstigheid, kognitiewe gebrek en verhoogde stresvlakke onder meer die simtome is wat gevind is. Die opname in 'n gevangenis is 'n skielike en totale verwydering, van 'n onvrywillige aard, van die persoon van sy huis, familie en vriende na 'n omgewing waar vryheid van handeling beperk word (Ireland & Archer, 2000:98). Mens kan verwag dat verlange huis toe sterk na vore sal kom, veral onder eerste oortreders. Wapner, Kaplan en Ciottone (verwys na in Ireland & Archer, 2000:98) het in hul bydrae tot die onderwerp die bespreking gefokus op die mate waarin sekere tipes hervestiging 'n sterker effek op die individu het as ander. Hul verwys na die sterkste vorm as 'kritiese transisies', wanneer 'n persoon gedwing word tot 'verpligte migrasie'. Om tronk toe te gaan is 'n voorbeeld van so 'n kritiese transisie. Zamble en Porporino (soos beskryf deur Ireland & Archer, 2000:98) het in hul studie bevind dat die grootste probleem en stressor wat gevangenes ervaar die verlange is na familie en vriende (82% van hul respondente).

Ireland en Archer (2000:101) het in hulle studie bevind dat die variasies in die mate van verlange huis toe wat ervaar word, afhang van die graad van verwydering wat ervaar word. Insiggewend van hierdie bevinding, is dat 'n mens sou verwag dat omgewingsdruk eerder die faktor is wat die grootste invloed sal hê in hierdie tipe omgewing. 'n Moontlike verklaring vir hierdie bevinding is dat almal binne die gevangenis nie van die omgewing hou nie, en dus is daar nie 'n merkwaardige verskil tussen die persone wat wel verlange huis toe ervaar, en die wat dit nie met betrekking tot hierdie faktor ervaar nie. Omgewingsdruk is dus alomteenwoordig. Verder is daar bevind dat die oorgrote meerderheid van die gevangenes wat wel verlange huis toe ervaar, dit by toetrede tot die gevangenis ervaar (87% vs. 34%). 'n Moontlike verklaring hiervoor kan gevind word in die impak van die gevangenissubkultuur en die sosiale strukture binne die gevangenisomgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 3.3 DIE SOSIOKULTURELE GEVANGENISOMGEWING

Die sosiokulturele omgewing is die omgewing waarbinne die jeugmisdadiger homself bevind na toetrede tot die gevangenis, en dit bestaan uit die kultuur waarbinne hy gesosialiseer word. Dit is nie tasbaar nie, word geskep hoofsaaklik deur die gevangenes self en bly behoue deur die jare. Die sosiokulturele omgewing sal vervolgens bespreek word deur te fokus op die subkultuur, aggressie en geweld asook middelmisbruik. Daarna sal gelet word op die impak van die sosiokulturele omgewing op die jeugmisdadiger.

### 3.3.1 Subkultuur

Die gevangene word binne hierdie gevangenisomgewing gesosialiseer en word deel van hierdie unieke kultuur. Sosialisering is, soos beskryf deur Goslin (1969, in Craig, 1996:8), 'n algemene proses waardeur die individu 'n lid word van 'n sosiale groep – 'n familie, 'n gemeenskap, 'n bende. Dit sluit in die aanleer van al die waardes, normes, rolle, gebruike, houdings en verwagtinge van die groep. Verder meld Craig (1996:8) dat dit 'n lewenslange proses is wat die individu help om gemaklik te lewe en ten volle deel te neem aan die kultuur of kulturele groep binne die groter samelewing. Wanneer 'n groep mense binne 'n gemeenskap egter 'n wyse van lewe handhaaf wat elemente van die hoofkultuur bevat, maar ook sekere onderskeidende elemente bevat wat nie in ander groepe gevind word nie, word hul groep 'n subkultuur genoem (Popenoe, 1995:64).

Binne die fisiese omgewing en met die hoeveelheid tyd wat die gevangenes, onder dwang, binne daardie omgewing spandeer, is dit voor die hand liggend dat 'n eie subkultuur in so 'n inrigting sal ontwikkel (Howes, 1992:18). Hierdie subkultuur bepaal grootliks die aanpassing van die jeugdige binne die gevangenis en bestaan uit taal, wette, musiek en sosiale strata (Anderson, 1992:14). Die sosiale strata van die subkultuur beïnvloed die jeugdige se sosiale status binne die gevangenisomgewing. Die gevangenes 'verwag' van die mede gevangenes om te konformeer met die 'reëls' van die subkultuur indien sosiale status verkry wil word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 3.3.2 Geweld en aggressie

Geweld en aggressie is deel van die gevangeniskultuur (Kratcoski & Kratcoski, 1990:310). Afhangend van sosiale status, karaktereienskappe en tyd spandeer in die gevangenis, kan die gevangene óf 'n slagoffer óf die oortreder word van hierdie geweld. Geweld behels hoofsaaklik die wedywering vir beperkte materiële besittings, seksuele uitbuiting en magspele. Barnes en Ephros (1994:247) meen egter dat geweld die gevolg is van haat.

Aggressie behels direkte optrede en kan verskeie vorms aanneem. Voorbeelde van aggressie wat die algemeenste voorkom binne die gevangenis, is verbale aanvalle, dreigemente, intimidasie, aanranding, vloek, skelname, brandstigting, vernietiging van eiendom, moord, vernederende en vyandige opmerkings. Dit kan egter ook meer indirekte optredes insluit, soos sarkastiese opmerkings (Van der Westhuizen & Pieters in Van Staden & Greyling, 1999:268; Agee in Rossouw, 1997:27).

### 3.3.3 Middelmisbruik

Middelmisbruik is ook in baie gevalle deel van die kultuur binne die gevangenis. Die gebruik van middels soos alkohol, dagga, dwelmmiddels en snuifmiddels is besig om sterk toe te neem onder die jeug (Fourie, 1997:69). O'Conner (in Fourie, 1997:73) meld dat studies aantoon dat elke kultuurgroep 'normale' of 'abnormale' drinkpatrone het wat as die aanvaarbare norm deur daardie groep gehandhaaf word. Binne die gevangenis is die sosiale waardes en norme met betrekking tot middelmisbruik van so 'n aard dat 'n sekere mate van misbruik as normaal beskou word. Afwyking van hierdie norm kan die gevangene se sosiale status moontlik beïnvloed.

### 3.3.4 Die impak van die sosiokulturele omgewing

Soos reeds gemeld affekteer die sosiale omgewing elke individu se persoonlike groei, deur dit óf te verryk óf te strem (Craig, 1996:8). Die wyse waarop die gevangenis se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sosiokulturele omgewing die ontwikkeling van die jeugdige strem sal vervolgens bespreek word. Die bespreking sal fokus op die gevangenissubkultuur, sosiale strukture binne die gevangenis, geweld en aggressie asook middelmisbruik.

*3.3.4.1 Die gevangenissubkultuur*

Kratcoski en Kratcoski (1990:312) het die belangrikheid van die gevangenissubkultuur ontleed, en het bevind dat die jeugdiges meer gemoeid is met die speel van speletjies met personeel en medegevangenes as met hul eie groei en ontwikkeling. As't ware, sien hulle hierdie 'spel-gedrag' as 'n vereiste van oorlewing. Sommige jeugdiges vaar nie baie goed in die aanpassing nie en eindig op as sondebokke. Die mees anti-sosiale jeugdiges – die rebelle (sien 3.4.1.5) – beheer die omgewing deur van die standpunt uit te gaan dat slegs die sterkste oorleef. Ten slotte meld Kratcoski en Kratcoski (1990:312) dat hierdie geslote omgewing wat die gevangenes skep baie swakker is as die omgewing waaruit hulle kom, en dat hoop vir effektiewe rehabilitasie nie bestaan nie. Die navorser stem saam met die skrywer se analisering van die subkultuur, maar is nie in dieselfde mate so pessimisties oor rehabilitasiepogings nie. Met die nodige kennis en entoesiasme kan rehabilitasie binne die gevangenis suksesvol wees.

Howes (1992:18) erken ook die negatiewe impak van die subkultuur op rehabilitasiepogings. Sy skryf die redes hiervoor toe aan die hand van Zingraff (1975) se skrywe, waarin die wyses waarop die gevangenissubkultuur die rehabilitasieprogramme negatief beïnvloed as volg beskryf word: daar is teenstand teen die amptelike organisasie van die inrigting; daar word verhoogde prioriteit geplaas op lojaliteit aan die groep (mede gevangenes); en daar is miskenning van die regmatigheid van die regstelsel in die algemeen. Kratcoski en Kratcoski (1990:312) se aantyging word dus ondersteun, maar Howes openbaar, soos die navorser, nie dieselfde hoeveelheid pessimisme nie. Howes (1992:19) meld verder dat indien die persone verantwoordelik vir die formulering van die rehabilitasieprogramme nie die programme formuleer met hierdie negatiewe faktore in gedagte en pogings aanwend om dit teen te werk nie, die programme onsuksesvol sal wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Aansluitend by die bogenoemde is Wheeler, 1977 (in Howes, 1992:18) se melding van die intensiteit van die gevangene se sosialisering in die subkultuur wat varieër volgens die tydperk wat die persoon aangehou word. Volgens hierdie model is die impak hoër in die middelfase van die aanhoudingsperiode as aan die begin en einde van die straf, die sogenaamde "U-kurwe" van sosialisering. Die hoë werkslading van die maatskaplike werkers is 'n probleem in hierdie verband, aangesien intervensie eers in alle erns begin wanneer die gevangene in die laaste fase van sy straf is (Rossouw, 1997). Sosialiasering het dus teen hierdie tyd klaar die grootste impak gehad.

*3.3.4.2 Sosiale strukture binne die gevangenis*

Verskeie skrywers (Coleman, Brown, Eicher & Petrie in Louw, 1992:438; Goldentyer, 1994:22) meld dat daar tydens vroeë adolesssensie in die grootste mate met die portuurgroep gekonformeer word. Dit is makliker vir 'n adolessent om deur sy portuurgroep aanvaar te word indien hy met die groep se waardes, gewoontes en belangstellings konformeer (Thom, 1992:441). Dit is belangrik vir adolessente om deel te wees van 'n groep (Goldentyer, 1994:22). Hierdie behoefte om te behoort, tesame met groepsdruk is een van die hoofredes waarom kinders by bendes aansluit (Goldentyer, 1994:26). 'n Verdere rede wat hierdie skrywer aanvoer vir die redes waarom kinders by bendes aansluit is die tekort aan familie-ondersteuning. Verder bied die bende vir die jeugdige veiligheid, opwinding en status (Goldentyer1994:29-33). Hierdie redes in ag geneem is dit dus duidelik waarom bendes so aanloklik lyk binne die gevangenisopset.

Die meeste bende-aktiwiteite is egter krimineel van aard, en gaan dikwels met geweld gepaard (Goldentyer, 1994:36). Die sosiale druk wat die bende uitoefen op die jeugdige beïnvloed die jeugdige se persoonlikheid, veral in laat adolessensie (Hurlock in Cronjé et al., 1982:42). In 'n poging om sosiaal aanvaar te word, sal die jeugdige poog om die karaktertrekke van die bendelede te ontwikkel. Freud maak ook melding hiervan, en noem dit identifisering (Möller, 1996:45). Volgens Freud identifiseer iemand hom met 'n ander persoon, groep, en so meer om prestige of eer te verkry wat hy nie op sy eie kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



bewerkstellig nie. Identifikasie vind plaas deur die eienskappe van ander in sy eie persoonlikheid oor te neem.

Die reeds teenwoordige aspekte van die jeugdige se persoonlikheid sal in hoë mate bepaal met watter groep die jeugdige konformeer. Poski (in Kratcoski & Kratcoski, 1990:312) het die volgende groepe geïdentifiseer onder geïnstitusionaliseerde seuns:

*(a) "Toughs"*

Hierdie groep gee aan die leier sy mag en status, en vergoed hom ook met materiële items, soos sigarette en kos. Die leier het waarskynlik sy posisie verkry deur van geweld gebruik te maak, maar wanneer sy magsposisie eers gevestig is, is geweld minder nodig. Die leier van die "toughs" laat nuwe lede in volgens die groep se standaarde, en elimineer of isoleer jeugdiges wat as 'nie reg' vir die groep beoordeel word. Rebelle sal aansluit by hierdie groep, weens die geleenthede wat hierdie groep bied vir selfbevrediging (sien 3.4.1.5). Die rituleerders kan ook ingesluit word by hierdie groep (sien 3.4.1.3), maar sal waarskynlik nie die mate van status verkry wat die rebel kan verkry nie. Die rebel sal die leier wees, en die rituleerder die persoon wat aan die leier sy mag verleen. Vir hierdie groep is die karaktereienskap wat die belangrikste rol speel die magspel (sien 2.5.2.1), tesame met die teenwoordigheid van valse trots (sien 2.5.2.4). Al die swakpunte soos deur Ferrara (1992:17) beskryf is ook teenwoordig (sien 2.5.3), asook die vermoë tot ontheffing (sien 2.5.2.5)

*(b) Lokvinke*

Hierdie jeugdiges oordryf oor hul atletiese vermoëns en seksuele ervarings. Hulle vertrou nie hulle medegevangenes nie en teenoor volwassenes projekteer hulle 'n beeld van gewilligheid om te verander. Die navorser is van mening dat dit hoofsaaklik die innoveerders is wat by hierdie groep aansluiting sal vind wees ooreenkomste in hul wyses van optredes (sien 3.4.1.2). Die karaktereienskap wat die prominentste na vore kom in dié groep is die hoë vlak van energie, maar die onvermoë om dit op 'n konstruktiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



wyse te laat uiting vind (sien 2.5.2.3). Vervolgens manipuleer hulle ander in 'n soeke na opwinding.

*(c) Stil tipe*

Die stil groep is die jeugdiges wat hulself eenkant hou. Hulle sluit nie aan by die "toughs" nie, maar aanvaar ook nie die status van die "bushboys" nie. Hulle is meestal geïnstitusionaliseerde seuns wat geleer het om op die agtergrond te bly deur 'n emosionele afstand te hou en samewerking te gee aan die jeugdiges bo in die hiërargie. Dit kom voor asof dit hoofsaaklik konformeerders is wat hierdie groep die aanloklikste vind (sien 3.4.1.1). Aansluiting by hierdie groep kan ook 'n gevolg wees van 'n tekort aan kommunikasievaardighede of die geleentheid tot geslote of eenigtingkommunikasie (sien 2.5.2.2). Weens hul unieke selfbeskouing identifiseer hul nie met ander groepe nie, want hul vind geen aanklank by ander nie.

*(d) "Bushboys"*

Hierdie groep het min status en word gekenmerk deur kinderagtige, regressiewe gedrag. Hulle is oormatig behep met hul lae status en oorreageer indien op enige iemand "iets op hulle kry". Hierdie laestatus jeugdige se woede word geïnternaliseer en kom tot uiting in eksentrieke gedrag, deels omdat hulle nie oor vaardigehede beskik om dit te hanteer nie. Die persone kan waarskynlik óók rituleerders wees (sien 3.4.1.3), want selfs na herhaaldelike opname in die gevangenis verkry hul steeds nie 'n statusposisie nie, en dis die rede vir hul beheptheid met hul lae status. Alhoewel in 'n negatiewe sin, is dit waarskynlik die gevolg van 'n onvermoë om van ander en uit vorige ervarings te leer (sien 2.5.3.3).

*(e) Sondebokke*

Hierdie groep jeugdiges word deur medegevangenes beskou as die groep met die laagste sosiale status binne die gevangenisomgewing. Dit is vir hulle onmoontlik om aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



konstante uitbyting van die oorheersende "toughs" en die manipulering van die lokvinke te ontsnap, en hulle word selfs uitgebyt deur die "bushboys". Nuwe gevangenes begin as sondebokke met hulle opname in die gevangenis, en beweeg opwaarts of bly daar – afhangende van hulle houding en fisiese kenmerke. Die terugtrekkers vorm deel van hierdie groep, weens hul klein voorkoms en introvertiese persoonlikheid (sien 3.4.1.4). 'n Swak probleemoplossings vermoë is waarskynlik hul vernaamste karaktereienskap (sien 2.5.3.3), en vervolgens bly hulle die sondebokke en kan nie uit hul situasie ontsnap nie.

*3.3.4.3 Geweld en aggressie binne die gevangenis*

Aggressie is een van die mees algemene probleme wat maatskaplike werkers in die gevangenis moet aanspreek ter wille van rehabilitasie. Hierdie intervensie is egter hoofskaaklik gerig op die aard van die oortreding wat die betrokke gevangene begaan het. Geweld, of die bedreiging daarvan, binne die gevangenis tussen medegevangenes is egter 'n realiteit, wat na die mening van navorser nie genoeg aandag ontvang nie. Geweld en aggressie binne die gevangenis kan belangrike implikasies hê vir die aanpassing van die jeugdige asook sy ontwikkeling.

Daar is 'n definitiewe verband tussen aggressiewe optrede en 'n gebrek aan selfhandhawende gedrag. Hierdie verband word bevestig deur Van Staden en Greyling (1999:266), asook Gilmour, McCormick en De Ruiter (in Van Staden & Greyling, 1999:266).

Navorsing oor aggressie binne geslote instellings, soos die gevangenis, skryf hierdie gedrag toe aan óf die deprevasie perspektief óf die kulturele perspektief (Kratcoski & Kratcoski, 1990:310). Volgens die deprevasie perspektief is aggressie 'n reaksie op die moeilike omstandighede en deprevasie ten opsigte van ervarings. In teenstelling met hierdie perspektief is aggressie volgens die kulturele perspektief 'n manifestasie van waardes en gedrag, wat vroeër in die persoon se lewe aangeleer is. Hy bring dit dan saam na die gevangenis, en gebruik dit om so veel voordele as moontlik te bekom. Dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



veroorsaak egter 'n kettingreaksie binne die sosiokulturele omgewing (McKendrick & Hoffmann in Louw & Edwards, 1996:478). Hierdie kettingreaksie kan verduidelik word aan die hand van die sosiale-leer teorie (Van der Westhuizen, 1982:173). Volgens hierdie teorie leer die gevangene om aan te pas binne die gevangenis deur te let op hoe medegevangenes reageer in soortgelyke situasies. Indien hy sien dat ander gevangenes van aggressie gebruik maak om behoeftes te bevredig sal hy ook mettertyd hierdie gedrag aanleer (Van der Westhuizen, 1982:173).

McKendrick en Hoffmann (in Louw & Edwards, 1996:478) bespreek die impak van geweld op individue en die gemeenskap. Volgens hierdie navorsers is die invloed wat geweld op die ontwikkeling van individue kan hê veelvuldig van aard. Veral met betrekking tot kinders en jeugdiges kan geweld lei tot toenemende emosionele afstand van ander (en gevolglik berokken dit skade aan verhoudings); 'n vermindering van 'n verantwoordelikheidsin vir eie gedrag; afname in weerstand teen groepshoudings- en prosedures; en gevoelens van hulpeloosheid. Dit is reeds genoem dat jeugmisdadigers swak of gebrekkkige kommunikasie toon (Ferrara, 1990:17). Dit word dikwels gemeen dat die gevolge van onderdrukking nog meer skadelik kan wees (McKendrick en Hoffmann soos verwys na deur Louw & Edwards, 1996:478). Dit kan lei tot vervreemding; psigologiese ontwrigting; en morele agteruitgang.

Personeellede word ook slagoffers, hoofsaaklik van lokvinke en manupilasie (Kratcoski & Kratcoski, 1990:310; Rossouw, 1997). Die gevolg van personeel wat slagoffers raak is dat hulle 'n antagonistiese houding kan ontwikkel teenoor die gevangenes en dit kan weer die kwaliteit van diens wat gebied word, beïnvloed.

Die subkultuur se 'statuskodes' werk ten gunste van die sterkeres en dit is hoofsaaklik die swakker gevangenes wat slagoffers word. Gevangenes se reaksie op viktimisering kan uitlating vind in die vorm van pogings om te ontsnap, selfmoordpogings of pogings om die werklikheid te ontsnap deur middelmisbruik (Kratcoski & Kratcoski, 1990:310). Die laasgenoemde respons is volgens die navorser die algemeenste in die Suid-Afrikaanse gevangenisse, en dit word ondersteun deur navorsing gedoen deur Fourie (1997).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*3.3.4.4 Middelmisbruik in die gevangenis*

Alhoewel die beskikbaarheid van dwelms deel is van die fisiese omgewing, is die gebruik daarvan, volgens die navorser, gesetel in die sosiokulturele omgewing, en sal dus in hierdie afdeling bespreek word. Vir die doeleindes van hierdie bespreking sal daar nie onderskeid getref word tussen die verskillende tipes dwelmmiddels wat gebruik word nie, aangesien die probleem nie die tipe dwelmmiddel is nie, maar die rede waarom dit gebruik word.

Fourie (1997:71) het 'n ondersoek by Pollsmoor Bevelsarea geloods waar daar na die verband tussen ouderdom en middelmisbruik onder gevangenes gekyk is. Die bevinding was dat byna twee derdes van die respondente by wie middelmisbruik geidentifiseer is, dit reeds begin het gedurende adolessensie. Die oorgrote meerderheid het egter aangedui dat hulle misbruik van dwelms sy aanvang gehad het in hulle latere adolessensie, en 78% van die respondente het aangedui dat hul dit steeds gebruik.

Volgens Erikson is die sentrale ontwikkelingstaak (soos genoem in die vorige hoofstuk) in latere adolessensie en vroeë volwassenheid *intimiteit* vs *isolasie*. Dit is die vaardigheid wat 'n persoon ontwikkel om homself te deel met ander persone, sonder die vrees om eie identiteit prys te gee. Die jeugdige se karaktereienskap van geslote kommunikasie (sien 2.5.2.2) verhinder egter die ontwikkeling van hierdie vaardigheid, aangesien kommunikasie as 'n swakheid beskou word. Die feit dat die gevangenisomgewing nie baie geleenthede bied vir die ontlading van die jeugdige se hoë energie vlakke (sien 2.5.2.3) nie, tesame met die jeugmisdadiger se vermoë tot ontheffing (sien 2.5.2.5) kan as 'n verduideliking dien vir die hoë middelmisbruik in hierdie ouderdomskategorie. Die *"toughs"* sal middels misbruik vir hierdie rede (sien 3.3.4.2(a)). 'n Verdere verduideliking is die reaksie van 'n slagoffer op aggressie, soos in die voorafgaande afdeling bespreek, en dien as 'n verduideliking vir middelmisbruik veral onder die sondebokke (sien 3.3.4.2(e)).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*3.3.4.5 Stres*

Louw en Edwards (1996: 657) gee te kenne dat dit nie maklik is om 'n algemeen aanvaarbare definisie van stres te formuleer nie. Die vaktaalkommitee vir Maatskaplike Werk (1995: 62) omskryf stres as die "totaliteit van fisiese en psigiese reaksies op nadelige en/of onaangename interne en/of eksterne stimuli, gekenmerk deur die versteuring van die homeostase tussen die individu en omgewing". Alhoewel stres nie altyd sleg of skadelik is nie (Louw & Edwards, 1996: 658), kan te veel stres aanleiding gee tot 'n verskeidenheid simptome soos geïrreteerdheid, vinnige humeur, slaaploosheid, hoofpyne, teneergedruktheid, senuagtigheid en depressie (Malherbe & Engelbrecht, 1992:24).

Die vaktaalkommitee vir Maatskaplike Werk (1995:62) omskryf 'n stressor as 'n "gebeurtenis of proses wat, as gevolg van die eise wat dit aan mense stel, verandering in hulle biopsigososiale toestand teweegbring en hulle maatskaplike funksionering beïnvloed indien interne en eksterne hulpbronne nie in hul behoeftes kan voorsien nie." Na aanleiding van die definisie van 'n stressor kan beide die fisiese- en sosiokulturele gevangenisomgewing dus die oorsaak wees van stres by die jeugoortreder.

## 3.4 DIE JEUGDIGE SE REAKSIE OP INSTITUSIONALISERING

Daar is 'n groot hoeveelheid bewyse dat korrektiewe instellings 'n negatiewe impak het op die inwoners (Kratcoski & Kratcoski, 1990:309; Howes, 1992:17). 'n Probleem in die gevangenisstruktuur is dat die omgewing nie altyd baie heterogeniteit toelaat in terme van lewenservarings, gedrag en waardes nie. Die gevolg is dat die jeugdiges mekaar se verbintenis tot afwykende gedrag sal herbevestig (Garvin, 1997:252). Die impak wat die instelling op die jeugdige het sal vervolgens bespreek word; dit is egter eers noodsaaklik om te kyk na die verskillende wyses waarop die jeugdige sy aanpassing na die gevangenisomgewing hanteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 3.4.1 Aanpassing in die gevangenis

Die gevangenis is 'n inrigting met sy eie kultuur, en aanpassing gaan dikwels gepaard met aanpassingsprobleme (Toch, 1992). Jeugdiges wat in die gevangenis opgeneem word vind dat hulle moet aanpas by twee kragte wat inwerk op hulle. Hierdie twee kragte het teenstrydige doelstellings en werkswyses (Kratcoski & Kratcoski, 1990:311). Ten einde bepaalde doelstellings te bereik vir vrylatingsdoeleindes, moet die jeugmisdadiger samewerking met personeel bied, en vorder in terme van rehabilitasie. Terselfdetyd is daar druk van medegevangenes wat die jeugdige moet hanteer. Die medegevangenes mag sekere vereistes stel wat teenstrydig is met die vereistes gestel deur personeellede (vergelyk ook Compton & Galaway, 1994:125).

Sieverdes en Bartollas (in Kratcoski & Kratcoski, 1990:311) het ondersoek ingestel na die wyses waarop jeugdiges die aanpassing hanteer. Gebaseer op hul bevindinge het hul die jeugdige se aanpassingswyse in 'n institusionele instelling in vyf kategorieë verdeel, naamlik: konformeerders, innoveerders, rituleerders, terugtrekkers en rebelle. Hierdie tipes hanteringswyses van aanpassing sal vervolgens kortliks bespreek word.

#### *3.4.1.1 Konformeerders*

Konformeerders is hoofsaaaklik jeugdiges wat afkomstig is vanuit 'n stabiele gesinslewe. Hulle poog om die personeellede te beïndruk met hul positiewe houding en samewerking. Hulle word nie vertrou deur medegevangenes nie, weens hul sterk identifisering met die personeel. Hulle word ook nie tot enige herkenbare vlak deel van die gevangenissubkultuur nie.

#### *3.4.1.2 Innoveerders*

Hulle is die hoofmanupileerders binne die gevangenis. Hierdie jeugdiges volg 'n patroon van misleidende gedrag, gemik op onmiddellike selfgratifikasie. Alhoewel hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



manipulerende gedrag gewoonlik herken word deur personeellede, is hulle meestal baie suksesvol daarin om lede van hul portuurgroep uit hul besittings te kul.

*3.4.1.3 Rituleerders*

Hierdie groep bestaan hoofsaaklik uit residiviste en was al verskeie kere geinstitusionaliseer. Hulle is al gewoond aan die lewe in die gevangenis, en voel redelik gemaklik binne die omgewing met al sy spesifieke gebruike.

*3.4.1.4 Terugtrekkers*

Die jeugdiges wat van hierdie tipe aanpassing gebruik maak is gewoonlik klein van gestalte. Dit sal dan in baie gevalle die jeugdige wees wat puberteit (fisiese rypwording) op 'n latere stadium bereik. Fisiese voorkoms, tesame met 'n introvertiese persoonlikheid veroorsaak dat hul as die sondebokke dien vir die ander gevangenes. Hulle is meer geneig tot selfmoord of ander metodes van selfbesering as die ander tipes, in pogings om die marteling te ontsnap.

*3.4.1.5 Rebelle*

Die rebelle is sterk jeugdiges, hoofsaaklik van stedelike gebiede afkomstig, wat die ander gevangenes beheer deur dwang. Hulle is uiters suksesvol in die manipulering van die gevangenisomgewing sodat dit vir hulle werk en nie teen hulle nie. Interaksie met die personeellede word gekenmerk deur "needling" of selfs dreigemente. Hulle neig om haatdraend en antagonisties te wees, en sien opvoedkundige en rehabilitasieprogramme as 'n mors van tyd. Hulle kry hul bevrediging van hul magsposisie binne die subkultuur. Medegevangenes vrees die rebelle en die groep oefen groot mag uit binne die gevangenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 3.5 DIE IMPAK VAN DIE GEVANGENISOMGEWING OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE JEUGDIGE EN IMPLIKASIES VIR HERINTEGRERING IN DIE GEMEENSKAP

Soos genoem in hoofstuk twee, is dit belangrik vir die jeugdige om in vroeë adolessensie verskeie rolle te integreer in 'n enkele konstante identiteit (Craig, 1996:59). Die verskillende rolle (soos beskryf deur Compton & Galaway, 1994:125), het te make met die verwagte optrede van 'n persoon wat 'n sekere sosiale status of posisie beklee in 'n sosiale sisteem. Die jeugdige neem egter die rol van gevangene aan met toetrede tot die gevangenis. In die ontwikkeling van 'n enkele konstante identiteit word die rol van gevangene dus ook geïnkorporeer. Verwagte optrede vir hierdie rolvertolking wyk egter in baie gevalle af van die waardes en norme van die breër samelewing, soos reeds bespreek. Identiteit is die verhaal wat mense oor hulself vertel (McAdams soos verwys na deur Ungar, 2000:168). Die taal wat gebruik word om die storie saam te stel, hang af van die interpersoonlike konteks (Gergen & Davis verwys na in Ungar, 2000:168). 'n Vereiste vir funksionele ontwikkeling is 'n sosiale toestand of omgewing wat interne stabiliteit en kontinuïteit bied, asook modelle bevat vir goed gedefinieerde geslagsrolle en positiewe terugvoer bied. Die gevangenisomgewing, veral met verwysing na die sosiokulturele omgewing, bied egter nie interne stabiliteit nie weens teenstrydige verwagtinge gestel vir die gevangene deur die personeel en medegevangenes. Rolkonflik kan dus voorkom (Compton & Galaway, 1994:125). Onduidelike terugvoer kom ook meer voor as positiewe terugvoer. Die jeugmisdadiger beskou kommunikasie as 'n swakheid en sal dus nie vir ander positiewe terugvoer gee nie. Indien 'n personeellid, soos die maatskaplike werker, positiewe terugvoer gee, sal die jeugmisddiger – weens sy swak selfbeeld en eenrigtingkommunikasie – nie die positiewe terugvoer in sy verwysingsraamwerk opneem nie, veral nie as dit nie ooreenstem met sy selfbeskouing nie. Ontwikkeling word dus benadeel en ego diffusie eerder as ego identiteit vind plaas.

Vroeë adolessensie word ook gekenmerk deur die fisiese rypwording van die individu (Cronjé et al., 1982:39). Persone ontwikkel egter teen verskillende tempo's, en dit kan aanpassingsprobleme meebring. Binne die selle van die gevangenis kom viktimisasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



baie voor (The Children's Rights Research and Advocacy Project, 1992:3), en dit is die individue wat laaste puberteit bereik wat in meeste gevalle die slagoffer is. Hulle is hoofsaaklik sondebokke en deel van die terugtrekkers. Die gevolg kan ook wees dat hierdie persoon wat puberteit laaste bereik die oortreder word in hierdie verband as 'n tipe verdedigingsmeganisme. Die persoon wat vinniger puberteit bereik raak by misdade betrokke, omdat hy weens emosionele onrypheid nie altyd die gevolge van sy dade besef nie (Cronjé et al., 1982:40). Deur aggressie binne die gevangenis waar te neem as 'n wyse om behoeftes te bevredig, word reeds onontwikkelde probleemoplossingsvermoëns verder versterk, en die korrekte probleemoplossingsvermoë word nooit aangeleer nie. Aggressiewe gedrag sal vervolgens voortgesit word na vrylating uit die gevangenis as 'n wyse tot behoeftebevrediging. Die impak wat geweld het op die slagoffer is ook nadelig in terme van ontwikkeling. Hierdie stelling word bevestig deur Louw en Edwards (1993:473) wat aandui dat die impak van geweld die slagoffer kan beïnvloed en sy hele lewe kan omverwerp.

Laat adolessensie is 'n besondere krisistydperk vir die jeugdige omdat dit so lank uitgerek is. Die jeugdige voel nie meer kind nie, maar kan nie volwassestatus kry nie (Cronjé et al., 1982:41). In laat adolessensie is die taak wat die jeugdige moet volbring intimiteit versus isolasie. Indien die vorige krisis nie suksesvol oorbrug is nie, sal hierdie konflik ook nie suksesvol aangepak kan word nie. Sy selfkonsep beweeg ook meer in die rigting van selfdireksie. Die fisiese struktuur bestaan, soos genoem in die vorige hoofstuk, uit sterk gehandhaafde roetines. Die jeugdige se keuses is gevolglik baie beperk. Wanneer die jeugmisdadiger uiteindelik vrygelaat word is die vryheid van keuse oorweldigend, en die jeugdige kan moontlik nie in staat wees om verantwoordelike besluite te neem nie, weens 'n gebrek aan die nodige vaardigheid.

Indien die jeugdige egter wel daarin geslaag het om 'n konstante identiteit te ontwikkel, moet hy in die laat adolessensie ontwikkel op so 'n vlak dat hy intimiteit verkry. Hierdie taak word egter ook aansienlik bemoeilik deur die karaktereienskappe van die jeugmisdadiger en die gevangenisopset.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Cronjé et al. (1982:41) meld dat die jeugdige namate hy volwassenheid bereik verskeie heraanpassings moet maak op sosiale gebied, wat dikwels met baie probleme gepaard gaan. Hy moet onder meer nuwe verhoudings opbou met sy ouers, sy tydgenote, lede van die teenoorgestelde geslag asook volwassenes buite die gesinskring (Hurlock, 1959, in Cronjé et al., 1982:42). Die navorsers meld ook dat die jeugdige nie meer net met sy portuurgroep alleen identifiseer nie, maar met verskeie groepe wat hom elk verskillend sal beïnvloed (sien ook Johnson, 1997:7). Hierdie reeds moeilike taak van die laat adolessent word verder bemoeilik deur die gevangenisomgewing. Dit is eerstens moeilik om 'n nuwe verhouding met sy ouers te vorm weens die feit dat hy verwyder is vanuit die ouerhuis, en kontak met die gesin is min, onvoldoende en in baie gevalle ontbrekend (The Children's Rights Research and Advocacy Project, 1992:21). Nie net is die jeugdige se portuurgroep beperk tot sy medegevangenes nie, maar dit is die enigste sosialiseringskring wat bestaan in sy omgewing en gevolglik is daar geen beïnvloeding van buite nie. Die gevangene sal weens die magspel en geslote kommunikasie nie homself oopstel vir ander nie. Die moontlikheid dat verhoudinge opgebou kan word met die teenoorgestelde geslag bestaan ook nie. Volgens die Korrektiewe Dienste Wet is dit verplig dat daar 'n skeiding is tussen geslagte. Die enigste volwassenes buite die gesinskring met wie 'n verhouding opgebou kan word is die korrektiewe beamptes, maar hierdie verhoudings is oorwegend negatief (Rossouw, 1997:33). Van Staden en Greyling (1999:275) het in hul ondersoek bevind dat diegene wat nie oor die vermoë beskik om selfhandhawend op te tree nie, interpersoonlike probleme ondervind en hul ontwikkeling word ook nadelig beïnvloed. Dit is dus voor die hand liggend dat ontwikkeling gestrem word binne die gevangenisomgewing in samehang met die teenwoordigheid van veral sekere karaktereienskappe.

Die navorser is verder van mening dat die jeugdige in die gevangenis se siening op so 'n wyse deur die medegevangenes, en veral die waardes van sosiale groepe binne die subkultuur, beïnvloed word dat sy eie morele konsepte op 'n wyse vorm wat onaanvaarbaar is vir die breër gemeenskap. 'n Karaktereienskap wat veral 'n rol speel in die verband is empatie en rolaanvaarding. Hierdie karaktereienskap sal ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



herintegrering in die gemeenskap na vrylating aansienlik bemoeilik, tesame met die disfunksionele ontwikkeling in die onderskeie lewensstadia.

## 3.6 SAMEVATTING

Die ekologiese benadering plaas klem op die wedersydse interaksie tussen die persoon en sy omgewing. Dit het duidelik na vore gekom in hierdie hoofstuk dat die persoon deur die omgewing beïnvloed word (fisiese omgewing), maar ook dat die persoon die omgewing vorm (sosiokulturele omgewing). Probleme wat die persoon ervaar spruit uit die persoon-in-omgewing-interaksies.

Aanpassingsprobleme binne die gevangenis is nie skaars of beperk tot sekere kwesbare groepe nie. Ten spyte van veranderinge in die gevangenissisteem oor die jare, is gevangenisstraf steeds 'n traumatiese ervaring wat blywende letsels laat. Weens die verskille tussen mense is dit onmoontlik om die struktuur of gevangenisomgewing op so 'n wyse te verander dat dit die aanpassingsprobleme gaan laat verdwyn. Situasies wat vir een gevangene traumaties is, het geen impak op 'n ander nie; net so kan een gevangene oorleef in 'n sekere omgewing, en dieselfde omgewing kan 'n ander breek. Dus is dit vir maatskaplike werkers belangrik om die persoon se karaktereienskappe reeds tydens assessering vas te stel, asook die verskillende ontwikkelingstadia te ken. Verder is dit belangrik dat die maatskaplike werker die fisiese en sosiokulturele omgewing ken ten einde die impak van die gevangeniskultuur te kan bepaal en hulpverlening daarvolgens aan te pas. Op hierdie wyse kan die passing tussen die persoon en die omgewing versterk word, en gevolglik word die persoon se maatskaplike funksionering verbeter. Presies hoe die gevangenisomgewing die individu se ontwikkeling strem, moet dus volledig verstaan word tydens hulpverlening deur die maatskaplike werker. Maatskaplike werk hulpverlening sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK VIER

# MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE AAN JEUGMISDADIGERS BINNE DIE GEVANGENIS

## 4.1 INLEIDING

Volgens beskikbare statistiek het Suid-Afrika waarskynlik een van die swakste personeel-tot-gevangene getalleverhoudings in die wêreld (Witskrif oor die beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die nuwe Suid-Afrika, 1994:1). Die impak hiervan op maatskaplike werk dienslewering is dat die maatskaplike werkers opgesaal word met baie hoë werksladings. Baie tyd word ook spandeer aan die omvattende administrasie wat vereis word deur die werkswyse van die rigiede struktuur. In 'n poging om hierdie probleem aan te spreek binne die grense van die begroting, sal nie-regeringsorganisasies se dienste in die toekoms meer benodig word (Witskrif oor die beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die nuwe Suid-Afrika, 1994:13). 'n Voorbeeld van so 'n nie-regeringsorganisasie van wie se dienste reeds gebruik gemaak word is NICRO.

Soos reeds genoem moet die maatskaplike werker kennis beskik oor die persoon, die omgewing en die transaksionele konsepte. 'n Vierde kennisbasis waaroor maatskaplike werkers moet beskik is kennis van die proses (Compton & Galaway, 1994:8). Ten einde die riglyne te verskaf vir 'n intervensiestrategie met die jeugmisdadiger binne die gevangenis, is dit dus noodsaaklik om te kyk na huidige intervensiestrategieë in die gevangenis met hierdie kliëntsisteem. Weens die benutting van groepwerk as hoofmetode in hulpverlening sal slegs hierdie metodiek beskryf word. Dit sal gevolg word deur te kyk hoe die spesifieke karaktereienskappe sowel as die omgewing negatiewe implikasies kan hê op die hulpverleningsproses asook hoe hierdie beperkende faktore moontlik oorkom kan word. Daar sal ook verskillende opsies met betrekking tot groepwerkmetodes binne die gevangenis bespreek word, naamlik: groepe in sosiaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



beheerde situasies, werk met groepe vir rehabilitasie, groepwerk met onderdrukte groepe en groepwerk vir identiteitsontwikkeling.

## 4.2 DOEL VAN MAATSKAPLIKE WERK DIENSLEWERING BINNE DIE GEVANGENIS

Die doel van 'n gevangenis is rehabilitasie van die oortreder en gemeenskapsveiligheid. Maatskaplike werk as 'n professionele aktiwiteit word egter nie slegs beheer deur die missie van korrektiewe instellings nie. Hierdie stelling word bevestig deur Garvin (1997:249), wat meld dat die maatskaplike werker se werk binne die gevangenis soortgelyk is aan die van dokters, psigiaters en onderwysers in dieselfde tipe omgewing, wat 'n professionele diens lewer aan gevangenes of pasiënte, in die belang van persoonlike groei, ontwikkeling en gesondheidsbehoeftes. Hierdie dienste komplementeer egter die sosiale beheerfunksie van die gevangenis deur die waarskynlikheid te verhoog dat die gevangene in staat sal wees om sy eie behoeftes te kan bevredig op sosiaal aanvaarde wyses. Die doel van maatskaplike werk dienste binne die gevangenis is dus die gesonde maatskaplike funksionering van die kliënt (Witskrif oor die beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die nuwe Suid-Afrika, 1994:13).

NICRO, as 'n organisasie wat hul dienste lewer in verskeie gevangenisse se programdoelstelling, ondersteun die doel van die korrektiewe instellings. Hul doel is om gewese oortreders te ondersteun wanneer hul vrygelaat word, ten einde herintegrering op so wyse te laat geskied dat hulle positief bydraende en verantwoordelike burgers kan word. Hulle program neem reeds aanvang tydens die oortreder se gevangenissetting, en sal in die volgende afdeling bespreek word.

## 4.3 NICRO SE "TOUGH ENOUGH" PROGRAM

NICRO bied 'n omvattende hulpverleningsprogram aan jeugmisdadigers binne die gevangenis. Die program bestaan hoofsaaklik uit groepwerk, maar sluit ook gevallewerk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



in en betrek die gesin van die jeugdige. Hierdie program bestaan uit ses fases wat vervolgens kortliks bespreek sal word:

*Fase 1:* **Werwing en assessering**. Hierdie fase is die voorgroepfase van groepwerk. Belangstellende groeplede kom na vore en word deur die maatskaplike werker geassesseer ten opsigte van die persoon, familie-agtergrond en verwagtinge van die groep (sien bylae 1). Deelname is ten alle tye vrywillig en jeugdiges word tot die groep toegelaat indien hulle 'n gemotiveerdheid toon om te verander. Die groep word saamgestel uit alle rassegroepe.

*Fase 2:* **Daarstel van die uitdaging**. Hierdie fase maak die kontrakfase van die hulpverleningsproses uit. Dit strek oor 'n tydperk van vyf dae waarin daar intensief te werk gegaan word. Elke groeplid kry 'n geleentheid om voor die groep te sit vir 'n spreekbeurt. Hy vertel aan die groep meer omtrent homself, sy misdaad en hoe hy wil verander. Hierna kry die groeplede die geleentheid om aan hom vrae te stel oor sy beplande verandering. Die maatskaplike werker neem notas van die doelstellings en doelwitte wat die groeplid vir homself stel (daar sal in fase ses weer verwys word na hierdie notas).

*Fase 3:* **Aanspreek van die uitdaging**. Vanuit die doelstellings en doelwitte wat na vore gekom het tydens die vorige fase bepaal die maatskaplike werker watter vaardighede benodig word om dit te bereik. Hierdie fase is dus die intervensiefase van die proses, en groepsessies handel oor lewensvaardighede soos selfgelding/selfhandhawing, konflikhantering, besluitneming en dwelmmisbruik. Deelname word deurgaans vereis, en die rol van die maatskaplike werker is hoofsaaklik die van fasiliteerder.

*Fase 4:* **Oorkoming van die uitdaging**. Fase vier begin drie maande voor die jeugdige vrygelaat word. In hierdie fase word die gevangene se familie voorberei op sy vrystelling. Die rede vir hierdie fase is omdat die familie in baie gevalle gefrustreerd is met die jeugdige en verwerping kom dikwels voor. Die jeugdige het egter alle moontlike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ondersteuning nodig ten einde weer aan te pas in die gemeenskap en 'n misdaadvrye lewe voort te sit.

*Fase 5:* **Bly uit**. Nadat die jeugdige vrygelaat is skakel hy in by NICRO vir 'n program wat strek oor 'n tydperk van 12 maande. Die jeugdige kry vir hierdie tydperk ook 'n mentor vanuit die gemeenskap met wie hy kan praat wanneer hy voel dit is nodig. Mentors word deur NICRO opgelei, en hulle kies self die jeugdige wat hulle wil bystaan.

*Fase 6:* **Opsporing**. Na afloop van 'n jaar na vrylating kom die maatskaplike werker weer in kontak met die jeugdige. In hierdie fase word die jeugdige se doelbereiking (in terme van die doelwitte wat hy vir homself in fase 2 gestel het) geëvalueer. Die effektiwiteit van die program word ook geëvalueer.

Vervolgens is dit nodig op aandag te vestig op hoe die gevangenisomgewing die jeugdige se ontwikkeling kan strem, en hoe die profiel van die jeugdige 'n impak kan hê op die hulpverleningsproses en die strewe na verhoogde maatskaplike funksionering. Daar sal ook gekyk word na maatskaplike werk literaatuur oor die hulpverleningsproses, en hoe hierdie proses geïmplementeer kan word ten einde negatiewe invloede teen te werk.

## 4.4 IMPLIKASIES VIR MAATSKAPLIKE WERK HULPVERLENING

Die profiel van die jeugmisdadiger, soos bespreek in hoofstuk twee, kan 'n beperkende invloed hê op die mate van sukses wat bereik word deur maatskaplike werkers binne die gevangenisopset ter rehabilitering van die jeugdige. Dit is daarom belangrik dat maatskaplike werkers die mate waarin bepaalde karaktereienskappe teenwoordig is tydens assessering identifiseer. Die identifisering van die eienskappe is egter nie genoeg nie en pogings om dit daadwerklik te hanteer moet aangewend word. Intervensieprogramme moet op so 'n wyse omskryf word dat die negatiewe impak teengewerk word en ontwikkkeling op die betrokke vlak kan plaasvind. Die karaktereienskappe sal vervolgens elkeen afsonderlik bespreek word in terme van die moontlike inhiberende effek wat dit kan hê op hulpverlening. Die karaktereienskappe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



waaroor die jeugdige beskik sal ook impakteer op die jeugdige se aanpassing binne die gevangenis, en laasgenoemde sal weer 'n invloed hê op die hulpverleningsproses. Die wyse waarop die jeugdige se aanpassing binne die gevangenis hulpverlening kan beïnvloed sal ook bespreek word.

### 4.4.1 Selfkonsep

Veral die jeugdige in laat adolessensie het 'n sterk behoefte aan besluitneming (Knowles, 1971:39). Aangesien die meeste jeugdiges binne die gevangenis in hierdie ouderdomskategorie val, is dit belangerik om bewus te wees hiervan. Die beperkte van geleenthede wat jeugdiges het om eie besluite te neem binne die gevangenisomgewing, is het tot gevolg dat die jeugdige rebelleer teen die gesag en beheer van die volwasse wêreld. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker dit in ag neem, aangesien die jeugdige die maatskaplike werker beskou as deel van die beherende volwassenes, en vervolgens kan hy rebelleer teenoor programme wat deur die maatskaplike werkers aangebied word. Die jeugdige kan byvoorbeeld weerstand toon teen maatskaplike werk hulpverlening, in 'n poging om self 'n besluit oor sy lewe te maak. 'n Moontlike oplossing vir hierdie effek kan moontlik wees om meer keuses by intervensieprogramme in te werk, sodat dit vir die jeugdige kan voel asof hy self besluite maak ten opsigte van die rigting wat sy eie rehabilitering volg.

Teenstrydighede in wat die persoon sê en doen moet ook opgelet word, aangesien dit dui op inkongruensie tussen die beeld wat hy koester van homself en die ware self. Ten einde funksioneel te kan ontwikkel is kongruensie tussen hierdie twee "selwe" nodig. Indien dit afwesig is moet dit eers bewerkstellig word voor hulpverlening suksesvol kan wees. Kenmerke van 'n inkongruente selfsiening is bespreek in paragraaf 2.5.1. Aansluitend hierby is die rol van gevangene wat die jeugdige beklee. Rolkonflik kan voorkom as gevolg van verskillende verwagtinge soos gestel deur die maatskaplike werker en die ander gevangenes aan die jeugdige. Compton en Galaway (1994:126) meld dat die groter sisteem die mag het om geleenthede vir groei daar te stel en te weerhou, maar die groter sisteem is ook afhanklik van die kleiner sisteme. Daar is dus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



voortdurende wisselwerking tussen die groter en kleiner sisteme. Die jeugdige se medegevangenes verwag sekere optredes van hom. Alhoewel moontlik teenstrydig is met die breër samelewing se norme, kan die jeugdige "gestraf" word deur medegevangenes indien hy nie voldoen aan hul verwagtinge nie. Dit maak dit baie moeilik vir die jeugdige om terselfdetyd te voldoen aan die maatskaplike werker se verwagtinge aan die jeugdige en kan gevolglik 'n negatiewe impak hê op die mate van sukses wat bereik kan word met hulpverlening.

### 4.4.2 Magspel

Die geneigdheid tot 'n magspel as karaktereienskap impliseer dat die jeugdige in enige gegewe situasie daarna streef om te domineer (Ferrara, 1992:16). Dit sal ook na vore kom tydens hulpverlening, veral met verwysing na groepwerk en veral wanneer die groeplede moet deelneem aan 'n bespreking. Die jeugmisdadiger sal antwoorde op so 'n wyse beplan dat hy nie die magspel verloor teenoor medegevangenes nie. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker dit in ag neem, aangesien belangrike inligting weerhou kan word deur die gevangene ten einde die magspel te wen. Die maatskaplike werker moet ook nie 'n gevangene, sonder 'n spesifiede doel en strategie, in 'n posisie plaas binne groepsverband waar hy bewustelik die magspel verloor nie, aangesien hy sal kompenseer deur die dominering van ander mense in daaropvolgende interaksies

### 4.4.3 Geslote of eenrigtingkommunikasie

Gebrekkige kommunikasie sal hulpverlening eerstens beïnvloed by die opbou van die professionele verhouding en sal deur die loop van die proses deurgaans 'n negatiewe invloed hê. Om na ander te luister, of om ander se raad te volg sou impliseer dat die jeugdige nie self al die antwoorde het nie, en dit sou gevolglik 'n verlies van aansien in die magspel beteken (Ferrara, 1992:16). Vanuit die praktyk is dit die navorser se ervaring dat in beide gevalle- en groepwerk, maar veral in die laasgenoemde, die gevangene slegs deel en sê wat hy dink die professionele persoon wil hoor. Ware gevoelens word nie uit sy eie uit gedeel nie, want dit word as 'n swakheid beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Jeugmisdadigers vind dit ook baie moeilik om 'n ander persoon te vertrou, en sal dus nie inligting vrywilliglik deel nie. Maatskaplike werkers moet dus nie aanneem dat die jeugmisdadiger sonder die nodige aanmoediging inligting vanuit sy eie verwysingsraamwerk sal deel nie.

### 4.4.4 Energie

Die maatskaplike werker moet ten alle tye in gedagte hou dat die jeugdige oor 'n hoë mate van energie beskik en dat konstruktiewe wyses van ontlading hiervan ontbreek weens die beperkte geleenthede binne die gevangenis, asook 'n tekort aan vaardighede by die jeugdige in die verband. Manipulering, misleiding, uittarting en die speel van speletjies met die maatskaplike werker of ander volwasse persone moet gesien word as 'n teken van oneffektiewe aanwending van hierdie energie en 'n poging deur die jeugdige om die lewe meer interessant te maak (Ferrara, 1992:16).

Die speletjies kan ook gespeel word tydens hulpverlening as 'n wyse waarop die gevangene sy energie hanteer. Dit is meestal oneffektiewe gedrag, skadelik vir die professionele verhouding en tot nadeel van die leerondervinding van die jeugdige. Kadushin (1985:291-292) brei breedvoerig uit oor hoe die werker die speletjies gespeel deur die student tydens supervisie kan hanteer. Die navorser is van mening dat dieselfde tegnieke in hierdie situasie ook effektief benut kan word. Volgens hierdie skrywer moet die werker eerstens in staat wees om die speletjies duidelik te kan identifiseer. Dit moet gevolg word deur die jeugdige te konfronteer oor die speel van speletjies. Die identifisering en bekendmaking van die speel van speletjies kan vir die jeugdige sensitief en 'n verleentheid wees, daarom is dit belangrik dat dit met deernis en omsigtigheid gedoen word en die tydsberekening moet reg wees. Tydens die konfrontasie moet die werker nie op sy eie reaksie op die jeugdige se gedrag fokus nie, maar op die nadele wat die speel van speletjies vir die sukses van die hulpverleningsproses inhou. Ten einde hierdie gedrag te korrigeer kan maatskaplike werkers moontlik nuwe tegnieke vir die jeugdige aanleer vir konstruktiewe ontlading van energie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 4.4.5 Valse trots

Die jeugmisdadiger is baie egosentries en heg 'n oormaat waarde aan sy uniekheid (Ferrara, 1992:16). Die implikasie wat dit inhou vir maatskaplike werk hulpverlening, is dat indien die maatskaplike werker te veel gaan veralgemeen, die jeugmisdadiger geen relevansie van die inligting wat oorgedra word vir homself gaan raaksien nie. Eerder word daar voorgestel dat die maatskaplike werker, tydens hulpverlening, erkenning gee aan soortgelyke situasies met inagneming van elke individu teenwoordig se unieke kenmerke en ervarings.

Tesame met die unieke siening van homself, koester die jeugmisdadiger baie trots, ten spyte van die feit dat hul niks gedoen het om dit te verdien nie (Ferrara, 1992:16). Hierdie valse trots kom gewoontlik te voorskyn in die jeugdige se siening dat die lewe onregverdig is, waar onregverdigheid daarna verwys of hy kry wat hy wil hê al dan nie, en die onmiddellike bevrediging van sy behoeftes. Die maatskaplike werker moet pogings aanwend om die boodskap oor te dra dat behoeftebevrediging nie altyd dadelik kan geskied nie en erkenning moet gegee word aan gedrag wat die jeugmisdadiger openbaar, tot hoe 'n gringe mate ook al, waarop hy kan trots wees. Geen melding moet gemaak word van ander gedrag wat gemik is op onmiddellike behoeftebevrediging nie. Hier word dus voorgestel dat daar gewerk word op 'n stelsel vir beloning vir goeie gedrag, want op hierdie wyse word 'n magposisie verkry binne die groep – en ander sal streef na dieselfde posisie binne groepsverband. Op hierdie wyse word daar ook positiewe terugvoer gegee wat goed is vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep.

### 4.4.6 Ontheffing

Miller verwys na Kahn (1995:656) wat meen dat maatskaplike werk metodes daarna streef om individue en groepe in staat te stel om hul eie besluite te kan maak. Die doelstelling van die maatskaplike werker is om die klient te help om vrye keuses uit te oefen deur verskeie alternatiewe te oorweeg. Sy streef daarna om die kliënt se vaardighede te ontwikkel ten einde hom in staat te stel om sy eie probleme op te los.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die implikasie wat ontheffing vir maatskaplike werk intervensie inhou, is dat die jeugmisdadiger die positiewe leerervarings wat hy opgedoen het tydens hulpverlening en wat sou dien as struikelblok tot misdaadpleging, vergeet (Ferrara, 1992:17). Daar word gevolglik deur die navorser voorgestel dat tydens hulpverlening gedrag ingeoefen moet word deur byvoorbeeld van rollespel gebruik te maak. Op hierdie wyse sal daar 'n groter kans bestaan dat die jeugmisdadiger, in 'n bepaalde situasie, die gewenste optrede sal herroep weens ooreenkomste in die situasie, en sy gedrag daarvolgens rig. Die jeugdige se kognitiewe onvermoë moet egter in ag geneem word. Dit is daarom belangrik dat die maatskaplike werker altyd begin waar die kliënt is en teen sy tempo beweeg.

### 4.4.7 Verantwoordelikheid

Wanneer dit by behoeftebevrediging kom, neem die jeugmisdadiger nie ander se behoeftes in ag nie (Ferrara, 1992:17). Maatskaplike werk intervensie wat dus fokus op die onderdrukking van onmiddelike behoefte bevrediging sal in baie gevalle ongeslaagd wees. Die hoofrede hiervoor is die swakpunt van die jeugmisdadiger om nie ander mense se behoeftes in ag te neem nie, want dit is nie opwindend genoeg nie. Ten einde hulpverlening meer suksesvol te maak, word daar voorgestel dat die maatskaplike werker van 'n tegniek genoem gemeenskapsteater gebruik maak. Hierdie tegniek stel die jeugmisdadiger in staat om die gevolge van sy eie gedrag waar te neem. Tesame met hierdie tegniek, moet die maatskaplike werker die jeugmisdadiger in die situasie plaas waar hy die rol van slagoffer vertolk, ten einde om in staat te stel om die behoeftes van 'n ander persoon te ervaar en dus die gevoel van empatie aan te moedig.

### 4.4.8 Empatie en rolaanvaarding

Maatskaplike werkers moet besef die gebrek aan hierdie bevoegdhede (insluitend die gebrek aan empatie) speel 'n belangrike rol in die voortsetting van die jeugmisdadiger se wangedrag (Ferrara, 1992:17). Gevolglik word daar voorgestel dat intervensieprogramme daarop gemik moet word om die ontwikkeling van empatie en rolaanvaarding te bevorder. Hierdie program moet ook insluit die korrekte interpretering

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



van gemeenskapsverwagting en die bedoelinge van ander, asook die aankweek van respek in hulle optrede teenoor ander.

### 4.4.9 Kognitiewe vermoëns

Ferrara (1992:18) meld dat die jeugmisdadiger oor 'n beperkte vermoë om te leer beskik. Vervolgens gaan intervensie nie ten volle in sy doel slaag indien die maatskaplike werker nie éérs programme fokus op die aanleer van die ontbrekende vereistes van die leerproses nie.

Met betrekking tot die jeugmisdadiger se onvermoë om te leer uit ervaring, moet die maatskaplike werker die verbande konstant uitlig, sodat die jeugmisdadiger verbande kan raaksien. Enige pyn wat na vore kom wanneer ervarings uit die verlede herroep word moet ook onmiddellik hanteer word. Daar word voorgestel deur die navorser dat dit in gevallewerkverband genader word, aangesien die jeugmisdadiger neig tot eenrigting- en geslote kommunikasie, wat vererger kan word in 'n groep.

Voor groepwerk as metodiek suksesvol toegepas kan word, is dit ook nodig vir die maatskaplike werker om aandag te skenk aan die jeugmisdadiger se onvermoë om te leer van ander. Omdat die jeugmisdadiger geen verband tussen ander se ervaring en sy eie lewe raaksien nie, is dit nodig om ook in hierdie geval soveel as moontlik verbande uit te lig. Wanneer dit gedoen word, moet die maatskaplike werker egter erkenning gee aan die jeugdige se uniekheid en beklemtoon dat sy gevoelens geldig is, maar dat dit wel moontlik is om te leer van ander.

Baie hulpverleningsprogramme is gebaseer op die aanleer van probleemoplossingsvaardighede. Dit is nie noodwendig verkeerd nie, aangesien die jeugmisdadiger oor swak probleemoplossingsvermoëns beskik. Die benadering sal egter in baie gevalle onsuksesvol wees, aangesien die jeugmisdadiger soms realistiese idees het oor hoe om 'n probleem op te los. Die vaardigheid wat ontbreek is dat hy neig om nie vooraf te beplan nie, en ook versuim om alternatiewe teenoor mekaar op te weeg. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



magspel kom sterk na vore in hierdie oorhaastige optrede en ook die onbereidheid om behoeftebevrediging uit te stel of ander se behoeftes in ag te neem. Programme moet dus in alle gevalle die voordele van effektiewe probleemoplossingsmetodes uitwys. Daar moet ook gepoog word om die jeugmisdadiger se denke op so 'n wyse te verander dat hy voel dat hy die magspel wen deur van hierdie metodes gebruik te maak. 'n Vorm van beloning kan in hierdie geval suksesvol wees.

Fragmentasie is 'n verdere probleem in die wyse waarop die jeugmisdadiger dink, wat implikasies inhou vir die mate van sukses wat bereik word met die rehabilitasie van die jeugmisdadiger. Inkongruensie tussen in die wyse van dink en optree moet ten alle tye uitgewys word. Die konfrontering van die jeugdige met hoe hy homself sien en hoe hy optree is belangrik, aangesien die jeugmisdadiger dit nie self raaksien nie. Wanneer die jeugmisdadiger homself byvoorbeeld sien as 'n eerlike persoon, maar hy word uitgevang dat hy 'n leuen vertel, moet die maatskaplike werker duidelik vir hom uitwys dat dit nie die optrede van 'n eerlike persoon is nie. Ten einde hierdie konfrontasies suksesvol deur te voer, moet die maatskaplike werker reeds gedurende assessering die jeugmisdadiger se selfsiening vasstel.

Indien die inkongruensie tussen die selfbeskouing en die wyse van optrede nie gekorregeer word nie, kan die jeugmisdadiger werklik glo dat hy gerehabiliteer is, maar na ontslag slegs sy ou manier van optree herhaal.

### 4.4.10 Selfhandhawing

Die jeugmisdadiger wat 'n tekort het aan hierdie vaardigheid sal stil wees tydens beide gevalle- en groepwerk. Weens sy swak selfbeeld bring dit te veel spanning mee om persoonlike versoeke te rig, versoeke te weier, sowel positiewe as negatiewe gevoelens uit te druk, gesprekke te begin of te beëindig en in die algemeen eie standpunte te lug (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1986:318). Dit sal dus voorkom asof hierdie persoon onttrek tydens intervensie. Maatskaplike werkers moet hierop let en selfhandhawing aanspreek voor ander intervensieprogramme suksesvol kan wees. Ander intervensie sal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



onsuksesvol wees weens die teenwoordigheid van veral valse trots. Die jeugmisdadiger beskou ander se ervaring as irrelevant vir homself, en sy onvermoë om self standpunt in te neem verhinder ontwikkeling en doelbereiking.

Selfhandhawing, of die gebrek daaraan, word as aangeleerde gedrag beskou (Kazdin in Van Staden & Greyling, 1999:266). 'n Persoon kan dus met die nodige opleiding groei toon en interpersoonlike verhoudings daardeur verbeter. Selfgeldingsopleiding is daarop toegespits om gedragsverandering mee te bring deur die klient aan te moedig om homself te laat geld (Plug et al, 1986:318). Hierdie tegniek kan maatskaplike werkers veral benut vir die jeugdiges wat sondebokke word, die terugtrekkers, die konformeerders en selfs die stil tipes. So sal die jeugdige wat minderwaardig voel, minder beangs voel as hy tot aksie oorgaan, en selfs besef dat sy gevoelens van pas is (Van Staden & Greyling, 1999:268). Van Staden en Greyling (1999:275) het in hul ondersoek bevind dat selfhandhawingsopleiding 'n toepaslike vorm van intervensie binne die gevangenisopset is. Dit verbeter die gevangene se interpersoonlike verhoudings, aanpassing binne die gevangenis en vergemaklik herinskakeling by die gemeenskap na vrylating.

Selfs onder optimale toestande bestaan die moontlikheid dat die jeugdige geviktimiseer kan word, 'n negatiewe selfbeeld kan ontwikkel en deprivasie en angs kan ervaar (Kratcoski & Kratcoski, 1990:309). As maatskaplike werkers is ons weens burokratiese strukture, nie noodwendig in staat om die omgewing te verander nie. Selfs al kon ons, kan dit nie as vanselfsprekend aanvaar word dat wat goed is vir die een, goed is vir die ander nie. Uniekheid en diversiteit tussen mense is 'n gegewe, en dit moet aanvaar word dat behoeftes gaan varieer binne dieselfde konteks (Toch, 1996:12). Deur bewus te wees van watter aspekte van die gevangenis implikasies inhou vir die betrokke kliënt se maatskaplike funksionering, kan intervensie op so 'n wyse gerig word dat die passing tussen die persoon en die omgewing individueel versterk kan word. Ten einde suksesvol te wees in hierdie taak, moet die persoon-in-omgewing transaksies dus verstaan word.

Dit is belangrik om nie hierdie karaktereienskappe (soos geïdentifiseer deur Ferrara, 1992) in totale afsondering te beskou nie, maar in gedagte te hou dat dit 'n integrale deel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



vorm van die jeugmisdadiger se persoonlikheid. Wanneer intervensie dus beplan word, moet die maatskaplike werker bewus bly dat al hierdie eienskappe tot 'n mindere of meerdere mate teenwoordig kan wees by die kliënt, inwerk op mekaar en intervensie kan beïnvloed.

Die wyse waarop die jeugdige aanpas binne die gevangenis kan egter ook 'n invloed hê op die hulpverleningsproses. Die wyses waarop dit intervensie kan beïnvloed sal volgende bespreek word.

### 4.4.11 Aanpassing

Wanneer hulpverlening, en veral groepwerk, beplan word, moet die maatskaplike werker die individu se aanpassing binne die gevangenis in ag neem. Dit sal byvoorbeeld wenslik wees om nie terugtrekkers en rebelle saam in een groep te plaas nie, aangesien die rebelle die groepsinteraksie sal domineer, en die terugtrekkers sal nie inligting deel nie weens intimidasie (sien 3.4.1.4 en 3.4.1.5). Hul ervaring van die gevangenisomgewing sal ook te veel verskil om veralgemenings te maak. Vir dieselfde redes, moet groepe, soos byvoorbeeld die "toughs" en die sondebokke (sien 3.3.4.2 (a)) nie saam in 'n groep geplaas word nie. Alhoewel hierdie persone almal byvoorbeeld middels misbruik sal dieselfde tipe intervensie nie vir almal benut kan word nie, want hul redes vir die gebruik daarvan verskil te veel. Die terugtrekkers misbruik miskien middels in 'n poging om die uitbuiting van die rebelle te hanteer, teenoor die "toughs" wat moontlik die middels misbruik as deel van die beeld wat hulle wil voorhou.

Dit is veral belangrik om die jeugdige se aanpassing in ag te neem weens die groot rol wat portuurgroepe in die betrokke fase in hul lewens speel. Alhoewel die taak in laat adolessensie is om nuwe verhoudings op te bou met verskeie groepe mense, is die medegevangenes die persone met wie hy die meeste van die tyd in direkte kontak is. Die terugvoer wat die jeugdige dus van sy medegevangenes ontvang gaan 'n groot uitwerking hê op sy ontwikkeling en ook op die mate waarin die intervensieproses slaag en gesonde maatskaplike funksionering tot gevolg het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Aanpassing in die gevangenis kan ook gepaard gaan met stres. Stres kan deur beide die fisiese en sosiokulturele omgewing veroorsaak word en intervensie nadelig beïnvloed. Somatiese gevolge van stres kan veroorsaak dat die groeplid versuim om groepsessies by te woon. Geïrriteerdheid en humeurigheid kan nadelig wees vir die groepproses, veral vir die bou van verhoudings. Streshantering se primêre doel moet egter nie wees om alle vlakke van stres te elimineer nie, want sodoende sal die motiverende rol van stres ook uitgeskakel word (Malherbe & Engelbrecht, 1992:37). Stereotipiese antwoorde vir die hantering van stres moet vermy word (Van der Walt, 1993: 143). Die oorsake van stres en die reaksies daarop moet geïndividualiseerd wees. Die benadering moet ekologies wees en kennis is baie belangrik in die verband. Die aanleer van basiese streshanteringstegnieke kan in groepwerk aangeleer word as voorkoming van oormatige stres, maar indien oormatige stres alreeds bestaan stel die navorser gevallewerk voor.

Daar is tot dusver heelwat melding gemaak van hoe die jeugmisdadiger lyk, hoe die gevangenisomgewing sy ontwikkeling kan strem en hoe hierdie faktore die hulpverleningsproses kan beïnvloed. Dit is op hierdie stadium nodig om te kyk na wat die maatskaplike werk teorie bied vir die verbetering van intervensie met hierdie betrokke kliëntsisteem. Daar sal gekyk word na die benutting van groepwerk as metode binne die gevangenis.

## 4.5 GROEPWERK BINNE DIE GEVANGENIS

Weens die hoë werkslading van maatskaplike werkers binne die gevangenis en soortgelyke probleme en behoeftes van gevangenes, word groepwerk as metode die meeste benut. 'n Definiërende beginsel van maatskaplike werk praktyk is die fokus op die persoon-in-omgewing interaksies. So 'n fokus vereis 'n assessering en 'n intervensieplan wat beide die persoon en die omgewing asook die interaksie tussen die twee in ag neem (Gilgun in Compton & Galaway, 1994:380). Garvin (1997) beskryf groepwerkprosesse met verskeie tipes groepe. Teorieë oor groepe in sosiaal beheerde toestande, groepe vir rehabilitasie, groepe met onderdrukte persone en groepe vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



identiteitsontwikkeling se prosesse is veral van waarde vir die betrokke kliëntsisteem. Elk sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

### 4.5.1 Werk met groepe in sosiaal beheerde situasies

Hierdie groepe word beskou as rehabiliterend van aard, met die doel om hersosialisering te bewerkstellig (Garvin, 1997:247). Wanneer groeplede gewerf word vir groepwerk binne die gevangenis, deel die groeplede egter in baie gevalle nie sommige of selfs al die doelstellings vir die groep soos bepaal deur die gevangenis nie. Hulle kan hulle moontlik nooit met hierdie doelstellings vereenselwig nie. Groeplede sal in die meeste gevalle weerstand bied teen 'n heroorweging van hul waardes en gedrag. Garvin (1997:247) noem hierdie verskynsel 'om te werk met groepe binne sosiaal beheerde toestande'. Die behoeftes is dus nie aangevoel deur die gevangenes/groeplede nie, en kan moontlik doelbereiking negatief beïnvloed.

Garvin identifiseer vier take in hulpverlening binne sosiaal beheerde toestande, en spesifiseer fases in elke afdeling. Hierdie take is voorgroep, groepformasie, strewe na doelbereiking en evaluering. Elk sal vervolgens kortliks bespreek word.

#### *4.5.1.1 Voorgroep*

Die oorhoofse doel van take in die voorgroep is assessering, en die eerste fase is die selektering van groeplede. Belangrik om in hierdie verband in ag te neem is sosiale interaksies wat reeds bestaan, aangesien dit sal impakteer op latere groepsinteraksies. Dit is dus nodig om subkultuuridentifikasies te bepaal. Poski (in Kratcoski & Kratcoski, 1990:312) (sien 3.3.4.2) se geïdentifiseerde groepe kan vir hierdie doeleindes gebruik word. 'n Verdere aspek wat geassesseer moet word is die groeplede se motivering om waardes en gedrag te herbestudeer en/of te verander.

'n Probleem in groepsamestelling is dat die omgewing nie altyd baie heterogeniteit toelaat in terme van lewenservarings, gedrag en waardes nie. Die gevolg is dat groeplede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



mekaar se verbintenis tot afwykende gedrag sal herbevestig (Garvin, 1997:252). Dit skakel egter nie kanse op sukses met groepwerk uit nie. Die skrywer stel voor dat die maatskaplike werkers van konfrontasietegnieke gebruik maak om so gehegtheid aan sulke oortuigings te verminder. Hierdie tegniek sal veral waardevol wees ten opsigte van die jeugdige se onontwikkelde kognitiewe vermoëns, meer spesifiek: fragmentasie (sien 2.5.3.3). Daar moet egter eers van konfrontasietegnieke gebruik gemaak word wanneer groepkohesie sterk genoeg is dat groeplede die konfrontasie konstruktief sal hanteer (Garvin, 1997:252). Die groep self is die sterkste agent vir die verandering van waardes en norms. Vir hierdie rede hoef hierdie groepe nie so klein te wees soos ander maatskaplike werk groepe nie, en kan bestaan uit tien tot vyftien groeplede. Met soveel lede kan sommige lede geselekteer word vir die groep as addisionele modelle vir verandering, en dit sal groter hetrogeniteit toelaat. Die groep moet egter nie so groot wees dat van die lede 'verlore' kan raak in die groep nie.

*4.5.1.2 Groepformasie*

Die doel van die take in groepformasie is doelbepaling. Die eerste fase is die oorkoming van die aanvanklike wantroue en vyandigheid wat groeplede het teenoor die werker, die gevangenis en selfs teenoor mekaar. Die voorgestelde tegnieke is die wat om interaksie prys en wat lede leer dat enige intervensie wat plaasvind binne die groep en enige vordering wat gemaak word van hulle sal afhang en nie net van die werker nie. Dit word bewerkstellig deur opregte belangstelling in wat die lede sê en die vermyding van stereotipiese response. Dit beteken dat die werker nie al die reëls en prosedures van hoe die groep sal funksioneer neerlê nie, maar hierdie kwessies eerder aan die groeplede oorlaat. Hierdie werkswyse is teenstrydig met die gewone groepwerkproses waar vaardighede aangeleer word. Groeplede sal ook in baie gevalle die vrae aan die maatskaplike werker stel aangaande wat hulle behoort te doen in die groep en hoe dit hul gevangenissetting sal beïnvloed. Dit word voorgestel deur Garvin (1997:253) dat die werker vrae soos hierdie terugreflekteer na die groeplede en vra vir hul idees. 'n Verdere tegniek om interaksie aan te moedig is om te vra dat groeplede hul lewensverhale vertel (hierdie stories dien ook as verdere assessering) en ook praat oor hul belangstelling en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gevoelens oor die program. Dit sal ook groeplede help om uit te vind dat die werker begrip het vir hul situasie en ondersteunend en nie veroordelend is nie.

'n Onervare werker mag voel dat hierdie tipe tegnieke, soos bo beskryf, nutteloos is en te veel tyd gaan neem. Die ervaring vir die groeplede is egter dat hul verveeld raak met die aktiwiteit en ook bewus raak daarvan dat hierdie oefening alleen nie sal lei tot vrystelling van die program nie. Die lede is dan gereed om die groep te gebruik as 'n probleemoplossingshulpmiddel. Die werker bemark dan die volgende fase deur lede te help nadink en besin oor wat hul gedoen het en waarom hul insette oppervlakkig was. Lede word dan gehelp om nuwe persoonlike doelstellings en groepdoelstellings daar te stel. Alhoewel verandering nie vinnig gebeur nie, berei hierdie tipe bespreking die groeplede voor om hul energie te gebruik vir die soek na gesamentlike doelstellings en probleemoplossing. Die kontrak is 'n belangrike vereiste in die tipe van groepwerk.

*4.5.1.3 Strewe na doelbereiking*

Die strewe na doelbereiking is die volgende taak in die proses soos beskryf deur Garvin (1997:254). In hierdie fase van hulpverlening is dit belangrik dat die maatskaplike werker geduldig is. Dit is belangrik om deurgaans te kommunikeer dat konformering met die groepreëls alleen nie genoeg is vir die suksesvolle voltooiing van die program nie. Aangesien groeplede nie net met mekaar te doen het binne die groep nie, maar ook daar buite, kan gedrag van die lede die heeltyd deur medegroeplede waargeneem word. Garvin (1997:254) meld 'n voorbeeld waar die groeplede selfs die mag gegee word om self te besluit wanneer 'n groeplid suksesvol was in doelbereiking en vrygelaat kan word uit die program. Bepalend in hierdie opsig was dat die lid gewerk het aan sy probleme binne die groep en oop en eerlik was met die ander groeplede. Indien hierdie tipe werkswyse wel geïmplementeer word is groepsamestelling uiters belangrik, aangesien dit nie sal werk as daar dominerende persone en onderdrukte persone in een groep is nie.

Soos reeds genoem is geduld in hierdie werkswyse belangrik, aangesien vroeë konfrontasie die lede se wantroue en weerstand weer na vore sal bring. Aan die ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



kant moet die werker sensitief wees vir opregte probleemstellings teenoor die 'rollespel' van probleemstellings wat die lede dink die werker sal beïndruk (laasgenoemde sal veral benut word deur die lokvinke, sien 3.3.4.2(b)).

Groepkonflik spruit uit die benutting van hierdie model soos wat die lede die groep se probleemoplossingsvermoë uittoets. Dit mag vir sommige lede voorkom asof ander groeplede "ingee" en hul gedrag kan gekritiseer word (sien magspel 2.5.2.1). Konflik word selfs meer intens wanneer lede situasies na die groepsgesprek bring wat buite die groep plaasgevind het (Empey en Erikson, in Garvin, 1997: 255). Die werker se reaksie op die tipe situasie moet wees om raak te sien hoe 'n moeilike periode dit is vir die groeplede. Soos wat die groeplede mekaar se gedrag begin bespreek en evalueer, begin hulle, soos wat Empey en Erikson (in Garvin, 1997: 255) uitwys, verantwoordelikheid neem vir die veroordeling van ander, eerder as om slegs die slagoffers te wees van veroordelings deur 'gesagsfigure'. Verantwoordelikheid word dus aangeleer (sien 2.5.3.1).

Die volgende fase van die groep begin wanneer groeplede begin om mekaar se karaktereienskappe uit te daag. Die werker moet openlikheid en eerlikheid in die fase aanmoedig, maar daarteen waak om nie te vinnig druk op die lede te plaas nie, aangesien dit 'n negatiewe effek kan hê weens die sterk emosies wat na vore sal kom.

Indien hierdie kwessies suksesvol afgehandel is, word die fase wat volg genoem 'bewuswording van individuele verskille en alternatiewe' (Empey & Erikson, in Garvin, 1997: 256). Lede begin wegbeweeg van stereotipiese reaksies op mekaar 'n en bewustheid ontwikkel van individuele verskille en behoeftes. Dit gaan gepaard met meer persoonlike openlikheid en openlikheid in hul reaksies teenoor ander groeplede. Dit kan egter vrees ontlok wat aanleiding gee tot reaksies soos die herbevestiging van die waarde van afwykende gedrag. Hierdie konflik kan ook aaanleiding gee tot die vorming van subgroepe wat lede se verskillende sienings verteenwoordig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ten spyte van die aanhoudende konflik wat teenwoordig is in die groep begin meer lede hulself verbind tot openlikheid, en dit bring 'n groter belegging in probleemoplossing mee. Die lede raak betrokke op wyses wat baie bevredigend is en die werker kan hul help om hul bevrediging te deel met die res van die groep. Weens die openlikheid in die groep kan kwessies aangespreek word wat betrekking het op die lewens van die groeplede.

Empey en Erikson (soos verwys na deur Garvin, 1997: 256) noem die volgende fase 'groepbewustheid' aangesien die doel van hierdie fase is om lede bewus te maak van die groepstrukture en -prosesse en om die groep se probleemoplossing te maksimaliseer. Die rede vir hierdie klem is dat afwyking 'n sosiale verskynsel is, en daarom is kennis aangaande sosiale prosesse noodsaaklik. Hierdie fase behels dus verdere individuele en groepsprobleemoplossing, maar die lede het nou 'n beter begrip van die grense van die proses. Hierdie begrip motiveer lede ook om die funksionering van die groep te verbeter en nuwe groepsnorms kan ontwikkel.

Die finale fase van die proses is die integrasie van groep en programstruktuur (Empey & Erikson in Garvin, 1997:256). Baie groepe bereik nooit hierdie fase nie, maar dit behels dat die groeplede volgende groeplede voorberei vir die proses en verbreed ook die prososiale norms van die groep na die gemeenskap.

*4.5.1.4 Evaluering*

Die vierde taak wat Garvin (1997:257) identifiseer in die proses met groepe binne sosiaal beheerde toestande is evaluering. Aangesien een van die belangrikste stappe in die proses met groepe binne sosiaal beheerde toestande die lede se verbintenis is met die groep, is dit een van die aspekte wat geëvalueer moet word. Die werker moet in hierdie verband oplet na bywoning, is die lede betyds, en watter porporsie lede neem aktief deel aan die groepsgesprek. Die kontrak moet ook geëvalueer word in terme van wanneer elke groeplid sy doelstellings, die doelstellings van die groep en die doelstellings van die gevangenis bereik het. Volgehoue waarneming is belangrik in die verband. Die werker

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



kan ook 'n eenvoudige datablad ontwikkel waar sy deurgaans gedragsafwykings moniteer en neerskryf vir elke groeplid. Dit kan deurgaans benut word vir verdere beplanning.

Openlikheid en eerlikheid is ook 'n belangrike vereiste vir die funksionering van hierdie groepe. Die werker kan 'klimaatvraelyste' ontwikkel om die bereiking hiervan te toets. Hierdie vraelyste moet vrae insluit waarin die lede die mate van vertroue wat hul het in ander lede gradeer, die waarskynlikheid dat die groep hul help, die mate van ondersteuning wat hul verkry vanuit die groep, en die vryheid wat hul het om binne die groep te sê wat hulle voel. Sulke tipe vraelyste kan anoniem ingevul word indien die lede bekommerd is oor konfidensialiteit.

Die gevangenis is 'n sosiaal beheerde situasie. Die doel van hierdie omgewing is egter reabilitasie en gevolglik sal groepe vir rehabilitasiedoeleindes volgende bespreek word.

### 4.5.2 Werk met groepe vir rehabilitasie

Hierdie tipe groepe se doelstelling is om persone te help om nuwe rolle aan te neem of huidige rolle op 'n ander wyse te vertolk omdat die huidige vertolking as afwykend beskou word. Die proses met groepe vir rehabilitasiedoeleindes sal vervolgens bespreek word.

#### *4.5.2.1 Voorgroep*

Voorgroeptake bestaan uit 'n aanvanklike assessering wat insluit die identifisering van die rolle wat die voornemende groeplid vertolk. Die voornemende groeplede se vlak van funksionering moet ook bepaal word, aangesien die groep beter kan funksioneer wanneer almal se vlakke soortgelyk is. Vir die doel kan die werker ook inligting inwin oor historiese funksionering ten einde te bepaal oor watter vaardighede die voornemende lid beskik, maar nie tans benut nie. Hierdie inligting is ook waardevol vir die bepaling van tegnieke wat benut kan word tydens intervensie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



In hierdie fase word groeplede voorberei vir die groepwerkproses en wat hulle kan verwag. Die voorbereiding sal afhang van die tipe groep wat beplan word. Garvin (1997:263) identifiseer vyf tipes groepe, naamlik minimale vaardigheidsopleiding, psigoterapie, aktiwiteitsgroepe, transisiegroepe en regeringspasiëgroepe. Sommige van hierdie tipes sal bespreek word later in hierdie afdeling.

*4.5.2.2 Groepformasie*

Groepformasie is die volgende fase en doelbepaling vind hoofsaaklik hier plaas. Verdere en meer in-diepte assessering word ook onderneem vir die daarstelling van geïndividualiseerde doelstellings. Hierdie doelstellings word bepaal na aanleiding van die kragte of invloede wat disfunksionele gedrag in stand hou, aangesien gedurende die groepproses planne gemaak sal moet word om hierdie instandhoudingskragte te verander, om die lid te voorsien van beter hanteringsvaardighede of beide. Hierdie kragte sluit in families en portuurgroepe wat antisosiale gedrag versterk asook die instellings wat dieselfde doen. Hierdie interaksies word geassesseer deur lede te vra om betekenisvolle ander se reaksies op hul probleme te beskryf.

Aan die begin van hulpverlening spesifiseer groeplede hul doel vir groepsinskakeling asook kragte wat doelbereiking verhinder. Die ander groeplede, tesame met die maatskaplike werker, moet waarneem hoe die lid hierdie konflikte hanteer. Die assessering moet verder insluit die lid se kennis, vaardigheid en motivering met verwysing na houdings en gedrag. Die beskikbaarheid van geleentheidstrukture moet ook geassesseer word.

Die doel van groepwerk vir rehabilitasiedoeleindes is baie soortgelyk aan die van groepe vir die gewone aanleer van vaardighede soos kennis, vaardigheid en motivering, maar met een belangrike verskil – die konflik inherent aan die beweging uit afwykende posisies moet hanteer word. Die hersosialiseringsaspekte van sulke groepe het soms ander gevolge op groepprosesse gedurende groepformasie. Sekere lede mag voortgaan deur te reageer met weerstand of ambivalensie teen die sosiaal beheerde aspekte van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gevangenis. Dit word gemanifesteer in groeplede wat negatief optree teenoor medegroeplede wat wel hul gedrag wil verander. Die werker moet ook in gedagte hou dat die groeplede geweldige druk kan ervaar vanuit die gevangenisomgewing om hulle huidige gedrag voort te sit en groeplede kan ook angs ervaar oor die veranderinge wat plaasvind.

*4.5.2.3 Strewe na doelbereiking*

Die volgende fase in die proses is die strewe na doelbereiking. Hier word 'n plan vir hulpverlening daarstel wat uniek ontwerp is vir die behoeftes van die groep. Daar is, soos reeds genoem, vyf tipes groepe, naamlik groepe vir minimale vaardigheidsopleiding, vir psigoterapie, aktiwiteitsgroepe, transisiegroepe en regeringspasiëntgroepe. Vir die doeleindes van hierdie bespreking sal slegs minimale vaardigheidsopleiding, psigoterapie en transisiegroepe kortliks bespreek word.

- **Groepe vir minimale vaardigheidsopleiding:** Een model vir hierdie groep is gestruktureerdeleer-terapie soos ontwikkel deur Goldstein en sy kollegas (in Garvin, 1997:267). Daar is 'n vasgestelde hoeveelheid sessies wat sal afhang van die groeplede se vlak van funksionering. Hierdie groep is gewoonlik klein en bestaan uit vyf tot tien lede. Hierdie model kombineer elemente van rollespel, modellering, sosiale beloning en opleidingstegnieke. Gestruktureerde opleidingsessies word gereeld gehou en die strukturering van die lokaal is soortgelyk aan die van 'n klaskamer. Na die afloop van die sessie kry die lede huiswerk sodat die groeplede nuwe vaardighede kan inoefen.
- **Psigoterapiegroepe:** Dit is 'n langtermyn proses wat die lede in staat stel om bewus te word van hul disfunksionele interaksiepatrone deur die terugvoer van groeplede en die werker. Daar is 'n baie sterk fokus op die hier-en-nou wat die lede in staat stel om te sien hoe huidige interaksies 'n voortsetting is van disfunksionele patrone uit die verlede. Hierdie groepe is ook klein, want individualisering en ondersteuning is nodig om die gewenste hersosialisering mee te bring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- **Transisiegroepe:** Hierdie tipe groepe word gevorm vir persone wat vrygelaat gaan word. Hierdie groepe se fokus is daarop om lede te help om druk vanuit die gemeenskap en families en druk om terug te keer na hul disfunksionele patrone, te hanteer. Van uiterste belang hier is om lede te help om hul setting en rehabilitering aan ander te verduidelik. Dit is belangrik want ten spyte van soms baie goeie intensies van die gevangene, is dit vir meeste baie moeilik om 'n eerlike bestaan te maak (Dissel, 1999:22). Ondersteunend in die verband is Fox (in Neser, 1992:7) se stelling: "It has been said, and well said, that it is easy to imprison a man – the difficulty is to release him…and yet again that is on release that the prisoner faces the hardest point of his punishment." Hierdie groepe is dus baie belangrik vir die volhoubaarheid van intervensie. Tegnieke wat benut kan word in hierdie groepe is rollespel, huiswerk en probleemoplossingsoefeninge.

*4.5.2.4 Evaluering*

Die vierde taak in groepwerk vir rehabilitasiedoeleindes is evaluering. Evaluering word gedoen deur die werker waar uitkomste gemeet word aan die doelstellings. Die lede evalueer ook hul eie vordering. Voorbeelde van spesifieke evalueringstegnieke sluit in die vergelyking van die lede se vaardighede aan die einde van die groepwerkproses teenoor die aanvanklike vaardighede waarmee die groeplid die groep begin het in minimale vaardigheidsopleiding. Yalom (in Garvin, 1997:272) meen dat in psigoterapeutiese groepe evaluering nie gestandardiseer moet wees nie, maar uniek vir die hulpverleningsplan vir elke groeplid. In die geval van transisiegroepe is opvolgwerk wenslik, en evaluering geskied by wyse van onderhoudvoering waar groeplede uitgevra word oor die doel van die groep.

Jeugdiges in die gevangenis bevind hulself binne 'n sosiaal beheerde situasie, en die doel van hulpverlening is tot 'n hoë mate rehabilitasie. Daarom is die vorige twee groepprosesse beskryf. Die navorser is egter van mening dat daar ook onderdrukte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



groepe binne die gevangenis is, en vervolgens sal groepwerk met onderdrukte persone ook bespreek word.

### 4.5.3 Groepwerk met onderdrukte groepe

'n Verdere probleem met die samestelling van die groep is die moontlike nadelige effek wat die sosiale strukture kan hê. Die nadelige gevolge is veral van toepassing op die persone met 'n laer sosiale status binne die gevangenisomgewing, byvoorbeeld die sondebokke (sien 3.3.4.2 (e)). Hulpverlening aan hierdie kliëntsisteem kan vergelyk word met hulpverlening aan onderdrukte groepe. Garvin (1997:276) definieer onderdrukking as die afbrekende gevolge van sosiale instellings op mense, as sulke instellings die persone se identiteit beskadig, lewenstyl verswak en toegang tot geleenthede verhinder. Alhoewel Garvin nie uitdruklik melding maak van jeugdiges binne die gevangenis as onderdrukte groepe nie, is dit veral die sondebokke wat in hierdie groep geklassifiseer kan word, alhoewel alle jeugdiges binne die gevangenis tot 'n mindere of meerdere mate onderdruk word volgens Garvin se definisie van die konsep. Die navorser stel egter voor dat hierdie groepproses benut word met groepe wat onderdrukking die ergste ervaar, soos die sondebokke.

Garvin (1997:280-286) beskryf vier take/fases in groepwerk met onderdrukte persone, naamlik voorgroep, groepformasie, strewe na doelbereiking en evaluering. Hy meld ook dat die doelstelling van hulpverlening aan onderdrukte groepe uiteindelike bemagtiging van die groeplede is. Die vier fases sal vervolgens bespreek word.

#### *4.5.3.1 Voorgroep*

Eerstens is daar die voorgroepfase. In hierdie fase is dit belangrik om saam met die onderdrukte persone te beplan – met individue wat moontlik deel kan word van die groep of persone in soortgelyke situasies. Take in hierdie fase behels data-insameling wat noodsaaklik is vir suksesvolle hulpverlening. Daar is verskillende areas waaroor inligting versamel moet word, en elk sal volgende kortliks bespreek word:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- **Kommunikasie**: Dit verwys na die taal wat deur die groeplede gebruik word en die reëls oor wie met wie praat en waaroor. Binne die gevangenissubkultuur ontwikkel 'n eie taal, en dit is belangrik dat die maatskaplike werker die taal ken. Dit is ook belangrik om die reëls aangaande kommunikasieprosesse en -strukture te ken, aangesien dit die maatskaplike werker se denke gaan beïnvloed oor die reaksies van groeplede. Eenrigtingkommunikasie as karaktertrek van jeugmisdadigers is byvoorbeeld belangrik om in ag te neem in hierdie verband.
- **Gewoontes**: Dit verwys na hoe die groeplede hul fisiese ruimte sien en gebruik, waar byeenkomste gehou word en hoe die ruimte vir byeenkomste gespasieer word. Maatskaplike werkers binne die gevangenisopset het nie werklik 'n keuse oor waar groepbyeenkomste gehou word nie, aangesien spasie min is en min lokale word vir groepwerk toegeken. Daar is egter 'n keuse hoe die spasie gerangskik word. Sekere groepe mag dalk die tipiese sirkel verkies, waar ander groepe meer gemaklik is wanneer die werker haarself plaas in 'n posisie wat op 'n verskil in status dui. Deur die keuse aan die groeplede oor te laat, word daar geleentheid gegee vir besluitneming – 'n belangrike vereiste vir die ontwikkeling van die jeugdige se selfkonsep.
- **Sosiale strukture**: Dit verwys na die sosiale stratifikasie van die groter onderdrukte gemeenskap met wie die groeplede identifiseer. Gevangenes word geklassifiseer (sien bespreking oor sosiale strukture in 3.3.4.2). Dit is belangrik vir die werker om hierdie klassifikasies te verstaan, aangesien dit 'n invloed sal hê op die groepsamestelling, groepdoel, en groepinteraksies wat plaasvind wanneer die groep begin het.
- **Sosialisering**: Dit verwys na hoe die individue in die onderdrukte groep gehelp word om sosiale rolle aan te neem wat reeds bestaan binne die kultuur, en die gedrag aanleer wat vereis word vir hierdie rolle. Die doel van groepwerk binne die gevangenis is tog hersosialisering, en die maatskaplike werker moet sensitief daarvoor wees as die groeplede die groep wil gebruik om die rolle te verander.
- **Ekonomie**: Dit verwys na hoe die groep geaffekteer word deur die ekonomiese instellings van die groter gemeenskap. Die gevangenis het ekonomiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



instellings, en materiële besittings is vir die gevangenes van groot belang. Soos reeds genoem, gaan 'n groot hoeveelheid van die geweld binne die gevangenis juis oor die beskerming van besittings. Materiële besittings verteenwoordig ook mag en status binne die gevangenis.

- **Geloof en sentiment**: Dit verwys na die opvattings wat posvat tydens interaksie tussen mense met soortgelyke bekommernisse. Hierdie opvattings en oortuigings omsluit alles wat die groeplede identifiseer as hul eie, hetsy musiek, literatuur, slagspreuke, geloof of gedigte. Hierdie opvattings het 'n groot impak op die individu se keuse van persone met wie hy intieme verhoudings ontwikkel. Jeugmisdadigers beskik byvoorbeeld oor 'n unieke selfbeskouing, en meen byvoorbeeld dat ander se ervaring geen relevansie vir hul eie lewe het nie, en hulle neem dus nie in wat ander sê nie. Die werker kan in so 'n geval aan die groep meld dat groeplede mekaar se ervaring as modelle moet beskou eerder as om dit as advies te sien.

Garvin (1997:282) meld verder dat groeplede deurgaans betrek moet word by die voorgroepfase en moet deel in die besluitneming oor aspekte soos groepsamestelling, -grootte, -formaat en –doel. Daar word verder voorgestel dat die groep homogeen moet wees in terme van die mate waarin groeplede onderdrukking ervaar. Assessering is in hierdie verband baie belangrik, aangesien die maatskaplike werker oor die nodige inligting aangaande die individu se aanpassing moet beskik.

*4.5.3.2 Groepformasie*

Die tweede fase in die groepproses is groepformasie. In hierdie fase is die hooftaak doelbepaling. Soos die werker en die groeplede doelstellings en wyses om dit te bereik oorweeg, is dit belangrik om die lede se vaardighede te assesseer. Dit plaas klem op lede se sterkpunte en leer. Hierdie proses stem ooreen met Maluccio (in Garvin, 1997:283) se siening van die groeplid as 'n leerder en assessering as 'n proses waarin gesoek word na sterkpunte en vaardighede eerder as swakpunte. Hulle glo dat hierdie perspektief skanse verwyder tussen die lede en die werker en ook weerstand verminder. Tydens hierdie fase

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



is dit ook belangrik om die kanse vir vergelding te assesseer, en wat die moontlike vergelding kan veroorsaak. Daar is selde 'n situasie waarbinne 'n persoon verandering kan aanbring sonder risiko's. Dit is egter belangrik vir die kliëntsisteem om hierdie feit van die lewe te leer aanvaar en in staat te wees om te kies watter risiko's te neem en wanneer.

*4.5.3.3 Strewe na doelbereiking*

Die derde fase in die proses is strewe na doelbereiking. Wanneer daar gewerk word aan doelbereiking is daar twee tipes aktiwiteite, naamlik: verhoging van die groeplede se vaardighede en die verandering van die omgewing. Binne die gevangenisstruktuur is dit nie altyd moontlik vir die maatskaplike werker of groeplede om omgewingsveranderinge aan te bring nie, en vervolgens sal slegs die verhoging van die groeplede se vaardighede kortliks bespreek word.

Ten einde groeplede te bemagtig is dit nodig om 'n kritiese bewustheid aan te moedig. 'n Moontlike prosedure om dit te bevorder is dat groeplede hul lewensverhale hersien. Die fokus van hierdie hersiening moet wees op hoe ervarings uit die verlede veroorsaak het dat hulle hulself negatief sien en dus 'n negatiewe selfkonsep ontwikkel het. 'n Ander benadering om bewustheid aan te moedig is vir lede om hul huidige interaksies met mense, wat nie dieselfde onderdrukte status beleef nie, te evalueer en te identifiseer hoe hulle op magtelose wyses reageer. Dit help soms om die interaksies te ontleed in die lig van 'valse bewustheid', wat verwys na die aanvaarding van die onderdrukker (byvoorbeeld die 'toughs') se waardes, ten spyte daarvan dat hierdie waardes disfunksioneel kan wees tot eie behoeftebevrediging. Mites moet tydens assessering vasgestel word, en tydens intervensie uitgedaag word as deel van die bemagtigingsproses.

Behalwe vir die aanmoediging van 'n kritiese bewustheid, is dit nodig om lede te help om ander vaardighede aan te leer. Van hierdie vaardighede is selfhandhawing, konstruktiewe konfrontasie en onderhandeling. Selfbeeld en verhoudingsvaardighede moet ook verhoog word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*4.5.3.4 Evaluering*

Die vierdie fase wat Garvin (1997:285) identifiseer in die proses is evaluering. Die belangrikste wyse waarop die werker die uitkoms van die groepwerkproses kan bepaal is om te evalueer of bemagtiging wel plaasgevind het. Bemagtiging sluit in verhoogde vaardighede om ander te beïnvloed en gewaardeerde sosiale rolle te beklee. Hierdie vaardighede kan gedemonstreer word in spesifieke situasies, en daarom is dit nodig dat die werker voorbeelde vra van waar die groeplid die vaardighede benut het. Daar kan ook van rollespel gebruik gemaak word om die vaardigheid uit te wys, en hierdie rollespel word beoordeel deur die ander groeplede.

### 4.5.4 Groepwerk vir identiteitsontwikkeling

Wanneer jeugmisdadigers nie oor 'n enkele, geïntegreerde identiteit beskik nie, sal dit hantering van daaropvolgende ontwikkelingstake en –krisisse belemmer, wat kan impakteer op die jeugdige se heraanpassing in die gemeenskap (Craig, 1996:59). Garvin (1997:222) stel groepwerk voor met identiteitsontwikkeling as hoofdoel. Hierdie metode sal veral van waarde wees wanneer die maatskaplike werker die groeplede wil help om waardes en norme, in situasies waar dit in konflik (of afwesig) is, te bepaal.

Garvin (1997:223) identifiseer vier take in hierdie groepwerkmetode, naamlik: voorgroep take, groepformasie take, strewe na doelbereiking en evaluering. Hierdie take sal vervolgens kortliks bespreek word.

*4.5.4.1 Voorgroep*

Die eerste take neem 'n aanvang voor die groep begin en staan bekend as die voorgroepfase. Die belangrikste aspek wat gemeld word in hierdie fase is dat alle lede 'n soortgelyke verhouding met die sosiale sisteem of struktuur moet deel, wat kan dien as die fokus vir bespreking (volgens Culbert in Garvin, 1997:223). Hulle moet byvoorbeeld almal dieselfde rol beklee. Indien die groep nie aan hierdie vereiste voldoen nie, sal die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



fokus vir die bespreking vaag wees. Garvin (1997:223) het wel bevind dat heterogeniteit in hierdie groepe van baie waarde kan wees (hetrogeniteit in terme van byvoorbeeld ouderdom en ras) vir die uitklaar van wanopvattings.

Aktiwiteite gerig op identiteitsontwikkeling sal meer suksesvol wees wanneer die groep bestaan uit agt tot twaalf lede. Groepe kleiner as dit sal meer intimiteit bied, maar dit kan problematies wees indien een of twee groeplede nie opdaag vir 'n byeenkoms nie. Aan die ander kant sal groepe groter as die voorgestelde hoeveelheid nie die nodige hoeveelheid ondersteuning bied soos dat lede hulle vereenselwig met die algemene kwessies, maar vanuit hulle individuele ervaring nie.

Groepe wat gevorm word met die doel om identiteitsontwikkeling mee te bring moet begin met 'n duidelike idee van hoeveel sessies beplan word, hetsy oor die kort termyn (ses tot twaalf sessies) of oor die lang termyn.

*4.5.4.2 Groepformasie*

Die tweede taak wat Garvin (1997:225) bespreek is groepformasie. Basiese assessering neem reeds 'n aanvang voor die groep begin. Hierdie assessering sentreer hoofsaaklik rondom die geskiktheid van groepwerk as metode vir die betrokke persoon, die persoon se verbintenis daartoe om duidelikheid te kry oor die vertolking van die rol en hoe die persoon die groepproses sal beïnvloed. Gedurende hierdie fase sal die proses van assessering van die persoon se identiteit voortgaan. Dit is veral in hierdie tipe groep belangrik dat die werker oor die vaardigheid beskik om die invloed van beide die interne sowel as die eksterne (omgewing) invloede raak te sien. Culbert (in Garvin, 1997:225) meld dat groeplede in die meeste gevalle nie die eksterne invloede raaksien nie, maar slegs hulself blameer vir hul rol-verwante probleme. Die teenoorgestelde kan egter ook gebeur – dat die persoon slegs die omgewing blameer vir rol-verwante probleme. 'n Verdere area van assessering in hierdie tipe groep is die bepaling van die ware self en die ideale self.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Benewens assessering, vind doelbepaling vir die groep ook in hierdie fase plaas. Individuele doelstellings moet ook in hierdie fase vasgestel word. Groeplede oorweeg ook in hierdie fase algemene wyses waarop die doel bereik kan word.

*4.5.4.3 Strewe na doelbereiking*

Die derde taak is die strewe na doelbereiking. Wanneer die maatskaplike werker besluit op die tegnieke wat benut gaan word om groeplede te help, gaan daar ook besluitneming wees oor wat die teiken van intervensie gaan wees. Die teiken in hierdie tipe groepe is meestal om 'n houding te verander. Dit gaan dus nodig wees vir die werker om kennis in te win oor hoe houdings gevorm word en hoe houdingskonflikte opgelos kan word. Houdings gaan gepaard met emosies, so die emosies moet ook hanteer word. In hierdie tipe groep wil die lede in baie gevalle nadat hulle duidelikheid verkry het oor hul houdings en hoe dit gevorm het, sekere aspekte van hul omgewing wat in konflik is met hul nuwe waardes, verander. Lede sal reageer deur persone te konfronteer wie se aksies hul verhinder om volgens hul nuwe waardes te lewe; hulle sal ook geleenthede soek om die maniere waarop hul verhinder word om toegang tot hierdie geleenthede te verkry, uit te daag.

Culbert (soos beskryf deur Garvin, 1997:226) stel 'n model daar vir identiteitsontwikkeling. Die eerste fase in sy model is baie soortgelyk aan Garvin se *groepformasie take*, waar lede aspekte vanuit die omgewing identifiseer wat inkongruent is met hul individuele behoeftes. Die tweede fase is "om onsself asook die sisteem te verstaan". Stereotipiese persepsies moet in hierdie fase uit die weg geruim word. In die derde fase van Culbert se model word lede gehelp om hulle begrip te verhoog van hul verhouding met die sisteem. Die vierde fase behels die formulering van alternatiewe. Hierdie alternatiewe kan insluit individuele en/of omgewingsveranderinge. Die finale fase in Culbert se model is "beïnvloeding van die lewens van ander". Culbert meld dat die effektiwiteit van die groep in die volhoubaarheid daarvan lê, daarom het die lede ondersteuning van buite nodig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*4.5.4.4 Evaluering*

Evaluering is die laaste taak in groepwerk vir identiteitsontwikkeling. Die belangrikste aspek om in hierdie verband te evalueer is om te bepaal of die groeplede wel duidelikheid het oor hul waardes wat verband hou met die rolle behandel tydens die groepproses.

Wat ook al die hulpverleningsprogram is wat die maatskaplike werker beplan, is dit belangrik om te onthou dat indien die werker die toekoms van die jeugmisdadiger wil beïnvloed, met verwysing na toekomstige oortredings, is dit noodsaaklik om in te pas by die kliënt se eie persepsie van die probleme wat hy ervaar, en sy behoefte aan hulpverlening. Daar word voorgestel dat enige vordering in die hulpverleningsproses, in die rigting van die kliënt se eie doelstellings, probleme en situasie moet wees (Raynor, 1985:37).

## 4.6 SAMEVATTING

Gevangenisstraf het 'n plek in ons samelewing. Sommige jeugdiges is so geweldadig en krimineel, dat hulle uit die samelewing verwyder moet word ten einde die publiek te beskerm. Gevangenisstraf moet ook daar wees as 'n vorm van straf vir diegene met wie alle ander pogings gefaal het.

Vanuit die bogenoemde bespreking kom dit duidelik na vore dat die fisiese sowel as die sosiokulturele omgewing van die gevangenis kan impakteer op die funksionele ontwikkeling van die jeugdige. Hierdie impak is selfs meer negatief in gevalle waar die jeugmisdadiger oor sekere onderskeidende karaktereienskappe beskik wat hom kwesbaar maak vir die invloed vanuit die omgewing. Hierdie karaktereienskappe asook die sosiale strukture kan 'n negatiewe impak hê op die mate van sukses wat bereik kan word met intervensie. Ten einde hulpverlening meer suksesvol te maak, residivisme te verminder en gevangenisstraf in sy doel van rehabilitasie te laat slaag, moet die professionele persone, soos die maatskaplike werkers, die moontlike impak van gevangenisstraf op die jeugdige verstaan en intervensieprogramme daarvolgens aanpas, met inagneming van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



teenwoordige karaktereienskappe. Ten einde dit te bereik word daar voorgestel dat daar gebruik gemaak word van deeglike assessering, aangesien dit waardevolle inligting na vore sal bring oor verskeie aspekte van die jeugdige. Hierdie inligting sal insluit die jeugdige se huidige ontwikkelingsvlak, die mate waarin die verskillende karaktereienskappe teenwoordig is, en ook die jeugdige se aanpassing binne die gevangenis. Vanuit die assessering sal die selektering van groeplede op so 'n noukeurige wyse kan plaasvind dat dit die optimale funksionering van die groep sal meebring. Die maatskaplike werkers moet dan 'n groepwerkmetode kies na aanleiding van die behoeftes van die betrokke kliëntsisteem. Van hierdie metodes kan insluit groepwerk binne sosiaal beheerde toestande, groepwerk vir rehabilitasie, groepwerk met onderdrukte persone en groepwerk vir identiteitsontwikkeling. Evaluering bly deurgaans 'n belangrike fase in enige hulpverleningsproses, en maatskaplike werkers moet voortdurend hul kennis en tegnieke aanvul en verbeter.

In die volgende hoofstuk sal die empiriese ondersoek teen die agtergrond van die literatuurstudie in hoofstukke twee, drie en vier bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK VYF

# 'N ANALISERING VAN DIE JEUGMISDADIGER IN DIE GEVANGENIS

## 5.1 INLEIDING

Maatskaplike werkers in 'n gevangenisopset wie dienste lewer aan jeugmisdadigers moet riglyne hê waarvolgens hulle die jeugdige en sy omgewing kan assesseer. Die assessering moet die ontwikkelingsfase van die jeugdige bepaal, bepaal in watter mate bepaalde karaktereienskappe teenwoordig is, en hoe die omgewing die jeugdige beïnvloed. Gegrond op die inligting wat voortspruit uit die assessering, benodig maatskaplike werkers ook riglyne oor moontlike intervensiestrategieë wat benut kan word om die unieke kliëntsisteem se maatskaplike funksionering te verbeter. Compton en Galaway (1994:7) meld dat kennis die basis vorm vir suksesvolle intervensie en onmisbaar is om die ekologiese fokus te behou.

Die doelwitte van hierdie studie was om 'n profiel van die jeugmisdadiger daar te stel; om die gevangenisomgewing te beskryf; en om die interaksies te verstaan. Hierdie doelwitte was geformuleer ten einde die doel van die studie te bereik, naamlik om riglyne vir hulpverlening te verskaf aan maatskaplike werkers werksaam met jeugoortreders binne die gevangenis. Die inhoud en uitkomste van die empiriese ondersoek sal in hierdie hoofstuk bespreek word, sodat dit as 'n wetenskaplik gefundeerde raamwerk kan dien vir die toepassing van hulpverlening aan jeugoortreders in die gevangenis.

## 5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die volgende afdeling bevat die bevindinge van die empiriese navorsing wat onderneem is. Die metodes wat benut is vir inligtinginsameling sal egter eers vlugtig bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 5.2.1 Steekproefneming en inligtinginsameling

Hierdie studie was beperk tot die werksarea van NICRO Mitchellsplain. Die redes hiervoor is reeds bespreek in hoofstuk een. Die aard van die inligting was beide kwalitatief en kwantitatief in hierdie ondersoek.

'n Steekproef is vanuit die universum verkry by wyse van doelbewuste steekproefneming soos bespreek in hoofstuk een. Die areas waar die vrygelate jeugdiges woonagtig is het ook 'n invloed gehad by steekproefneming. Slegs jeugdiges woonagtig in die Kaapse Skiereland is onderwerp aan steekproefneming weens finansiële beperkinge.

Daar is elf persoonlike tuis onderhoude (N = 11) gevoer aan die hand van 'n onderhoudskedule (sien Bylae 2). Die onderhoudskedule is gebasseer op die doelwitte van die studie, sowel as op die voorafgaande literatuurstudie. Die onderhoude is gevoer deur 'n maatskaplike werker werksaam by NICRO en die respondente was almal deel van haar werkslading. Daar is verskeie redes waarom sy die onderhoude gevoer het en nie die navorser self nie. Die eerste rede is veiligheidsimplikasies. Die geselekteerde respondente is hoofsaaklik woonagtig in hoë misdaad gebiede. 'n Tweede rede is die vertrouens verhouding wat reeds bestaan tussen die gekose maatskaplike werker wie die onderhoude gevoer het en die respondente. Baie van die vrae is persoonlik van aard en die respondente sal meer gewillig wees om inligting met haar te deel as met die navorser. Laasgenoemde hou sterk verband met die jeugoortreder se neiging tot eenrigting kommunikasie (Ferrara, 1992:16). Die derde rede is 'n taal kwessie. Die respondente is almal Xhosa sprekend, ook die eerste taal van die maatskaplike werker. Die werker wie die onderhoude gevoer het, het vooraf opleiding ontvang met betrekking tot onderhoudvoering en die skedule is ook volledig verduidelik. .

## 5.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die gegewens, wat met behulp van persoonlike onderhoude ingesamel is, word aangebied volgens die drie afdelings waaruit die skedule bestaan, naamlik identifiserende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



besonderhede; die persoon; en die impak van die gevangenisomgewing op die jeugmisdadiger.

5.3.1 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Die identifiserende besonderede het hoofsaaklik gefokus op die respondente se huidige ouderdomsverspreiding asook ouderdom tydens hul gevangenissetting. Dit sal vervolgens aangedui en ontleed word.

**5.3.1.1 Ouderdomsverspreiding**

Dit is belangrik om bewus te wees van die ouderdom van die respondente, aangesien hul ontwikkeling hieraan gemeet word. Alhoewel ouderdom nie die enigste bepalende faktor is van ontwikkelingsfases nie, kan dit gebruik word vir gerieflikheidshalwe (Thom, 1992:393; Bender, 2000:39; Craig, 1996:59; Cronje et al., 1982: 5). Die ouderdom van die respondente tydens ondersoek word in figuur 5.1 uitgebeeld.




**N = 11**

**Figuur 5.1: Huidige ouderdomsverspreiding van die respondente**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die meeste van die respondente, 10 uit 11 of 90,9%, was gedurende die ondersoek tussen die ouderdomme van 18 en 20 jaar. Die oorblywende respondent was 17 jaar oud. Die ouderdomsverspreiding van die respondente plaas hul dus tans in die laat adolesensie en vroeë volwasse ontwikkelingsfase (Erikson in Craig, 1996:59). Wat egter ewe belangrik is vir hierdie ondersoek is die ouderdom van die respondente tydens die uitdiening van hul vonnisse, asook die hoeveelheid tyd wat hulle in die gevangenis spandeer het. Deur laasgenoemde faktore te ondersoek, word die navorser in staat gestel om te bepaal tot watter mate ontwikkeling in hierdie fases negatief beïnvloed is deur die gevangenisomgewing. Die respondente se ouderdomsverspreiding in die aanvang van hul gevangenissetting word vervolgens in figuur 5.2 uitgebeeld.




**N = 11**

**Figuur 5.2: Ouderdomsverspreiding in aanvang van gevangenissetting**

Vanuit die figuur kom dit na vore dat die meerderheid van die respondente (81,8%) aan die begin van hul gevangenissetting tussen 16 en 18 jaar oud was. Dit plaas die respondente dus hoofsaaklik aan die einde van die vroeë adolessensie ontwikkelingsfase en die oorblywende respondente (18,2%) in die begin van dieselfde fase (Erikson in Craig, 1996:59). Hierdie ouderdomsverspreiding is goed verteenwoordigend van die algemene jeugdige in die gevangenis wat tussen 16 en 21 jaar is. Daar kan egter afgelei word dat die omgewing 'n merkwaardige impak kon gehad het op hul finale afhandeling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



van die genoemde ontwikkelingsfase. Erikson (soos beskryf in Craig, 1996:59) sowel as Newberger (2000:1) bevestig 'n direkte invloed van die omgewing op ontwikkeling.

### 5.3.2 DIE PROFIEL VAN DIE JEUGMISDADIGER

Ten einde 'n profiel van die jeugoortreder te verkry is daar eerstens gefokus op die verskillende ontwikkelingsfases wat die respondente beklee. Daar is gekyk na die respondente se suksesvolle afhandeling van die verskillende krisisse en take van die fases en ook die impak wat die gevangenisomgewing moontlik kon gehad het op die afhandeling van die take. Tweedens is daar gefokus op die ontwikkeling van die selfkonsep en karaktereienskappe waaroor die respondente beskik. Dit word vervolgens bespreek.

#### 5.3.2.1 Vroeë Adolessensie

Ten einde te bepaal of die gevangenisomgewing wel 'n negatiewe invloed gehad het op die ontwikkeling van die jeugdige is dit nodig om die huidige vlak van ontwikkeling van die jeugdige vas te stel. Vir 'n volledige beskrywing van die take in die onderskeie ontwikkelingsfases, sien hoofstuk twee. Erikson (soos na verwys in Craig, 1996:59) meld dat die sentrale ontwikkelingstaak in vroeë adolessensie is ego identiteit versus ego diffusie. 'n Belangrike krisis in hierdie fase is om rolle te integreer in 'n enkele konstante identiteit. Daar is vir die respondente gevra watter rolle hul tans beklee ten einde hul begrip oor hierdie konsep te verhoog. Rolle wat deurgaans beklee is, is die rol van kind, vriend, broer, werknemer en romantiese vriend. Daarna is vir die respondente gevra of hulle verskillend optree in die vertolking van die verskillende rolle. Hul antwoorde word in figuur 5.3 uitgebeeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.3: Optredes in verskillende rolle**

Nege van die elf respondente (81,8%) het aangedui dat hulle nie dieselfde optree in die vertolking van verskillende rolle nie. Twee van die respondente (18,2%) meld egter dat hulle wel dieselfde optree in verskillende rolle. Daar kan dus afgelei word dat 81,8 % van die respondente nog nie rolle geintegreer het nie en dus nog nie al die take in hierdie ontwikkelingsfase suksesvol afgehandel het nie.

Die twee respondente wie aangedui het dat hulle wel kongruent optree in die vertolking van rolle is onderskeidelik 19 jaar en 20 jaar oud. Hulle is dus van die ouer respondente wat volgens Erikson (in Craig, 1996:59) reeds hierdie taak moes afgehandel het. Hul suksesvolle afhandeling van die taak kan egter bevraagteken word, weens teenstrydighede wat na vore gekom het in 'n vraag oor selfkonsep (sien tabel 5.3). Hier het inkongruenthede in die selfkonsep na vore gekom wat 'n aanduiding kan wees dat hierdie taak nie werklik suksesvol afgehandel is nie. Erikson (in Craig, 1996:59) meen dat indien die ontwikkelingsfase se take nie suksesvol afgehandel is nie, sal dit suksesvolle hantering van daaropvolgende ontwikkelingskrisisse belemmer.

### 5.3.2.2 Laat adolessensie en vroeë volwasse ontwikkelingsfase

Tien van die elf respondente (90,9%) is tans in die laat adolessensie en vroeë volwasse ontwikkelingsfase. Die sentrale ontwikkelingstaak in hierdie fase is wat Erikson (in Craig, 1996:59) noem intimiteit versus isolasie. 'n Krisis wat in hierdie fase afgehandel moet word is die ontwikkeling van verhoudings met persone van die teenoorgestelde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



geslag. Tien uit die elf respondente het aangedui dat hul vriende het van die teenoorgestelde geslag. Nege van hierdie tien respondente is in die laat adolessensie en vroeë volwasse ontwikkelingsfase. Figuur 5.4 dui aan die hoeveelheid verhoudinge wat bestaan met persone van die teenoorgestelde geslag.




**Figuur 5.4: Hoeveelheid verhoudinge met persone van die teenoorgestelde geslag**

Slegs een (9,1%) respondent het aangedui dat hy nie vriende het van die teenoorgestelde geslag nie. Sewe of 63,6% van die respondente het een vriendin en drie respondente het aangedui dat hulle meer as twee vriendinne het. Die teenwoordigheid van verhoudinge met persone van die teenoorgestelde is egter nie voldoende om afleidings te maak oor die respondent se vlak van ontwikkeling nie. Daarom is daar ook van die respondente verwag om die verhoudings te beskryf. Die respondente se beskrywings van hul verhoudings met die persone van die teenoorgestelde geslag word weergegee in tabel 5.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Tabel 5.1: Beskrywing van verhoudinge met persone van die teenoorgestelde geslag**

| Beskrywing van die Verhouding | Altyd | Gereeld | Soms | Nooit | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Hegte verhouding wat insluit die deel van geheime en gevoelens. | 7 | 1 | 2 | 1 | 11 |
| Kommunikeer gereeld, maar deel nie geheime en gevoelens nie. | 6 | 4 | 0 | 1 | 11 |
| Praat nie baie nie. | 6 | 1 | 2 | 2 | 11 |
| Ander | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

N = 11

Alhoewel daar 'n mate van teenstrydighede voorkom in die respondente se antwoorde, blyk dit of die respondente oor die algemeen oop, sterk verhoudinge met die vriende van die teenoorgestelde geslag handhaaf. Hierdie teenstrydighede kan toegeskryf word aan die ontwikkelingsproses. Die respondente is in verskillende stadiums van die proses in 'n poging om hierdie taak af te handel. Dit is ook voor die hand liggend dat die respondente nie dieselfde tipe verhoudings met al hul vriende van die teenoorgestelde geslag handhaaf nie. Dit kom egter duidelik na vore dat tien uit die elf (of 90,9 %) van die respondente wel besig is met die hantering van hierdie krisis soos geidentifiseer deur Erikson (in Craig, 1996:59).

Die ontwikkeling van vertroue is 'n verdere taak in die laat adolessensie en vroeë volwasse ontwikkelingsfase. Die navorser het ondersoek ingestel na tot watter mate en in watter gevalle die respondente ander persone vertrou. Hul antwoorde word in figuur 5.5 uitgebeeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.5: Vertroue van ander persone**

Gemengde reaksies het voorgekom. Ses van die elf respondente sal ander persone vertrou met hul geld. Sewe uit die elf respondente het nie 'n probleem daarmee om hul meisie by ander mense te vertrou nie. Ses van die elf (of 54,5 %) respondente sal nie ander persone genoeg vertrou om geheime te deel nie. Insiggewend was dat 'n oorweldigende meerderheid van die respondente (tien uit die elf of 90,9%) aangedui het dat hulle wel ander persone vertrou met hul gevoelens. In respons tot hierdie vraag het die navorser vir die respondente gevra met wie en tot watter mate hulle hul gevoelens sal deel. Hul antwoorde word uitgebeeld in figuur 5.6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.6: Deel van gevoelens**

Dit kom duidelik na vore dat die meerderheid van die respondente (tien uit elf of 90,9%) hul gevoelens sal deel met hul meisie. Nege van die tien respondente meld dat hulle hul gevoelens deel met hul moeders. Dit bevestig dus die vorige bevinding dat die respondente sterk, oop verhoudinge handhaaf met persone van die teenoorgestelde geslag. Agt uit die tien respondente meen dat hulle hul gevoelens sal deel met hul vriende, waar slegs 45,4 % (vyf uit elf) van die respondente gevoelens deel met hul vaders. 'n Moontlike verklaring vir die lae bereidwilligheid van respondente om gevoelens met vaders te deel kan verband hou met die verskillende rolverwagtinge ten opsigte van mans en vrouens.

Dit was ook insiggewend dat die meerderheid respondente (agt uit elf of 72,7%) aangevoer het dat dit aanvaarbaar is binne die gevangenis om gevoelens te deel. Die inligting word weergegee in tabel 5.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Tabel 5.2: Deel van gevoelens in die gevangenis**

| Aanvaarbaar binne die gevangenis om gevoelens te deel | Altyd | Gereeld | Soms | Nooit | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | 3 (27,3%) | 5 (45,5%) | 2 (18,2%) | 1 (9,1%) | 11 (100%) |

**N = 11**

Hierdie bevinding is insiggewend weens die misdadiger se neiging tot gebrekkige kommunikasie (Van Staden & Greyling, 1999:265). Om openlik te kommunikeer word deur hulle beskou as 'n teken van swakheid. Die navorser is egter van mening dat die gevoelens wat gedeel word deur die respondente oppervlakkig is weens die onvermoë van die jeugmisdadigers om hul gevoelens in woorde te sit soos waargeneem tydens onderhoude.

Erikson (in Craig, 1996:59) verwys ook na die ontwikkeling van warmte en begrip as take wat afgehandel moet word in hierdie ontwikkelingsfase. Ten einde die vaardighede van die respondente in hierdie verband te bepaal het die navorser vrae gevra rondom die gewilligheid van ander persone om hul persoonlike probleme met die respondente te deel. Die inligting word uitgebeeld in figuur 5.7.




**N = 11**

**Figuur 5.7: Bereidwilligheid van ander om persoonlike probleme te deel**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Sewe uit die elf respondente het aangedui dat ander persone altyd persoonlike probleme met hul deel. Twee respondente meld dat ander persone in baie gevalle persoonlike probleme deel. Slegs twee respondente het aangedui dat ander persone selde persoonlike probleme met hulle deel en nie een respondent het gemeld dat daar geen persone persoonlike probleme met hulle deel nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat hul wel oor 'n mate van warmte moet beskik wanneer die bereidwilligheid van ander persone om persoonlike probleme te deel, in ag geneem word. Ten einde hul begrip te toets is die respondente gevra hoe hul optree in gevalle waar ander persone persoonlike probleme met hul deel. Die respondente se antwoorde word uitgebeeld in figuur 5.8.




**N = 11**

**Figuur 5.8: Reaksie van die respondent wanneer ander persoonlike probleme deel**

Sewe van die elf respondente meld dat hulle altyd luister en die persoon se gevoelens probeer verstaan wanneer die persoon persoonlike probleme deel. Twee respondente doen dit meeste van die tyd en twee respondente selde. Nie een van die respondente verneem om nooit te luister en 'n poging aan te wend om die persoon se gevoelens te verstaan wanneer hy/sy persoonlike probleme deel nie. Ses van hierdie respondente probeer ook altyd advies gee en twee probeer dit meeste van die tyd doen. Drie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



respondente gee selde advies. Sewe respondente luister, maar wil nie betrokke raak nie. Een respondent voel dat ander se persoonlike probleme niks met hom te doen het nie en gevolglik luister hy nie werklik na ander se probleme nie. Vanuit hierdie gegewens kom dit na vore dat die respondente wel in 'n mindere of meerdere mate begrip toon of pogings aanwend om begrip te ontwikkel met betrekking tot ander. Hierdie bevindinge is teenstrydig met Ferrara (1992:16-17) se bevinding van beide eenrigting kommunikasie asook die afwesigheid van empatie as karaktertrekke waaroor jeugdiges beskik. Hierdie karaktereienskap impliseer dat jeugdiges nie werklik inneem wat ander sê nie en nie die kapasiteit ontwikkel om empaties op te tree nie.

#### 5.3.2.3 Selfkonsep

Met verwysing na die selfkonsep van die jeugmisdadiger meld Arbutnot et al. (1987:152) dat jeugoortreders oor die algemeen 'n negatiewe selfkonsep het. Die respondente is vervolgens gevra hoe hulle oor hulself voel ten einde insig te ontwikkel oor die respondente se selfkonsep. Hierdie houdings word uitgebeeld in figuur 5.9. Daarna is hulle gevra hoe hulle hulself sien en ook hoe ander hul sien. Hul selfsiening tesame met hoe ander hul sien word uitgebeeld in tabel 5.3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.9: Houdings oor self**

Daar is bevind dat tien van die elf respondente (of 90,9 %) 'n positiewe selfkonsep openbaar. Volgens Arbuthnot et al. (1987:152) is die voorkoms van positiewe selfkonsepte nie ongewoon nie, maar wanneer dit wel voorkom, hou dit verband met valse trots en ego beskerming, wat beduidend is van 'n onrealistiese self siening. Vanuit hierdie gegewens kom dit na vore dat die respondente onseker is oor hoe hulle oor hulself voel. Tien van die elf respondente meld dat hulle altyd of ten minste meeste van die tyd goed voel oor hulself. Terselfde tyd meld ses van die respondente dat hulle altyd of meeste van die tyd teleurgesteld voel in hulself. Ses respondente voel ook meeste van die tyd baie sleg oor hulself. Daar is dus gemengde gevoelens wat na vore kom en kan verduidelik word aan die onafgehandelde identiteitsvorming en ondersteun dus Arbuthnot et al. (1987:152) se stelling. Die respondente handhaaf positiewe houdings in sekere opsigte, maar het negatiewe houdings ten opsigte van sekere aspekte van hul self. Hul selfsiening is ook teenstrydig met hul optredes, sien tabel 5.3 en vergelyk dit met tabel 5.4 vir verdere insig in die verband.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Tabel 5.3: Selfsiening en siening deur ander**

| | Self | Vriende | Mede gevangenes | Ouers | Maatskaplike werkers | Beamptes |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Respondent A** | Eerlik, positief, lojaal, vriendelik | Bereikbaar, maklik om te benader, positief | Stil, teruggetrok-Ke | Hulpvaardig fluks | Same-werkend | Stil, teruggetrok-ke |
| **Respondent B** | Positief, Lojaal, eerlik | Goeie mens, lojaal | Goeie persoon | Positief | Nie beskikbaar | Goeie persoon |
| **Respondent C** | Eerlik, hulpvaardig | Eerlik, lojaal, gee om vir hulle | Eerlik, lojaal | Eerlik | Eerlik, stil | Stil |
| **Respondent D** | Kort humeur | Positief, lojaal | Positief, lojaal | Positief, kort humuer | Positief | Negatief, onsamewerkend |
| **Respondent E** | Positief, lojaal, vriendelik | Positief | Positief | Negatief, skelm | Positief, gemotiveerd om te verander | Positief |
| **Respondent F** | Positief, lojaal, vriendelik | Vriendelik | Vriendelik | As 'n stout kind, ongehoor-saam, soms aggressief | Positief | Positief |
| **Respondent G** | Positief, lojaal, eerlik | Positief | Positief | Positief | Nie beskikbaar | Geen verhouding, aggressief |
| **Respondent H** | Positief, eerlik | Positief | Negatief | Eerlik | Positief | Positief |
| **Respondent I** | Lojaal | Lojaal | Lojaal | Negatief, slinks, lui | Onseker | Onseker |
| **Respondent J** | Eerlik, vriendelik lojaal | Vriendelik, lojaal, eerlik | Lojaal, betroubaar | Vriendelik, kort humeur | Same-werkend | Aggressief |
| **Respondent K** | Eerlik, lojaal | Stil, maklik om mee oor die weg te kom | Positief | Stil, gehoorsaam | Same-werkend | Same-werkend |

**N = 11**

Die eerste kolom (self) dui aan hoe die respondente hulself sien. Die daaropvolgende kolomme is 'n aanduiding van hoe die respondente dink ander hulle sien. Van die respondente beskou 90,9% hulself in 'n positiewe lig, tog is die wyse waarop ander hul sien teenstrydig met hul selfbeskouing in 72,7% van die gevalle. Die respondente toon geen reaksie teenoor die terugvoer van betekenisvolle ander nie (Arbuthnot et al.,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



1987:152). Vergelyk vervolgens hul selfbeskouing met hul onlangse optredes soos aangedui in tabel 5.4.

**Tabel 5.4: Onlangse optredes**

| Onlangse optrede | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Leuen vertel | 8 | 3 |
| Iemand mislei | 1 | 10 |
| Betrokke in 'n verbale argument. | 4 | 7 |
| Fisies baklei | 3 | 8 |
| Vloektaal gebriuk | 6 | 5 |
| 'n Besitting van iemand beskadig. | 0 | 11 |
| Sarkasties opgetree | 4 | 7 |

N = 11

Eerlikheid en lojaliteit is byvoorbeeld aspekte wat sewe van die respondente geidentifiseer het as eienskappe waaroor hul beskik (sien tabel 5.3), tog het agt van die respondente onlangs 'n leun vertel. Daar kom dus ook teenstrydighede voor in die wyse waarop die respondent homself sien en sy optredes. Die afleiding kan vervolgens gemaak word dat daar fragmentasie voorkom in die wyse waarop die resopndent homself sien (Ferrara, 1992:18). Dit is belangrik om in ag te neem in die verband dat die jeugdige nie hierdie gefragmenteerde siening raaksien nie (Ferrara, 1992:18).

Die selfkonsep is dus teenstrydig met die gedrag van die respondent. 'n Rede hiervoor kan wees inkongruente rolvertolking. Hierdie tekort aan persoonlikheidsintegrasie kan veroorsaak dat die jeugdige dit moeilik vind om eksterne druk, stres en frustrasie te hanteer (Arbuthnot et al., 1987:152). Dit is ook in hierdie studie die geval gewees. Die wyses waarop die jeugdiges druk hanteer word uitgebeeld in figuur 5.10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.10: Wyses waarop druk hanteer word.**

Respondente openbaar in baie gevalle disfunksionese wyses van die hantering van interne en eksterne druk. Nege van die respondente (of 81,8%) baklei in 'n poging om druk te hanteer en agt van die elf respondente (of 72,7%) neem middels vir hierdie doel. Met verwysing na positiewe hanteringswyses van druk, het twee respondente gemeld dat hulle die saak sal uitpraat met die betrokke persoon en vyf respondente beoefen 'n sport of stokperdjie om van frustrasie ontslae te raak. Daar kan afgelei word dat die onvermoë van die respondente om druk, stres en frustrasie te hanteer die gevolg is van 'n tekort aan die nodige persoonlikheidsintegrasie en bevestig dus Arbuthnot et al. (1987:152) se bevinding.

### 5.3.2.4 Behoefte aan besluitneming

Namate 'n kind ouer word beweeg sy selfkonsep in 'n rigting van meer selfdireksie (Knowles, 1971:39). Die behoefte aan besluitneming word baie sterk en is ook in hierdie studie bevind en ondersteun dus Cronje et al. (1982:42) se stelling. Die respondente is gevra hoe belangrik besluitneming vir hulle is. Hul behoefte aan besluitneming word in figuur 5.11 aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.11: Beoefte aan besluitneming**

Die rede waarom besluitneming so belangrik word het te doen met die ontwikkelingsproses. Die persoon in laat adolessensie moet toenemend meer sy eie besluite maak ten einde gedrag te rig volgens wat hy in die vorige ontwikkelingsfase geleer het (Cronje et al., 1982:42). Nege uit die elf respondente het aangedui dat dit altyd belangrik is om eie besluite te maak en twee het aangevoer dat dit vir hulle meestal belangrik is. Daar is nie een respondent wat gevoel het dat besluitneming net soms of nooit belangrik is nie. Hierdie behoefte kan so sterk raak dat daar gerebelleer word teen die kontrole van die volwasse wêreld rebelleer. In die verband het die navorser die respondente se gevoelens geeksploreer met betrekking tot wanneer besluite vir hulle gemaak word. Hul reaksies word uitgebeeld in tabel 5.5.

**Tabel 5.5: Houding wanneer besluite vir hom gemaak word**

| | |
|---|---|
| Sterk negatiewe houding | 8 (72,7%) |
| Geen houding | 1 (9,1%) |
| Positiewe houding | 2 (18,2%) |
| Totaal | 11 (100%) |

**N = 11**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Agt uit die elf respondente het sterk negatiewe houdings geopenbaar wanneer daar vir hulle gevra is hoe hulle voel wanneer besluite vir hulle gemaak word. Drie respondente het gemeld dat dit nie werklik vir hulle saak maak nie. Die rede hiervoor kan toegeskryf word aan die feit dat die jeugdiges in verskeie ontwikkelingsfases is en die ervarings wat hulle in die verlede gehad het met ander wat vir hulle besluite gemaak het verskil. Positiewe ervarings kan daartoe lei dat die jeugdiges nie dieselfde mate van negatiewiteit openbaar hieroor as in die gevalle waar die respondente negatiewe ervarings gehad het wanneer ander vir hulle besluite geneem het nie.

Binne die gevangenis is daar 'n groot tekort aan besluitneming. Howes (1992:18) noem hierdie tekort aan eie besluitneming die verliesimplikasie. Die navorser het vir die respondente gevra of hul frustrasie ervaar as 'n gevolg van die tekort aan besluitneming. Hul antwoorde word uitgebeeld in figuur 5.12.




**N = 11**

**Figuur 5.12: Frustrasie as gevolg van die verliesimplikasie**

Sewe van die respondente (63,6%) het aangedui dat hulle meestal of altyd frustrasie ervaar as gevolg van die tekort aan besluitneming in die gevangenis. Howes (1992:18) se bevinding van die verliesimplikasie word dus bevestig. Sy het verder in haar navorsing gevind dat die verliesimplikasie kan bydra tot die oneffektiewe rehabilitasie-effek van gevangenisstraf. Dit is ook bevestig in hierdie ondersoek. Die respondente is gevra of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



hulle voel dat die tekort aan besluitneming maatskaplike werk intervensieprogramme kan beïnvloed. Die respondente se antwoorde is vervat in figuur 5.13.




**N = 11**

**Figuur 5.13: Effek van verliesimplikasie op hulpverlening**

Sewe van die elf respondente meen dat die tekort aan besluitneming wel 'n invloed kan hê op die mate van sukses wat bereik kan word met maatskaplike werk hulpverlening. Twee respondente voel dat dit egter nie die geval is nie. Belangrik om in hierdie verband te meld, is dat dit hierdie twee respondente ook in die vorige vrae gemeld het dat hulle selde frustrasie ervaar het as gevolg van die tekort aan besluitneming in die gevangenis en ook nie negatiewe gevoelens aangedui het ten opsigte van wanneer besluite vir hulle gemaak word nie. Die twee van die elf respondente wat onseker was oor die mate waarin besluitneming hulpverlening kan beïnvloed, was nog nooit voorheen by maatskaplike werk hulpverlening in die gevangenis betrek nie. 'n Verklaring waarom die tekort aan besluitneming 'n invloed kan hê op hulpverlening kan teruggevoer word na die rebelleering teen die kontrole van die volwasse wêreld (Knowles, 1971:39).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 5.3.2.5 Vermoëns en onvermoëns

Ferrara (1992:15-18) identifiseer sekere vermoëns en onvermoëns wat die jeugdige onderskei van wetsgehoorsame jeugdiges. Navorser het die teenwoordigheid van hierdie karaktereienskappe getoets deur 'n reeks vrae te vra. Die inligting word weergegee in tabel 5.6.

**Tabel 5.6: Vermoëns en onvermoëns**

| Tot watter mate word daar saamgestem met die volgende stellings | Altyd | Meestal | Soms | Nooit |
|---|---|---|---|---|
| Wil wen in 'n situasie | 8 | 1 | 1 | 1 |
| Wil die laaste sê hê in 'n argument | 2 | 1 | 5 | 3 |
| Wil jou sin hê | 8 | 2 | 0 | 1 |
| Volg raad wat ander gee | 3 | 4 | 3 | 1 |
| Jy is trots op jouself | 10 | 1 | 0 | 0 |
| Jy mislei mense in die gevangenis om die lewe meer interressant te maak | 0 | 1 | 4 | 6 |
| Die lewe is onregverdig as jy nie altyd kry wat jy wil hê nie | 3 | 3 | 1 | 4 |
| Wanneer jy iets onwettigs gaan doen weet jy dit is verkeerd | 5 | 2 | 2 | 2 |
| Wanneer jy in 'n situasie kom vergeet jy hoe om dit korrek te hanteer | 3 | 3 | 2 | 3 |
| Jy dink nie aan enige nagevolge nie | 5 | 1 | 4 | 1 |
| Jy is bewus van die slagoffer se gevoelens en regte, maar jy behoeftes is belangriker | 6 | 4 | 0 | 1 |
| Jy leer uit vorige foute | 10 | 1 | 0 | 0 |
| Jy leer uit ander se foute | 5 | 3 | 1 | 2 |
| Elke situasie is verskillend en dus 'n nuwe leerervaring | 5 | 5 | 0 | 1 |
| Jy maak dieselfde fout meer as een keer | 1 | 4 | 2 | 4 |
| Jy is uniek, heeltamal verskillend van ander | 5 | 1 | 1 | 4 |

N = 11

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Vanuit tabel 5.6 kom dit na vore dat dit baie belangrik is vir die respondente om in 'n situasie te wen (nege uit elf of 81,8%%). Dit is selfs meer belangrik om hul sin te kry (tien uit elf respondente of 90,9%). Teenstrydig is egter hul melding dat om die laaste sê te hê in 'n situasie. 'n Afleiding wat in hierdie verband gemaak kan word, is dat argumente meestal opeindig in 'n fisiese geveg en dit is van meer belang vir die respondente om hierdie geveg te wen. Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die magspel, soos deur Ferrara (1992:16) geidentifiseer, wel tot 'n hoë mate teenwoordig is.

Eenrigtingkommunikasie is 'n verdere vermoë wat Ferrara (1992:16) aandui as 'n karaktertrek van jeugmisdadigers. Tydens die voer van die onderhoude het slegs twee van die respondente vrylik gekommunikeer. Nege van die elf respondente het nie inligting vrylik weergegee nie, en verduidelikings is moeilik ingewin. Soos waarneembaar uit die tabel het sewe respondente aangedui dat hulle altyd of meestal (drie en vier respondente onderskeidelik) raad volg wat ander vir hulle gee. Dit is teenstrydig met Van Staden en Greyling (1999:265) se bevinding dat dit nie die geval is by hierdie kliëntsisteem nie. 'n Verklaring vir hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan 'n inkongruente selfkonsep en 'n tekort aan identiteitsintegrering wat veroorsaak dat die respondent daarna streef om aanvaar te word. Dit beteken egter nie dat die redes vir die aanbevelings ingeneem word nie. Daar kan dus afgelei word dat eenrigtingkommuniskasie wel teenwoordig is.

Hoë mates van trots kom by al die respondente voor. Tien van die elf respondente meld dat hul altyd trots is op hulself en een respondent is meeste van die tyd trots op homself. Ferrara (1992:16) noem hierdie verskeinsel valse trots, aangesien die jeugdige niks gedoen het om dit te verdien nie. Die respondente meld dat hul trots is op hulself weens 'n verskeidenheid faktore. Vier van die respondente is trots daarop dat hul nog nie weer heroortree het nie. Een respondent meld dat hy trors op homself is, omdat hy sy bes doen, 'n ander is trots omdat hy hulpvaardig tuis is. Ander faktore waaroor die respondente onderskeidelik trots is, is omdat hy sy straf voltooi het, nie by 'n trokbende aangesluit het nie, deeltydse werk het, pa se graf skoongemaak het, maatskaplike werk program voltooi het, matriek geslaag het en nie moeilikheid veroorsaak het in die tronk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



nie. Alhoewel sommige van hierdie aspekte werklik faktore is om op trots te wees, regverdig dit nie die mate van trots teenwoordig nie. Ferrara (1992:16) meld dat hierdie valse trots gewoontlik te voorskein kom in die jeugdige se melding dat die lewe onregverdig is wanneer hy nie kry wat hy wil hê nie. Ses van die elf respondente (of 54,5%) bevestig hierdie stelling deur te antwoord dat hul altyd of meeste van die tyd so voel. Een respondent meld dat hy selde voel dat die lewe onregverdig is as hy nie kry wat hy wil hê nie en vier respondente voel nooit so nie. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat valse trots wel teenwoordig is by die respondente.

Slegs een respondent meld dat hy mense gereeld mislei of uitgetart het tydens sy setting. Tien van die elf respondente (of 90,9%) verneem om dit selde of nooit gedoen het nie. Jeugdiges beskik oor groot hoeveelhede energie (Ferrara, 1992:16) en binne die gevangenis is daar nie altyd konstruktiewe wyses om van hierdie energie ontslae te raak nie. Die respondente vind dus ander wyses van hierdie energie ontslae raak. Ferrara (1992:16) meld egter dat die energie binne die gevangenis hoofsaaklik aangewend word vir verkeerde dade.

Vanuit die inligting in die tabel kom dit na vore dat die jeugdiges hul eie behoefte bevrediging as belangriker beskou as die behoeftes van ander. Sewe van die elf respondente (63,6 %) weet dat wanneer hul die wet gaan oortree wat hulle gaan doen is verkeerd, maar doen dit in elkgeval. Tien van die respondente (90,9 %) noem dat hul wel die gevoelens sowel as regte van die slagoffer in ag neem, maar beskou hul eie behoefte bevrediging as belangriker. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met Ferrara (1992:17) se identifisering van die vermoë tot ontheffing asook gebrekkige verantwoordelikheid. Ondersteunend in die verband is die vermoë om struikelblokke tot misdaad te ellimineer (ses van die respondente het hierdie tendens getoon). Beide hierdie karaktereienskappe (ontheffing en gebrekkige verantwoordelikheid) is dus teenwoordig by die respondente.

Al elf respondente dui aan dat hul leer uit vorige ervarings. Teenstrydig hiermee is dat tien van die respondente aandui dat elke situasie verskil en dus is elke situasie ‘n unieke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



leerervaring. Vier (of 36,4%) van die respondente meld ook dat hul in baie gevalle dieselfde fout meer as een keer maak en een respondent doen dit altyd. Ses respondente het 'n unieke unieke selfbeskouing, tog meld agt van die elf respondente dat hulle leer deur ander se foute. Dit wil dus voorkom asof die respondente onseker is oor hul wyse van leer en dit is in ooreenstemming met Ferrara (1992:18) se beskrywing van die jeugmisdadiger se onontwikkelde kognitiewe vermoëns. Vanuit die tabel spruit dit ook voort dat ses van die elf respondente vorige leerervarings vergeet wanneer hy homself in 'n situasie bevind en getuig van swak ontwikkelde probleemoplossingsvermoë. Die bevindinge steun dus Ferrara (1992:18) se melding dat jeugmisdadigers oor onontwikkelde kognitiewe vermoëns beskik.

#### 5.3.2.6 Selfhandhawing

Onvoldoende selfhandhawing is 'n verdere karaktereienskap wat getoets is. Vrae is aan die respondente gevra aangaande hul reaksie wanneer 'n nuwe persoon in die gevangenis kom asook hul gewilligheid om verhoudings te iniseër na vrylating. Hul antwoorde word weergegee in tabel 5.7 en figuur 5.14 onderskeidelik en sal gesamentlik bespreek word.

**Tabel 5.7: Vaardigheid om verhoudings te inisiëer binne die gevangenis**

| Reaksie wanneer 'n nuwe gevangene opgeneem word | Ja | Nee |
|---|---|---|
| **Gaan praat met hom.** | **9** | **2** |
| **Wag tot hy na jou toe kom.** | **1** | **10** |
| **Kyk hoe ander teenoor hom optree.** | **7** | **4** |
| **Ignoreer hom.** | **2** | **9** |

**N = 11**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.14: Selfhandhawing**

Dit was Van Staden en Greyling (1999:265) se ondervinding dat 'n tekort aan selfhandhawing bykans alom teenwoordig is en dat dit veroorsaak dat jeugmisdadigers selde verhoudings inisieer. Dit was ook hierdie skrywers se ondervinding dat swak kommunikeerders dikwels nie oor die vaardigheid van selfhandhawing beskik nie. Hierdie stelling word bevestig in die ondersoek. Alhoewel nege van die elf respondente aangedui het dat hulle wel met die persoon gaan praat, het sewe van hierdie respondente gemeld dat hul eers kyk hoe ander persone teenoor die persoon reageer en self reageer op grond hiervan. Tien van die respondente het gemeld dat hulle nie eers sal wag dat die ander persoon hulle nader nie. Hierdie verskeinsel het egter ook te doen met die status struktuur as deel van die subkultuur binne die gevangenis. Hierdie struktuur bepaal dat nuwe persone nie verhoudings kan inisieer nie, weens hul sondebok status (Poski in Kratcoski & Kratcoski, 1990:312). Daar is ook na vrylating uit die gevangenis 'n neiging tot onvoldoende selfhandhawing. Slegs vyf van die elf respondente sal verhoudings inisieer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 5.3.3 IMPAK VAN DIE OMGEWING

Ten einde die impak van die gevangenisomgewing te bepaal is daar eerstens gekyk na die gevangene se huisvesting voor en na opname in die gevangenis. Tweedens is daar gekyk na die rol wat sy familie in sy lewe vertolk asook familieondersteuning tydens en na opname in die gevangenis. Aanmoediging deur die maatskaplike werkers is ook in die verband gevra. Die graad van verwydering en verlange huis toe is ook ondersoek. Ten einde die impak van die gevangenisomgewing te bepaal is daar ook gelet op die respondent se aanpassing in die omgewing met verwysing na sosiale strukture, geweld en aggressie asook middelmisbruik. Daar word ook gekyk na die gevolge van gevangenisstraf.

#### 5.3.3.1 Huisvesting voor en na gevangenissetting en die rol van die familie

Aanpassing in die gevangenis is moeilik en probleme in die verband is nie skaars of beperk tot kwesbare groepe nie (Toch, 1992:12). Om aan te pas in die gemeenskap na 'n gevangenissetting is selfs moeiliker (NICRO pamflet). Die jeugdiges het dus die ondersteuning van hul families in die verband nodig. Dit is in ooreenstemming met McKendrick (1991:67) se stelling dat die jeugdige die beste kans het op groei en ontwikkeling binne die sosiale omgewing van sy eie familie. Gebrekkige ouer-kind verhoudinge in vroeë adolessensie kan aanleiding gee tot wanaanpassing en afwykende gedrag in die jeugdige (Cronje et al., 1992:40). Dit is egter in baie kere die geval dat die jeugdige se ouers hom verwerp na opname in die gevangenis. Dit is (alhoewel tot 'n mindere mate) ook waargeneem in hierdie studie. Tien van die elf respondente het by hul families gewoon voor hul gevangenissetting, waar slegs agt aandui dat hul na hul gevangenissetting weer by hul gesinne gaan woon het. Sien figuur 5.15 vir 'n visuele voorstelling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.15: Huisvesting voor en na gevangenissetting**

Die navorser het ook belang gestel in die rol wat die gesin in die respondente se lewens speel. Hierdie inligting word uitgebeeld in tabel 5.8. 'n Gesamentlike bespreking sal volg.

**Tabel 5.8: Rol van die familie in die respondent se lewe**

| Baie belangrik | Belangrik | Klein rol | Geen rol |
|---|---|---|---|
| 7<br>(63,6%) | 2<br>(18,2%) | 2<br>(18,2%) | 0<br>(0%) |

**N = 11**

Dit kom na vore uit figuur 5.15 dat daar ses respondente (54,5%) tans woon by hul nuklêre gesinne (gesin van oorsprong), vier (36,4%) woon by uitgebreide gesinne en een respondent woon op sy eie. Drie van die elf respondente (27,3%) wat voor hul gevangenissettings by hul gesin van oorsprong gewoon het, woon tans by lede van die uitgebreide gesin. Die verskynsel is ooreenstemming met NICRO se waarneming dat dit soms gebeur dat gesinne hul kind verwerp na opname in die gevangenis. Die familie is egter steeds teenwoordig in al die respondente se lewens – 'n faktor wat positief is vir beide heraanpassing en ontwikkeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Vanuit tabel 5.8 kan daar afgelei word dat vir die meeste van die respondente (sewe uit elf of 63,6%) hul familie 'n baie belangrike rol speel. Vir twee van die respondente speel hul familie 'n belangrike rol. Vir die twee oorblywende respondente is die rol van hul familie egter klein. Beide hierdie respondente woon egter by hul families. Die rede vir hul antwoord kan toegeskryf word aan die belangrikheid wat hulle aan hul portuurgroep heg eerder as aan familie.

Dit is egter nie net die ondersteuning wat belangrik is vir die optimale groei en ontwikkeling van die jeugdige nie. Die jeugdige moet ook 'n mate van tevredenheid voel met betrekking tot die ondersteuning wat hy ontvang. Die respondente se tevredenheid met die mate van ondersteuning wat hulle van hul families ontvang word in die volgende figuur weergegee.




**N = 11**

**Figuur 5.16: Tevredenheid met familie ondersteuning tydens**

Vanuit figuur 5.16 kan daar afgelei word dat die respondente in meeste gevalle (nege uit die elf respondente) tevrede was met die mate van ondersteuning wat hulle ontvang het van hul families tydens hul settings. Daar was dus slegs twee respondente wat ontevrede was in die verband. Met verwyssing na tevredenheid na vrylating, is 90,9% (tien van die elf respondente) tevrede met die ondersteuning wat hul ontvang van hul families, en slegs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



9,1% (een respondent) is ontevrede. Een van die twee respondente wat aangedui het dat hy nie tevrede is met die mate van ondersteuning tydens sy gevangenissetting nie, is wel tevrede met die mate van ondersteuning wat hy tans ontvang. Hy was ontevrede tydens sy setting omdat sy ouers hom nooit besoek het nie. Hy besef egter dat dit finansieel nie vir hulle moontlik was nie. Die ander respondent wie aangedui het dat hy nie tevrede was met die mate van ondersteuning ontvang tydens sy setting nie, is steeds nie tevrede met die ondersteuning nie en is ook een van die respondente wat aangedui het dat sy familie slegs 'n klein rol in sy lewe speel. Die ander respondente wat aangedui het dat sy familie 'n klein rol speel in sy lewe is allermins tevrede met die mate van ondersteuning wat hy ontvang van hulle – beide tydens sy gevangenissetting asook na sy vrylating. Hierdie inligting is 'n aanduiding dat in meeste gevalle die familie wel 'n belangrike rol speel in die gevangene se lewe en dat die algemene vlak van tevredenheid met die mate van ondersteuning wat hulle ontvang baie hoog is. Die ondersteuning waarna die respondente verwys is hoofsaaklik finansieële ondersteuning (nege respondente et hierna verwys) en emosionele ondersteuning (sewe respondente het hiervan melding gemaak).

Ontstellend was die respondente se reaksie oor vrae van maatskaplike werkers se aanmoediging van familiekontak en pogings om familie verhoudinge te versterk tydens hul gevangenissetting. Die respondente se antwoorde word vervolgens in figuur 5.17 en tabel 5.9 onderskeidelik uitgebeeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N=11**

**Figuur 5.17: Aanmoediging van familiekontak tydens gevangenissetting**

**Tabel 5.9: Verhoudings aangemoedig deur maatskaplike werkers**

| Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|
| 2<br>(18,2%) | 9<br>(81,8%) | 11<br>(100,0%) |

**N = 11**

Agt van die elf respondente (72,7%) het aangedui dat familie kontak nooit tydens hul setting aangemoedig is nie. Een respondent meld dat daar selde enige pogings was en twee respondente noem dat familie kontak soms aangemoedig is.

Nege van die elf respondente meen dat maatskaplike werkers nie genoeg gedoen het tydens hul gevangenissetting om familieverhoudinge te versterk nie. Twee van die respondente voel egter dat die maatskaplike werkers wel genoeg gedoen het met betrekking tot familie verhoudinge. Dit leemte in hulpverlening kan toegeskryf word aan die tekort aan mannekrag (Nesser, 1989:178) en vervolgens die maatskaplike werkers se hoë werksladings wat veroorsaak dat hulpverlening eers in baie gevalle in alle erns begin voor ontslag (Rossouw, 1997). Twee van die respondente het tydens die onderhoud

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gemeld dat hulle nooit 'n maatskaplike werker gesien het tydens hul settings nie. Hierdie aantuigings gemaak in die twee vooropvolgende vrae is problematies vir verskeie redes. Eerstens is die familie baie belangrik in die heraanpassing van die jeugdige na vrylating. Die familie is tweedens ook belangrik vir die funksionele ontwikkeling van die jeugdige – beide tydens die gevangenissetting en na vrylating. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met "*The Children's Rights Research and Advocacy Project*" (1992:21) se soortgelyke aantuigings.

#### 5.3.3.2 Verlange huistoe

Verlange huistoe kan beskou word as 'n verwyderingsreaksie, soortgelyk aan rou (Archer in Ireland & Archer, 2000:98). Opname in die gevangenis impliseer 'n totale skeiding van die gesin. Dit is 'n voorbeeld van waarna Ireland en Archer (2000:98) as 'n kritiese transisie en hou psigososiale gevolge vir die jeugdige in. Die hoeveelheid respondente wat hul families gemis het tydens hul gevangenissetting word uitgebeeld in tabel 5.10.

**Tabel 5.10 Verlange huistoe**

| | Altyd | Meestal | Soms | Nooit | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **Verlange huistoe** | **10 (90,9%)** | **1 (9,1%)** | **0 (0%)** | **0 (0%)** | **11 (100%)** |
| **Depressie weens verwydering** | **10 (90,9%)** | **1 (9,1%)** | **0 (0%)** | **0 (0%)** | **11 (100%)** |

**N = 11**

Al die respondente het verlange huistoe getoon. Tien van die respondente (of 90,9%) meld dat hulle altyd huistoe verlang het en een respondent het soms verlang. Daar is nie een respondent wat nie hierdie gevoelens ervaar het nie. Een van die psigososiale gevolge van hierdie verwydering uit hul tuiste is depressie (Ireland & Archer, 2000:98). Die respondente wie depressie ervaar het oor die verwydering van hul tuiste se verspreiding is dieselfde as die respondente se verlange huistoe. Depressie hou dus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



verband met die verwydering uit die omgewing en steun Ireland en Archer (2000:98) se bevinding.

Die volgende aspek bestudeer is die graad van verwydering wat deur die respondente ervaar is. Dit fokus op hoe sekere herlokies 'n sterker effek op die individu meebring as ander (Wapner et al., in Ireland & Archer 2000:98). Resultate word aangedui in figuur 5.18.




**N = 11**

**Figuur 5.18: Graad van verwydering**

In teenstelling met Zamble en Porporno (in Ireland & Archer, 2000:101) se bevinding dat verwyderingstres deur die jeugmisdadiger in 'n hoër mate ervaar word as omgewingsdruk, het die navorser die teenoorgestelde bevind. Vir die oorgrote meerderheid van die respondente is omgewingsdruk as erger aangewys as verlange huistoe, alhoewel laasgenoemde wel ook teenwoordig is. Ses van die elf respondente het aangedui dat om in die gevangenis te wees is die ergste vir hulle en vier meen die verwydering uit hul tuiste is die ergste. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan toegeskryf word aan die haglike omstandigede waarin die jeugdiges aangehou word (The Children's Rights Research and Advocacy Project, 1992:21).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Verder is daar ook bevind dat die meeste van die respondente aangedui het dat hul verlange huistoe erger ervaar het aan die begin van hul setting. Dit word uitgebeeld in figuur 5.19.




**N = 11**

**Figuur 5.19: Verlange tydens hul setting**

Die oorgroote meerderheid van die respondente (agt uit elf of 72,7%) wat verlange huistoe ervaar, ervaar dit dus in groter hoeveelheid op toetrede in die gevangenis. Drie respondente het aangedui dat hulle deur die loop van hul setting verlange huistoe in dieselfde graad ervaar het. Hierdie drie respondente het ook aangedui dat hul families 'n belangrike rol in hul lewens speel. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Ireland en Archer (2000:101) se bevinding. Die rede vir hierdie tendens kan ook verduidelik word aan die hand van die U-kurwe van sosialisering (Wheeler in Howes, 1992:18) wat meld dat die impak van sosialisering die hoogste is in die middelfase van die aanhoudingsperiode.

### 5.3.3.3 Aanpassing in die gevangenis

Verwydering van 'n persoon uit sy tuiste kan verskeie negatiewe reaksies ontlok, soos in die vorige afdeling na vore gekom het. Hierdie reaksies eskalleer indien die omgewing nie kompenseer hiervoor nie. Die gevangenisomgewing bied egter nie die nodige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



kompensasie om die verwydering te vergemaklik nie, maar stel eerder meer eise aan die jeugdige wat aanpassing verder bemoeilik. Die aanpassing in die gevangenis kan sekere somatiese simptome by die persoon ontlok wat vervolgens die fokus is van die volgende vraag. Daar is vir die respondente gevra watter simptome hulle tydens hul gevangenissetting ervaar het. Die inligting word weergegee in tabel 5.11.

**Tabel 5.11: Simptome ervaar tydens gevangenissetting**

| | |
|---|---|
| **Depressie** | **9 (81,8%)** |
| **Hartseer** | **6 (54,5%)** |
| **Angstigheid** | **4 (36,4%)** |
| **Kognitiewe onvermoë** | **5 (45,5%)** |
| **Hoofpyn** | **4 (36,4%)** |
| **Irritasie** | **7 (63,6%)** |
| **Slaap moeilik** | **5 (45,5%)** |
| **Senuwee agtigheid** | **5 (45,5%)** |
| **Kort humeur** | **4 (36,4%)** |

**N = 11**

Nege van die elf respondente het aangedui dat hulle depressie ervaar het, ses was hartseer vier het angstigheid ervaar en kognitiewe gebrek het by vyf van die respondente voorgekom. Depressie, irritasie en hartsteer het by die meeste voorgekom. Hierdie simtome is kenmerkend van persone wat tuiste verlange ervaar en daar kan dus bevestig word dat dit wel in die meeste gevalle voorkom. Die aanpassing in die gevangenis kan ook gepaard gaan met stres. Die respondente het tydens die ondersoek te kenne gegee kan meeste van die somatiese gevolge van stres in 'n mindere of meerdere mate voorgekom het. Vier van die respondente het hoofpyne ervaar, sewe van die elf respondente het geïrriteerdheid ervaar, vyf respondente het senuagtigheid ervaar, sowel as moeikheid om te slaap en vier respondente het aangedui dat hulle 'n kort humeur geopenbaar het. Die bevindinge ondersteun dus Malherbe en Engelbrecht (1992:37) se stelling dat aanpassing gepaard gaan met stres. Daar kan dus tot die gevolgtrekking

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gekom word dat die omgewing 'n verskeidenheid somatiese simptome kan meebring wat nadelig kan wees om die ontwikkeling van die jeugdige.

Kratcoski en Kratcoski (1990:331) meld dat jeugdiges wat in die gevangenis opgeneem word vind dat hul moet aanpas by twee kragte wet op mekaar inwerk. Druk van die mede gevangenes om te konformeer met hul reëls en druk van die personeel. Die navorser het vrae gevra in 'n poging om hierdie stelling te staaf. Die gegewens word weergegee in tabel 5.12.

**Tabel 5.12: Ervaring van teenstrydige kragte wat inwerk op die jeugmisdadiger.**

| Ja | Nee |
|---|---|
| 3<br>(27,3%) | 8<br>(72,7%) |

**N = 11**

Agt (72,7%) van die respondente meen dat hulle nie teenstrydige kragte of druk ervaar het tydens hul gevangenissetting nie. Slegs 27,3% (drie van die elf respondente) het wel teenstrydige druk aanvaar binne die gevangenisomgewing. Die bevindinge is dus teenstrydig met Kratcoski en Kratcoski (1990:331) se bevinding dat teenstrydige kragte tot 'n hoë mate teenwoordig is. Die navorser maak dus die afleiding dat daar nie rolkonflik in die vertolking van die rol van gevangene nie teenwoordig is nie. 'n Moontlike rede wat hiervoor toegevoer kan word is die tekort aan mannekrag wat die druk aansienlik verminder van die personeel se kant af (Witskrif oor die Beleid van Korrektiewe dienste in die Nuwe Suid-Afrika, 1994; Rossouw, 1997).

Sieverdes en Bartollas (soos beskryf in Kratcoski & Kratcoski, 1990:311) het die aanpassing van geïnstitusionaliseerde jeugdiges bestudeer en vyf kategorieë daargestel, naamlik konformeerders, rituleerders, innoveerders, rebelle en terugtrekkers. Daar is situasies aan die respondente voorgehou wat hierdie vyf kategorieë verteenwoordig en vir hulle gevra of hulle in enige van hierdie kategorieë val. Hul antwoorde word in figuur 5.20 voorgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.20: Aanpassingskategorieë**

A.) Probeer personeel te beïndruk met 'n positiewe houding en samewerkende gedrag. Dit kan egter wantroue veroorsaak by mede gevangenes.

B.) Dit is maklik en pret om personeel te mislei.

C.) Dit is nie die betrokkene se eerste gevangenissetting nie en voel gevolglik gemaklik in die omgewing.

D.) Word deur mede gevangenis misbruik en voel gevolglik minderwaardig.

E.) Voel dat opvoedkundige en rehabilitasie programme 'n mors van tyd is. Hierdie gevangene beskik ook oor 'n mate van mag oormede gevangenis.

F.) Ander

Vier van die respondente (36,4%) aangedui dat hulle in kategorie A val met betrekking tot hul aanpassing in die gevangenis. Hierdie kategorie verteenwoordig die konformeerders, soos geidentifiseer deur Sieverdes en Bartollas (in Katcoski & Katcoski, 1990:311). Nie een respondent het die beskrywing van innoveerder of rituleerder aangedui nie. Vier respondente meen die rebelle kategorie hul aanpassing die beste beskryf (kategorie E). Vanuit die elf respondente het daar drie gemeld dat hulle in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



terugtrekkerkategorie val. Hierdie persone is meer geneig tot selfmoord en selfbesering as 'n poging om die uitbeiting te ontsnap as enige ander geïdentifiseerde tipe. Nie een van die respondente het egter aangedui dat hulle al ooit in die verlede selfmoord probeer pleeg het, daaraan gedink het of hulself met opset beseer het nie.

### 5.3.3.4 Sosiale strukture

'n Tekort aan familieondersteuning tesame met die behoefte om te behoort is twee van die hoofredes waarom kinders by bendes aansluit (Goldentyer, 1994:29-33). Daar is vir die respondente gevra of hulle in die gevangenis aan 'n bende behoort het en of hulle nou aan een behoort. Hul antwoorde word in figuur 5.21 uitgebeeld .




**N = 11**

**Figuur 5.21:Bendebetrokkenheid**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dit kom voor vanuit figuur 5.21 dat bendebetrokkenheid ietwat hoër was in die gevangenis as na vrylating. Drie respondente het aangedui dat hul aan 'n bende behoort het in die gevangenis. Slegs een van hierdie respondente behoort steeds aan 'n bende. Die oorgrote meerderheid het egter aangedui dat hul nie aan 'n bende behoort het in die gevangenis nie en ook nie tans aan een behoort nie. Op grond hiervan was die navorser geïntereseerd in die waarde wat die respondente daaraan om te behoort aan 'n groep. Hul antwoorde is vervat in figuur 5.22.




**N = 11**

**Figuur 5.22: Belangrikheid om te behoort aan 'n groep**

Vier respondente voel dat dit belangrik is om aan 'n groep te behoort binne die gevangenis, drie respondente voel dit is ook belangrik in die gemeenskap. Sewe respondente voel egter dat dit minder belangrik is om aan 'n groep te behoort binne die gevangenis en agt voel dat dit nie belangrik is in die gemeenskap nie.

Die rede vir die klein hoeveelheid bendebetrokkenheid kan verduidelik word aan die hand van hul ontwikkelings fase. Om te behoort aan 'n groep is baie belangrik vir persone in die vroeë adolessensie lewensfase. Die meeste van die respondente het egter al verby hierdie fase beweeg en is tans in die laat adolessense fase (Coleman et al., in Louw, 1992:438; Goldenteyer, 1994:22)). 'n Verdere rede vir hierdie lae hoeveelheid respondente wat aan bendes behoort is die hoë mate van ondersteuning wat die respondente van hul families ontvang. Dit is ook die rede waarom daar wel 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



verskuiwing (hoe klein ook al) merkbaar is tussen die belangrikheid om aan 'n groep te behoort in die gevangenis en in die gemeenskap.

Dit is makliker vir 'n persoon om deel te word van 'n groep indien hy konformeer met die waardes, gewoontes en belangstellings van die betrokke groep (Thom, 1992:441). Daar is vir die respondente gevra of dit verwag word binne die gevangenisgroepe om in waardes, gewoontes en belangstellings te deel as vereiste vir lidmaatskap aan die groep en die hoeveelheid seggenskap wat die lede het in die optredes en doen en late van die groep. Daar is ook vir die respondente gevra om aan te dui of hulle die optredes van die leier sal bevraagteken. Hul antwoorde word onderskeidelik weergegee in figuur 5.23 en figuur 5.24.




**N = 11**

**Figuur 5.23: Vereistes vir lidmaatskap aan 'n groep en mate van seggenskep**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.24: Bevraagtekening van die leier se optredes**

Sewe van die elf respondente (63,6%) meld dat dit wel nodig is om in die gedrag, waardes en belangstellings van die groep te deel. Slegs vier van die respondente (36.4%) meen dat dit nie die geval is nie. Thom (1992:441) se stelling word dus ondersteun in die verband. Daar is gemengde reaksie oor die hoeveelheid seggenskap wat die lede het oor wat die groep doen. Vyf respondente meld dat die lede al die sê het en een respondent meen dat die lede 'n groot hoeveelheid sê het. Vyf van die respondente meld egter dat die lede van 'n groep min tot geen sê het nie. Die respondente se antwoorde met betrekking tot die bevraagtekening van die leier se optredes het ook verdeelde reaksies ontlok. Vyf respondente meen dat lede wel die leier se optredes bevraagteken en ses van die elf respondente noem dat dit nie die geval is nie. 'n Rede vir die verdeelde reaksies met betrekking tot die hoeveelheid seggenskep van lede oor die optredes van die groep en bevraagtekening van die leier se opterdes kan wees die betrokkenheid by verskeie tipes groepe, met verskillende reëls en gebruike asook persone se verskillende status in die groepe binne die gevangenis. Die implikasie wat dit inhou dat die lede van die groep geen sê het in die optredes van die groep nie kan die ontwikkeling van die jeugdige strem, aangesien lede nie vir hulself kan uitklaar wie hy self is nie en gevolglik kan identiteitsintegrasie gestrem word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ten einde te bepaal of die sosiale strukture, soos deur Poski (verwys na in Kratcoski & Kratcoski, 1990:312) geidentifiseer, wel te vinde is by die respondente en te bepaal tot watter van hierdie groepe die respondente behoort, is die verskillende sosiale strukture beskryf. Daar is vir die respondente gevra tot watter van hierdie groepe (indien enige) hul behoort. Die inligting word uitgebeeld in tabel 5.13.

**Tabel 5.13: Sosiale strukture binne die gevangenis**

| | |
|---|---|
| **Een van die sterkste groepe wie baie mag het oor mede gevangenes** | **3 (27,3%)** |
| **Die groep wie goed is in sport en gewild is onder die meisies** | **2 (18,2%)** |
| **Die stil groep wat vir hulself hou** | **3 (27,3%)** |
| **Die groep wat daarvan hou om ander te kul. Hulle neem dit egter baie ernstig op as ander oor hulle praat.** | **0 (0,0%)** |
| **Die groep wat mishandel en uitgebeit word deur ander** | **3 (27,3%)** |

**N = 11**

Drie van die respondente het aangedui dat hul aan die "Toughs" behoort. Twee van die respondente meen dat die Lokvinke hul groep die beste beskryf. Drie van die elf respondente dui aan dat hulle onder die Stil tipe geval het. Drie van die respondente voel dat hulle Sondebok status beklee het tedens hul setting. Nie een respondent het aangedui dat hulle aan die "Bushboys" behoort het nie.

Ten einde vas te stel of die strukture 'n invloed het op maatskaplike werk dienslewering, is daar vir die respondente gevra of hulle voel dat die medegevangenes die programme kan beïnvloed. Hul antwoorde word uitgebeeld in figuur 5.25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.25: Invloed van sosiale strukture op maatskaplike werk dienslewering**

Vanuit die gegewens kom dit aan die lig dat meer as helfte van die respondente (bykans 55%) voel dat die instellings wel 'n invloed kan hê op maatskaplike werk dienslewering. Vyf van die respondente meen egter dat dit in hulle ervaring nie die geval is nie. Belangrik om in hierdie verband te meld is dat drie van hierdie respondente wie gemeld het dat die sosiale strukture geen impak het op maatskaplike werk programme het nie, in die vorige vraag gemeld het dat hulle aan die "toughs" behoort. Hulle mag dalk nie bewus wees van die hoeveelheid mag wat hulle het oor persone wat 'n laer status beklee, soos die sondebokke, nie.

### 5.3.3.5 Geweld en aggressie

Navorsing oor geweld en aggressie binne geslote instellings skryf die redes hiervoor toe aan die deprevasie perspektief of die kulturele perspektief (Kratcoski & Kratcoski, 1990:310). Die respondente is gevra om hul mening te gee oor die redes vir die groot hoeveelheid geweld en aggressie binne die gevangenis. Hulle kon een of beide denkskole ondersteun in hierdie verband. Hul menings word uitgebeeld in figuur 5.26.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






**N = 11**

**Figuur 5.26: Rede vir die hoeveelheid aggressie binne die gevangenis**

Vanuit die respondente se antwoorde kom dit dus na vore dat daar groter ondersteuning is vir die deprevasie perspektief as oorsaak van geweld en aggressie binne die gevangenisse. Hierdie bevindinge steun dus Kratcoski en Kratcoski (1990:310) se bevinding dat geweld en aggressie deel is van die kultuur waarbinne jeugdiges gesosialiseer word met toetrede in die gevangenis. Nege respondente skryf die rede vir die aggressie en geweld toe aan die toestande in die gevangenis. Een respondent ondersteun die kulturele perspektief en voel dus dat dit te doen het met die persoon se opvoeding. Een respondent heg dieselfde waarde aan beide teorieë.

In respons tot die vorige vraag is daar vir die respondente gevra of aggressie en geweld nodig is binne die gevangenis om hulself en hul besittings te beskerm. Vyf van die respondente meen dat dit is, teenoor ses respondente wat voel dat dit nie nodig is nie. Daar kan dus die afleiding gemaak word dat dit nie in alle gevalle nodig is om van aggressie en geweld gebruik te maak vir oorlewing nie, maar bloot deel van die gevangeniskultuur is waar binne die jeugdiges gesosialiseer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 5.3.3.6 Middelmisbruik

'n Sekere mate van middelmisbruik word as normaal beskou in die gevangenis as deel van die gevangenissubkultuur (O'Conner in Fourie, 1997:73). Die respondente se patrone van middelmisbriuk word in die volgende figuur uitgebeeld. Daar is vir die respondente gevra om aan te dui watter middels hulle voor, tydens en na hul gevangenissetting gebruik het.




**N = 11**

**Figuur 5.27: Middelmisbriuk onder die respondente**

Soos uit figuur 5.27 blyk, is die middel wat deurgaans die meeste benut is, sigarette. Nege van die respondente meld dat hulle dit voor die gevangenissetting benut het, agt respondente het dit deur die loop van hul straf benut en slegs ses respondente meld dat hulle dit steeds benut. Drie respondente het alkohol gebruik voor hul setting, maar geen respondent het sederdien weer gebruik nie. Vier respondente het dagga voor hul opname in die gevangenis gebruik, een het tydens sy setting gebruik en twee respondente erken dat hulle dagga gerook het na vrylating. Drie respondente het mandrax misbruik voor opname in die gevangenis, slegs een erken die misbruik van hierdie middel tydens sy setting, maar geen respondente erken die misbruik van hierdie middel na vrylating nie. Die navorser vermoed dat die respondente nie eerlik in hierdie opsig was nie, aangesien die bevindinge so teenstrydig is met Fourie (1997:71) se bevindinge uit hul studie by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



dieselfde gevangenis. Hul bevindinge meld dat middelmisbruik die sterkste is tydens die ontwikkelingsfases waarin die respondente tans is. 78% van hul respondente het verskeie sterk middels gebruik tydens hul setting, waaronder dagga en mandrax die populêrste was. Die respondente se moontlike onwilligheid om hierdie vraag eerlik te beantwoord kan verband hou met die feit dat die maatskaplike werker deur wie die onderhoude gevoer is, die fasiliteerder is van hul nasorg program. Die respondente se redes vir hul gebruik van die middels word in tabel 5.14 weergegee.

**Tabel 5.14: Redes vir middelmisbriuk**

| | |
|---|---|
| **Uit frustrasie** | **2** |
| **Om depressie te hanteer** | **1** |
| **Om beter te dink** | **1** |
| **Om stres te hanteer** | **2** |
| **Invloed van mede gevangenes** | **2** |
| **Weens verslawing** | **1** |
| **Om te kalmeer** | **3** |

**N = 11**

Die redes wat die respondente toevoer vir die misbruik van dwelms is redelik verskillend. Wat egter die meeste na vore kom is die misbruik van dwelms ten einde te kalmeer. Drie van die respondente (27,3%) het hierdie rede aangevoer. Belangrik om in hierdie verband uit te wys is dat al die redes wat toegevoer is 'n tekort aan die nodige hanteringsvaardighede impliseer.

### 5.3.3.7 Gevolge van gevangenisstraf

Die proses van sosialisering impliseer verandering (Popenoe, 1995:64). 'n Persoon is ook nie staties nie, daarom kan daar met sekerheid gesê word dat daar wel 'n mate van verandering in die jeugdige binne die gevangenis plaasvind, hoe min ookal. Die verandering veroorsaak dat dit vir die jeugdige moeilik is om weer aan te pas na vrylating

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



uit die gevangenis. Die hoeveelheid jeugdiges wat voel dat hulle verander het en of hulle die aanpassing in die gemeenskap gevolglik moeilik vind word in figuur 5.27 weergegee.




**N = 11**

**Figuur 5.28: Gevolge van gevangenisstraf**

Agt (72,7%) van die elf respondente het aangedui dat hulle verander het in die gevangenis. Verandering verwys egter ook na onder andere positiewe of negatiewe groei in terme van ontwikkeling. Dus is 'n persoon nie altyd bewus van die subtiele veranderings nie. Die agt persone wat wel aangedui het dat hulle verander het in die gevangenis het hoofsaaklik positiewe veranderings gemeld, soos verhoogde probleemoplossings vermoë. Dit is ook hierdie agt respondente wet gemeld het dat hulle dit moeilik vind om in die gemeenskap aan te pas. Daar kan dus afgelei word dat die gemeenskap, insluitend vriendekringe nie die verandering ondersteun nie. Sewe van hierdie respondente het egter toegevoer dat familie ondersteuning hierdie aanpassing vergemaklik. Die resultaat kan toegeskryf word aan een van die uitgangspunte van die ekologiese benadering (Germain & Gitterman, 1996), wat meen dat 'n persoon nie uit sy omgewing geneem kan word, hulpverlening toepas en hom dan terugplaas in dieselfde onverandere omgewing nie. Die negatiewe omgewingsinvloede gaan steeds teenwoordig wees. In hierdie verband het die navorser ook vir die respondente gevra wat gedoen kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



word om die aanpassing in beide die gevangenis en die gemeenskap te vergemaklik. Hul bydraes word weergegee in tabel 5.15.

**Tabel 5.15: Verbeterde aanpassing**

| **Tydens gevangenissetting** | | **Na vrylating** | |
|---|---|---|---|
| **Verwyder dwelms** | **2** | **Konstruktiewe vryetydsbesteding** | **9** |
| **Meer werksopleiding** | **7** | **Werksvoorsiening** | **11** |
| **Konstruktiewe vryetydsbesteding** | **10** | | |

**N = 11**

Vanuit die gegewens kom dit dus na vore dat die respondente 'n werklike behoefte toon aan vryetydsbesteding. Dit bevestig dus Ferrara (1992:16) se melding dat adolessente oor groot hoeveelhede energie beskik, maar nie oor die vaardigheid beskik om die energie konstruktief aan te wend nie. Werkloosheid is ook vir die respondente aangedui as 'n groot struikelblok tot herintegrering in die gemeenskap. Al die respondente meen dat werksvoorsiening hierdie aanpassing sal vergemaklik. Van Staden (1998:224) se bevinding van 'n gevoel van onsekerheid en onstabiliteit ten opsigte van werk word dus bevestig.

## 5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die empiriese ondersoek gemotiveer, verduidelik, ontleed en geïnterpreteer. Eerstens is daar aandag geskenk aan die identifiserende besonderhede van die respondente ten einde moontlike tendense te interpreteer. Tweedens is daar op die profiel van die jeugdige gefokus. In hierdie afdeling is daar gekyk na die huidige ontwikkelingsvlak van die respondente en karaktereienskappe waaroor hy beskik. Laastens is daar op die impak van die gevangenisomgewing gefokus. Hierdie bespreking het die respondent se aanpassing in die gevangenisomgewing ontleed, sosiale strukture

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



bepaal, die teenwoordigeid en redes van geweld, aggressie en middelmisbruik geidentifiseer en daar is ook gekyk na die gevolge van gevangenisstraf.

Uit die bevindinge blyk dit dat kennis met betrekking tot die jeugdige in die gevangenis nodig is ten einde intervensiestrategieë te rig op die unieke behoeftes van die betrokke kliëntsisteem. In die volgende hoofstuk word die bevindinge en gevolgtrekkings van hierdie ondersoek, asook die feite uit die literatuur, oorweeg. Na aanleiding hiervan word die aanbevelings gedoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK SES

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Die doel van die studie is om riglyne vir 'n intervensieprogram gerig op die jeugoortreder in die gevangenis daar te stel. Hierdie doel is bereik, aangesien die jeugoortreder en die gevangenisomgewing, die invloed van die omgewing op die ontwikkeling van die jeugdige en ook die hantering daarvan deur middel van die literatuur en empiriese ondersoek bepaal, verken en beskryf is. Gevolgtrekkings word vervolgens gemaak, wat as grondslag dien vir aanbevelings oor hoe om intervensieprogramme te ontwikkel vir die jeugoortreder in die gevangenis.

## 6.2 GEVOLGTREKKINGS

Gebasseer op die bevindinge uit persoonlike onderhoude en gegrond op literatuur word die volgende gevolgtrekkings gemaak ten opsigte van die jeugmisdadiger in die gevangenis. Die gevolgtrekkings sal fokus op die identifiserende besonderhede, die persoon, die impak van die gevangenisomgewing en ten slotte sal daar ook verwys word na die gevolge van gevangenisstraf.

### 6.2.1 Identifiserende Besonderhede

Al die respondente was manlike jeugdiges in die afgelope ses maande vrygelaat uit die gevangenis. Hul huidige ouderdomsverspreiding het gewissel tussen 17 en 20 jaar. Hul ouderdomme in die aanvang van hul gevangenissettings het gewissel tussen 13 en 18 jaar. Die ouderdomsverspreiding van die respondente was goed verteenwoordigend van die algemene jeugdige in die gevangenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 6.2.2 Die persoon

Daar sal vervolgens gevolgtrekkings gemaak word oor die jeugmisdadiger in terme van ontwikkeling en karaktertrekke inherent aan hierdie kliëntsisteem.

#### *6.2.2.1 Ontwikkeling*

Vanuit die inligting verkry deur die onderhoude kom dit na vore dat die jeugdiges met aankoms in die gevangenis hoofsaaklik aan die einde van die vroëe adolessensie ontwikkelingsfase is. Teen die einde van hierdie ontwikkelingsfase moet die jeugdige sy identiteitsontwikkeling afgehandel het. Binne die gevangenis kry jeugdiges egter nie die geleentheid om 'n verskeidenheid rolle te vertolk nie. Die rol wat hoofsaaklik vertolk word is die rol van die gevangene. Gevolglik is dit moeilik om die verskillende rolle in 'n enkele konstante identiteit te integreer. In stede van die afhandeling van hierdie taak word daar egter aanbeweeg na die laat adolessensie en vroeë volwasse ontwikkelingsfase sonder die suksesvolle afhandeling van die vorige fase. Aangesien die vorige ontwikkelingsfase nie suksesvol afgehandel is nie, sal dit 'n impak hê op die afhandeling van daaropvolgende ontwikkelingsfases en gevolglik word die ontwikkelingsproses daardeur gestrem. 'n Jeugdige wat 'n gevangenissetting uitgedien het loop dus die gevaar om 'n wanaangepaste individu te word.

#### *6.2.2.2 Karaktereienskappe*

Dit het in die ondersoek na vore gekom dat jeugmisdadiger wel oor sekere karaktereienskappe beskik wat hom onderskei van die wetsgehoorsame jeugdige. Hierdie karaktereienskappe bring disfunksionele maatskaplike funksionering mee. Hierdie karaktereienskappe moet verstaan en beïnvloed word sodat die jeugdige die geleentheid het om 'n wel aangepaste individu te word.

Die respondente beskik oor gefragmenteerde selfkonsepte en inkongruente selfsienings. Hulle is egter nie bewus van hierdie fragmantasie nie. Daar is bevind dat hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



selfkonsepte in die meeste gevalle positief is, maar dat hierdie positiewe selfkonsepte verband hou met ego beskerming en valse trots wat beduidend is van 'n onrealistiese selfsiening. Gevolglik vind die jeugmisdadigers dit moeilik om eksterne druk, stres en frustrasie te hanteer weens die tekort aan persoonlikheidsintegrasie en innerlike kragte. Daar kom ook spanning, dissonansie, ongemak en inkongruensie voor tussen hoe die jeugdige homself sien en hoe hy dink ander hom sien.

Respondente het 'n sterk behoefte aan besluitneming openbaar. Hierdie behoefte aan selfdireksie is normaal vir hul betrokke ontwikkelingsfase. Die tekort aan geleenthede vir besluitneming in die gevangenis, die sogenaamde verliesimplikasie, veroorsaak egter frustrasie by die jeugdiges. Hierdie frustrasie gee aanleiding dat die jeugoortreder rebelleer teen kontrole en beheer deur die volwasse wêreld en sal dus ook 'n negatiewe impak hê op maatskaplike werk hulpverlening.

Magspel, eenrigtingkommunikasie, energie, valse trots en ontheffing is geïdentifiseer as vermoëns waaroor die jeugoortreders beskik. Dit is dié karaktereienskappe wat die jeugdigmisdadigers in staat stel om ander mense te misbriuk. Daar is ook sekere tekorte in sosiale gedrag en persoonlikheid geïdentifiseer, naamlik gebrekkige verantwoordelikheid en onontwikkelde kognitiewe vermoëns, wat die jeugmisdadiger in staat stel om verantwoordelikheid te ontduik. Die teenwoordigheid van hierdie karaktertrekke verhoed funksionele ontwikkeling en sal 'n negatiewe invloed hê op die hulpverleningsproses.

Onontwikkelde selfhandhawings vermoëns hou verband met eenrigtingkommunikasie en veroorsaak dat die jeugdige selde verhoudings inisiëer. Na vrylating impliseer dit dat die jeugdige eerder weer by ou vriendekringe inskakel as om nuwe verhoudings op te bou. Dit tesame met die hoë waarde wat hulle heg aan portuurgroepe kan problematies wees, veral met verwysing na die bereidwilligheid tot heroortreding.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 6.2.3 Impak van die gevangenisomgewing

Die impak van die gevangenisomgewing sal vervolgens bespreek word na aanleiding van die jeugdige se verwydering uit sy tuiste, sy aanpassing in die gevangenisomgewing en die impak van die sosiokultureleomgewing met spesifieke verwysing na middelmisbruik en geweld en aggressie.

*6.2.3.1 Verwydering uit tuiste*

Daar is 'n hoë graad van verlange na huis toe aangedui. Hierdie verlange huis toe veroorsaak 'n verskeidenheid psigososiale gevolge vir die individu en sluit onder meer depressie, kognitiewe gebrek en verhoogde stres vlakke in. Die verwydering van die gesin hou ook baie negatiewe gevolge in vir die funksionele ontwikkeling van die jeugdige. Alhoewel die meerderheid respondente tevredenheid aangedui het oor die mate van ondersteuning wat hulle ontvang van hul families, word hierdie tevredenheid hoofsaaklik gegrond op materiële ondersteuning wat nie voldoende is vir optimale ontwikkeling nie. Dit het ook na vore gekom dat in sekere gevalle die ouer-kind verhouding verbrokkel tydens die jeugdige se gevangenissetting. Vanuit die ondersoek kan daar ook tot die gevolgtrekking gekom word dat daar nie genoeg pogings aangewend word deur maatskaplike werkers, werksaam in die gevangenis, om die familieverhoudinge te versterk nie.

Die druk vanuit die omgewing word egter deur die jeugdiges aangedui as selfs meer negatief as die verwydering uit hul tuiste. Die gevangenisomgewing bied nie die nodige kompensasie vir die verwydering uit die tuiste nie, maar stel eerder meer eise aan die jeugdige wat die aanpassing verder bemoeilik. Die aanpassing veroorsaak sekere somatiese gevolge waarvan depressie, irritasie en hartseer die mees algemeenste waargeneem is. Gebrekkige ouer-kind verhoudinge in die adolessensie ontwikkelingsfase, tesame met die ongunstige omgewingsfaktore van die gevangenisomgewing, kan aanleiding gee tot wanaanpassing en afwykende gedrag in die jeugdige.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*6.2.3.2 Aanpassing in die gevangenis*

Daar is 'n u-kurwe van sosialisering waargeneem in die ondersoek. Dit impliseer dat die mate van sosialisering die hoogste is in die middelfase van die aanhoudingsperiode.

Die jeugoortreders in die gevangenis hanteer hul aanpassing op verskillende maniere, en hierdie verskillende aanpassingswyses kan in kategorieë verdeel word. Die kategorieë wat die mees algemeenste voorgekom het is konformeerders, rebelle en terugtrekkers.

*6.2.3.3 Impak van die sosiokulturele omgewing*

Om aan 'n groep te behoort is vir die respondente nie so belangrik geag nie. Meeste van die respondente ontvang egter ondersteuning van hul families. 'n Tendens wat wel waargeneem is, is dat dit belangriker is om aan 'n groep te behoort binne die gevangenisomgewing as buite in die gemeenskap, en die rede hiervoor is omdat die jeugdiges van hul families geskei is tydens hul gevangenissetting. Met die nodige familie-ondersteuning word bendebetrokkenheid dus minder aanloklik.

Om aan 'n groep te behoort is dit nodig om te konformeer met die reëls en gebruike van die groep. Die sosiale groepe wat in die ondersoek na vore gekom het is die "toughs", lokvinke, stil tipe en die sondebokke. Binne die gevangenis kan hierdie sosiale strukture 'n invloed hê op maatskaplike werk dienslewering. Vanuit die literatuur kan daar afgelei word dat die persone wat waarskynlik die meeste inpak gaan hê die lede die "toughs" sal wees aangesien hulle die meeste mag het oor mede gevangenes.

*(a) Middelmisbruik*

Die redes wat die respondente toevoer vir die misbruik van middels in die gevangenis impliseer 'n groot tekort aan die nodige hanteringsvaardighede met verwysing na die genoemde probleme. Hulle konnekteer baie positiewe gevolge aan middelmisbruik wat sal veroorsaak dat hulle weerstand toon teen die staking van hierdie gewoonte asook die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



aanleer van die nodige hanteringsvaardighede. Die middelmisbruik kan dus negatief impakteer op hul ontwikkeling.

*(b) Geweld en aggressie*

Geweld en aggressie is in 'n groot mate teenwoordig in die gevangenisomgewing. Daar is groter ondersteuning vir die deprevasie perspektief as oorsaak van geweld en aggressie binne die gevangenis as vir die kulturele perspektief. Die omgewing herbevestig dus die benutting van geweld as die oplossing van probleme eerder as die afleer daarvan.

### 6.2.4 Gevolge van gevangenisstraf

Vrylating uit die gevangenis impliseer weer 'n groot aanpassing in die vrygelate jeugdige se lewe. Die tekort aan konstruktiewe vryetydsbesteding en veral die tekort aan werksgeleenthede is vir die jeugdiges die grootste struikelblok om te oorkom. Ondersteuning van die familie vergemaklik egter die aanpassing, maar in sommige gevalle word die jeugdige verwerp deur sy familie na vrylating.

## 6.3 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die empiriese ondersoek en die gevolgtrekkings wat daaruit vloei, maak die navorser die volgende aanbevelings ten opsigte hulpverlening aan die jeugdige in die gevangenis.

### 6.3.1 Tydsberekening

